# TRUTH AND RECONCILIATION COMMISSION

# 12 FEBRUARY 1997

## INVESTIGATIVE INQUIRY
## WILHELM RIAAN BELLINGAN

**ADV NTSEBEZA:**

This is a Section 29 Investigative Inquiry, and the person who has been subpoenaed to appear is Captain Bellingan who is here with his legal representative. Will you place yourself on record Mr Brits.

**MR BRITS:**

As the Committee pleases, my name is Willem Brits, I am from attorneys Strydom, Brits in Pretoria and I am acting on behalf of Captain Bellingan today.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV NTSEBEZA:**

Very well - before we proceed, there are just a few ground rules, a few announcements that I want to make. The first one is that we proceed on the assumption that the subpoena was served on you and that you are here because you responding to that subpoena.

And we proceed also on the basis that you are aware that you are entitled to legal representation which is why therefore you have your legal representative with you. I may just indicate that I have been told that Zenzile Khoisan will lead the questioning of Captain Bellingan who will be sworn in, in other words Captain Bellingan will be sworn in, - so that whatever he says will be on record as sworn testimony.

You - there will be lunch that will be served between the hours 12:30 and 1:30 pm and tea has been arranged for 3:30 this afternoon. I

will be chairing this particular session, and my colleague, Commissioner advocate Denzil Potgieter will be assisting me in the panel and he will obviously like all panellist, also raise such questions as are going to be necessary to clarify whatever aspect of the evidence or answers that may need some clarification during the course of Captain Bellingan responding to enquiries, either from me or from advocate Potgieter, or from Zenzile Khoisan, who is a member of the Investigative Team.

Obviously because your legal representative is here, he will look after your interest, but the testimony is going to be yours and not his and obviously he will if he feels that questions that are being put to you are unfair, raise such objections as - in his considered opinion are necessary to raise. It has been brought to my attention that you need a copy of a statement which formed part and parcel of inquest proceedings relevant to the Guguletu 7 saga.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

This is in the interest of your having to refresh your memory. We have no objection and in fact a copy of your statement which purports to have been deposed to on the 26th of March 1986 had been made available to me and this statement will be made available to you, so that can refresh your memory.

My attention has also been drawn to the fact that you need to have a view of the map that we are using, or the plan of the area involved. We have not been conducting the proceedings on the basis of a plan that was made by the police, we have, however, used the plan which our own investigation team has compiled after having been to the scene, and in the hearings that took place last year, where certain witnesses were involved in the saga testified, that plan was generally accepted as a fair reflection of the area, and the depositions that we made with regard to where the cars were, where the bodies were, etcetera, etcetera.

That plan is here, in fact I think it will be displayed for the duration of our inquiry today so that you should be able to see the representations that are made and - so that you can follow from there - from there. So that also you can access in the sense in which I have indicated.

I may just conclude by saying these proceedings are **in camera** in other words they are held privately because the Act prescribes that they should be held privately. That information that is being gleaned from these proceedings, shall not be made public until and unless the Commission has so decided to do.

Further we - I need merely to say that you should respond to questions as truthfully and as honestly and as clearly as you can in the circumstances given that we will be trying to recall events that took place about ten years ago. But all endeavours will be made that this Investigative Inquiry, even though it is an investigation, should be carried on as fairly as possible.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

That said, I don't know if your legal representative want to say anything at this stage by way of opening remarks?

**MR BRITS:**

Thank you Mr Chairman we will accept the plan as - as is for purposes of giving the evidence - it is going to be easier for us to lead the evidence or answer questions if we can use that - even that plan although we can't verify the origins of that.

The second thing is if I may just place on record Captain Bellingan are busy drawing up an application for amnesty for numerous incidents where he was involved during his time at the Security Police. So if the questioning today could only by in respect of the facts of the Guguletu 7 and not so - so more to the political motivation behind that, because that - everything is going to be included in his amnesty application.

So if I may ask that not his opinion only the facts if we can testify only about the facts to clarify you or to help you as the Investigating Unit to substantiate exactly what happened there that day and not the motivations on why he thought that and why he thought a specific incident was necessary. That is all going to be disclosed in his political motivation when and if we apply for amnesty - for his difference incidents where he was involved.

**ADV NTSEBEZA**:

Well I hear you and I note your - your submission in that regard. I am not in a position to make a ruling now, but I will take into account that, and as and when it arises I think - for all practical purposes we will confine ourselves to the condense of
what is in the subpoena, because that's what you have prepared to deal with today. We have also noted that there is an amnesty application coming with regard to some of the other activities during the career of Captain Bellingan.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

I think without further ado, we now are ready to swear Captain Bellingan in and I'll ask advocate Potgieter to do that.

**MR BRITS**:

Sorry Mr Chairman if possible can I ask for a very short postponement just to refresh his memory in respect of those - that statement and to go through him - the incident on the map if possible now for a very short period of time - just now before we start with - with his evidence.

**ADV NTSEBEZA**:

Do you have any objection Mr Khoisan?

**MR KHOISAN:**

No we have no objection to Captain Bellingan refreshing his memory.

**ADV NTSEBEZA**:

The proceedings then will be adjourned for twenty minutes.

**MEETING IS ADJOURNED** **ON RESUMPTION**

**ADV NTSEBEZA:**

Can we have some order - we are about to start. Now I have been waiting for advocate Potgieter, I - is it not possible for somebody to - if you could indicate to him that we are waiting for him.

We are now starting - resumption after the short adjournment - I take it Mr Brits you have had occasion to consult both the map and the statement.

**MR BRITS:**

That's correct Mr Chairman we - I've given you copies and each of the members of the Committee here of notes as drawn up by Captain Bellingan just to refresh his memory. You'll note that this is not an affidavit or a statement and as such not evidence, it's just for your easy reference, so the evidence that he is going to give, is the evidence, the oral evidence he is going to give now.

**ADV NTSEBEZA:**

Very well, so this is not a proposed - it is not being proposed that this will be read into the record as such - it is something that he will assist himself with.

**MR BRITS:**

That's correct he is going to use this as a base, so most of it is going to be read into the record, but if it pleases you I am going to stop him at certain stages and ask him questions about what - what his notes says specifically. So he is going to read this in, or some of this in, or most of it - in - as evidence, but it should be constitute then as oral evidence and not the documentation that I have given to you.

**ADV NTSEBEZA**:

Well I would prefer procedure in terms of each - if he is going to do that, he must read whatever he wants to read into the record, give an opportunity to the investigators to ask whatever questions they need to ask him on the entire thing and that you would then have a right to further clarify things which you think have not been asked in a manner in which you would have asked them had you had the right of first instance.

**MR BRITS**:

That's correct Mr Chairman, just that when he starts to read this in, at some stage I - and that's my request I want to stop him and say, Captain just clarify to us what exactly was Vlakplaas for instance, for example what was Vlakplaas doing or why was Vlakplaas the C1-Unit involved in Cape Town at that time, because that's not clearly stated in this notes of his. That is just to lead the evidence for you as Commissioner and as soon as I've asked him that question and there is more things that the Committee wants to clarify these questions can be asked if it pleases you I prefer to do it that way.

**ADV NTSEBEZA**:

Anyway let's see how it goes and I think right now we should have him sworn in - advocate Potgieter.

**ADV POTGIETER**:

Thank you Chairperson.

Kaptein sal jy asseblief staan, kan u, u volle name gee vir die rekord asseblief.

**WILHELM RIAAN BELLINGAN** Verklaar onder eed

**ADV POTGIETER**:

Baie dankie u kan sit. Thank you Chairperson.

**ADV NTSEBEZA**:

Can you then go ahead Mr Bellingan.

**MNR BELLINGAN**:

Dankie mnr die Voorsitter. Gedurende 1986 Januarie/Februarie in daai omgewing was ek 'n Sersant in die diens van die Suid-Afrikaanse Polisie en ek was gestasioneer te Eenheid C-1, Veiligheidshoofkantoor, Pretoria.

Nou om net vir u 'n bietjie agtergrond ook te gee, Eenheid C-1, Veiligheidshoofkantoor, was dan die operasionele eenheid van die sogenaamde in daardie tyd, die bekamping van Terrorisme-eenheid wat vanaf Hoofkantoor gewerk het. Ons het dan - in die land sou ons ontplooi gewees het saam met die voormalige lede van die ANC, en PAC om sodoende van hulle kamerade te identifiseer vir arrestasie doeleindes en dit - so net om vir u 'n agtergrond te gee wat is die - wat is C-1.

Ek is nie 100% seker van die dag en datum nie, maar dit was in Januarie of

Februarie 1986 het my Bevelvoerder daardie tyd, ek dink sy rang was 'n Majoor gewees, Kolonel Eugene de Kock wat nou later Bevelvoerder of tot die plaas nou toegemaak het, het hy my ingeroep, en aan my gemeld dat ek as 'n Sersant moet af gaan Kaap toe en bevel neem van 'n groep lede wat alreeds in die Kaap 'n geruime tydjie gewerk het, daar onder om - in die bekamping van Terrorisme.

En dat hy dink die lede weet nie waaroor dit gaan nie, want dit was nuwe lede

gewees en ek moet net gaan bevel vat daarso oor hulle en dit was 'n Sersant Coetzer, Konstabel Mbelo en Speurder-adjudant offisier Gladstone Mosè, ek moet ook net sê hy was later 'n Kaptein by ons gewees en hy is

oorlede aan 'n hartaanval. En twee Askari's ene Jimmy Mbane en Eric Maluleka.

Kolonel De Kock het ook aan my gemeld dat die twee Askari's alreeds bepaalde strukture van die ANC se MK-afdeling in die Wes-Kaap geïnfiltreer het en dat die Kaap was totaal onbeheerd gewees met onluste, petrolbom-aanvalle ensovoorts en dat Hoofkantoor gevoel het die Askari's moet af gaan met - in 'n spannetjie en daar gaan werk.

Dit was gewoonlik so gewees as daar 'n probleem in 'n area is, dan is die mense gevra kom af of gaan werk daar onder in die Kaap of waar ook al - of in die Vrystaat waar ook al, so jy is gestuur indien daar probleme was.

En dat Hoofkantoor het gevoel dat deur die Askari's die onderskeie groepe verder moes infiltreer om sodoende van hulle te elimineer later. As ek sê elimineer dan beteken dit die uitskakel van hulle, dit kan wees met arrestasie, dit kan enige denkbare metode wees.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BRITS**:

Kaptein kan ek net u stop daar, wanneer u as lede van Vlakplaas afgestuur is na 'n bepaalde tak - Veiligheidstak toe, onder wie se bevel was u daar, en onder wie se dissipline was u in daai tyd wat u afgegaan het.

**MNR BELLINGAN**:

Alhoewel ons nog steeds verbonde was aan Hoofkantoor, het ons dan die dissipline nagekom van daardie betrokke area so dan sou ons onder die Wes-Kaap die - ons het gewoonlik by the Teen Terrorisme-eenheid daar gaan rapporteer so jy kom nie net hier in en jy doen en maak net soos jy wil nie, jy was onder die dissipline van daardie senior offisier in bevel daar gewees.

**MNR BRITS**:

Toe u afgestuur is spesifiek nou met hierdie was u afgestuur om 'n spesifieke groep te gaan ondersoek of in die breë - die aktiwiteite van die vryheids bewegings te gaan ondersoek en te infiltreer. Was daar 'n spesifieke opdrag na 'n spesifieke insident toe, soos byvoorbeeld die Guguletu 7?

**MNR BELLINGAN:**

Mnr die Voorsitter dit was gewees ons moet, daar is terroriste, want waar gewoonlik in daardie tydperk waar daar geweld en onluste is en plekke brand en daar word petrolbomme gegooi, dan was daar Militêre opgeleide Vryheidsvegters van die buitekant af wat dan daar bedrywig is en dit was die taak, doel en funksie van - van Eenheid C se mense om daardie mense te gaan identifiseer, want dit het voorgekom as die Kaapse beriggewers nie op standaarde was of nie in staat was om dit eerder so te stel om daardie mense dan te identifiseer nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BRITS:**

Is ek reg as ek dan sê u - u word getaak om 'n gebied te gaan infiltreer, nie 'n spesifieke groep nie, wanneer u af gaan - afgekom het, het u nie net op een groep gewerk nie, u het in alle gebiede gewerk en inligting wat versamel is, kon u daar deurgee en infiltreer en so dienooreenkomstig optree.

**MNR BELLINGAN:**

Dis korrek mnr die Voorsitter.

**MNR BRITS:**

Okay dankie.

**MNR BELLINGAN:**

Mnr die Voorsitter - te Kaapstad het ek toe by die Veiligheidstak of the Veiligheidspolisie hier gerapporteer by ene Kaptein Liebenberg. Hy was in daardie stadium was hy die Bevelvoerder van die Terroriste Opsporings-eenheid. Ek het ook vir Kaptein Liebenberg meegedeel dat Kolonel De

Kock my afgestuur het en dat ons moet voortgaan met die operasies soos alreeds voor die tyd aan hulle bekend was.

Die twee Askari's het Kaptein Liebenberg en myself gerapporteer dat hulle kontak gemaak het met kitsopgeleide terroriste wat so ver my kennis strek, plaaslike opgelei was en dat hulle - hierdie groep verder moet gaan infiltreer te Kruispad.

Nou as ek sê kitsopgeleide terroriste dan kan dit wees dat hulle hier opgelei is, daar was inligting dat hulle wel in Lesotho vir drie weke was, Botswana en Angola, so dit is kitsopgeleide terroriste.

**MNR BRITS**:

Kan ek net vir u vra, waar het u hierdie inligting vandaan gekom dat hulle kitsopgeleide terroriste was?

**MNR BELLINGAN**:

Die Askari's - die twee lede het dit gerapporteer mnr die Voorsitter en Kaptein Liebenberg-hulle in die Kaap het wel ook oor inligting beskik dat hier sulke opgeleide mense is.

**MNR BRITS:**

Ek sien.

**MNR BELLINGAN**:

Gedurende hierdie tydperk wat ons in Kaapstad gaan werk het, het die twee blanke lede, dis nou ek en Sersant Coetzer en die swart lede, het ons met ons voertuie en toerusting by Koeberg gewoon. Ons het die Askari's laat infiltreer met die voertuig en gesorg dat hulle, hulle legende 100% reg was.

Dit wil sê as ek sê legende is, hulle moes hulle voor doen as ook mense wat van die buiteland af geïnfiltreer het om as u kan reg onthou daar was 'n Oorgrensoperasie in Lesotho gewees waar mnr Leon Meyer 'n Vryheidsvegter gedood is en dat hy het bepaalde strukture in die Wes-Kaap agtergelaat en nog opgeleide terroriste. So dit was die legende wat

aan my gegee is dat ek moet sê dat hierdie groep Askari's as hulle by plekke kom, moet hulle sê hulle kom van Lesotho af en hulle is daar om Leon Meyer se taak te kom oorneem.

**MNR BRITS**:
So is ek reg as ek sê legende is maar eintlik die ouens - die Askari's se alibi waarvandaan hulle kom en hoe hulle opereer?

**MNR BELLINGAN**:
Dis korrek mnr die Voorsitter. Hierdie Askari's het van tyd tot tyd aan ons gerapporteer dat hulle wel kontak gemaak het met sekere lede en ek kan nie meer die name onthou wat hulle - en hulle was klaar Militêr opgelei te Kruispad, KTC Plakkerkamp en Guguletu, 'n swart woongebied.

Die Askari's het ook aan ons gerapporteer dat hierdie persone beskik oor verskeie wapentuig, onder andere AK47-gewere, R4-gewere, pistole, .38 rewolwers, handgranate, alles wat hulle - hulle kon dit enige plek bekom, daar was tot op 'n stadium inligting dat hulle dit van polisiemanne roof, dat hulle dit van Weermaglede koop vir 'n sak dagga dan koop hulle R-5 met 'n paar magasyne en dit, so dit was die inligting in daardie stadium gewees. Hulle het ook aan ons genoem dat hierdie wapens word in trommels gehou te Kruispad en dat daar slegs in die nag, wanneer hulle parade staan, voor hulle nou gaan - die woongebied patrolleer en beskerm, dan word die wapens nou uitgedeel deur die so kan nou maar noem 'n groepleier van hierdie bepaalde groep.

En hoekom hulle nou moes gepatrollie stap het, en dit was nou om hulle kamerade te beskerm teen die Veiligheidsmagte, want hulle het geglo die Veiligheidsmagte het die vermoë om hulle te infiltreer en hulle moes voorkomend optree. Ons het elke keer - as ek sê ons, dan is dit nou my en Kaptein Liebenberg en - het die betrokke Askari's getaak om die presiese

ligging te bepaal sodat ons die nodige SAP-lede te kan gebruik soos die Onluste-eenheid om dan op die wapens te gaan beslag lê en arrestasies uit te voer.

Maar hehaalde kere het hierdie Askari's teruggeraporteer dat hierdie wapens op 'n plek gebêre word wat nie eens an hulle bekend is nie en somtyds in 'n kamer in Kruispad uitgehaal word en aan hulle getoon word. Hulle het ook vir ons gesê die mense vertrou hulle, maar hulle vertrou hulle ook nie, want hulle was nou gewoond aan sekere groepe om mee saam te werk.

**MNR BRITS**:

Kaptein kan ek net vir u vra, as daar op daai stadium die nodige inligting gekry is en dit wat die Askari's nie kon regkry nie, wat sou u optrede dan gewees het?

**MNR BELLINGAN**:

As ek die inligting gekry het, sou ek dit oorgegee het vir Kaapstad Veiligheidstak en hulle sou dan 'n optrede beplan het saam met die Onluste-eenheid om sodoende die wapens op beslag te lê en die mense te arresteer.

**MNR BRITS**:

Is ek reg as ek sê dan u hoofdoel eintlik as lede van C-1 Vlakplaas was dan om meer om inligting te versamel vir die bepaalde Veiligheidstak?

**MNR BELLINGAN**:

Dis korrek Edelagbare. Ons het by verskeie geleenthede, ek is daar by paragraaf 6 op die notas. Ons het by verskeie geleenthede vir die Askari's meegedeel dat hulle moet die ligging van sogenaamde kitsopgeleide terroriste bepaal sodat ons hulle kan arresteer en sonder sukses het die Askari's gerapporteer dat hulle geen vaste addresse het nie. Dat hulle een aand hier slaap en die volgende aand weer op 'n ander plek. Hulle het gedurig rond beweeg om ons sodoende van hulle spoor af te hou.

Met die infiltrasie te Kaapstad het ek baie nou met Kaptein Liebenberg geskakel en laat in Februarie 1986 het die twee Askari's een middag gerapporteer dat hierdie groep sogenaamde Vryheidsvegters wat uit 10 tot 17 persone mag bestaan, met verskeie wapentuig 'n polisiestasie wil aanval.

**MNR BRITS**:

Watter polisiestasie was dit?

**MNR BELLINGAN**:

As ek dit reg kon onthou mnr die Voorsitter was dit Guguletu of Manenberg polisiestasie, Manenberg was die Onluste-eenheid - en ek dink Guguletu was die polisiestasie, ek is nie 100% seker van die polisiestasie nie.

Daar was wel 'n adres aan ons gegee wat ook die adres was waar hulle moontlik as hulle nie die polisiestasie aanval nie, 'n polisiebussie in 'n hinderlaag wou lei. Ek het dit - ek dink dit was die Donderdagaand laat in Februarie, want die Maandag die 3de Maart was 'n Maandag gewees, so dit moes daai Donderdagaand voor dit gewees het - het die Askari's aan ons gerapporteer.

Hulle het ook aan ons gemeld dat hierdie aanval moontlik die daaropvolgende Maandagoggend, dit sal nou die 3de Maart 1986 sou plaasvind. Kaptein Liebenberg het bevel gevat en gereël dat die Onluste-eenheid en die Moord en Roof-eenhede en al die ander Spes Eenhede, as ek nou sê Spes Eenhede, sal dit nou wees ek ken nie al die mense van Kaapstad nie, maar Voertuigtak en Huisbraak-eenheid se lede ingelig word. Ons het so opgetree asof daar moontlik 'n hinderlaag dan sou plaasvind op daai hoeke in Guguletu. Ek dink dit is - as ek die kaart ook reg kyk is NY1 en NY111 mnr die Voorsitter.

Op die oggend van die 3de Maart 1986 het verskeie SAP lede bymekaar gekom. Die presiese plek is aan my onbekend, ek dink dit was

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

die Honde-eenheid in - wat is dit Wingfield as ek nou kan reg onthou waar ons bymekaar gekom het in Kaapstad. Daar het ons - is beplan deur Majoor Odendal wie ry in watter voertuig en wie doen watter taak.

Daar is 'n helikopter op bystand gesit, daar is ambulanse op bystand gesit, sodat indien so 'n hinderlaag moes afkom, en daar is lewensverliese, dit maak nie saak aan watter kant nie moet 'n mens voorkomend optree, want ek meen hier sit die polisie nou met die inligting. Verskeie uniform lede is ingelig om behulpsaam te wees. Ons het nie in daai stadium ook geweet hoe lyk die aanvallers nie, ek meen dit is nie soos in 'n operasionele area wat hy met 'n kamoefleur klere loop en met 'n rugsak en jy weet twee groepe loop in mekaar vas nie, so hulle was onbekend aan ons gewees.

Die oggend [tussenbeide]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BRITS:**

Kaptein kan ek net vir u vra, daar wie was in beheer van hierdie hele beplanning en wie - wie het dit gekoördineer met die rapport wat - die orde groep wat gehou is, wie was in beheer met die hele beplanning en wie sou oorhoofs toesien en bevel vat?

**MNR BELLINGAN:**

As ek kan reg onthou mnr die Voorsitter, dan moet dit Majoor Dolf Odendal wees van die Onluste-eenheid of Kaptein Liebenberg, ek is nie 100% nie, maar Majoor Dolf Odendal was die senior in rang daai tyd, ek dink hy was 'n Majoor daai tyd gewees.

Die oggend net na sewe van die 3de Maart was ons almal in die omgewing van Guguletu gewees, in die omgewing van daai hoek NY1 en NY111. Ons het die bussie met die sogenaamde passasiers waarin die Polisiepersoneel sou reis het ons sien verbykom [tussenbeide]

**MNR BRITS:**

Kan ons net hier vir u stop nou - Mr Chairman I don't know whether it will be - it will suit you that he can maybe explain on the map if he - because we start here with the - on the premises where there incident happened. So if he can say - explain to you on the map, we saw the - ons het die bussie gesien met die sogenaamde passasiers waarin die Polisiepersoneel sou kom - then he can explain to you on the map in which direction these - this police vehicle was going to travel.

**ADV NTSEBEZA:**

You can do so Mr Bellingan.

**MNR BELLINGAN:**

Mnr die Voorsitter as ek dit nou kan reg onthou dan sal noord nou - as ek nou die kaart kyk en ek vergewis my nog met die omgewing, dan sal noord nou die kant wees, en suid die kant en wes die kant en oos die kant. So die vermoedelike inligting was dat die hinderlaag sou nou hier, die polisie bussie sou nou hier oor die brug gekom het die personeel dan sou dit nou hier plaasgevind het in die omgewing.

En toe die bussie nou verby is Guguletu toe en daar het niks gebeur nie, toe het al die voertuie maar gery, maar [tussenbeide]

**MNR BRITS:**

Kan ek net vir u vra, wie was toe in die polisiebussie?

**MNR BELLINGAN:**

Ek dink daar was 'n Kolonel Paul Loock was in - of hy was 'n Kaptein daai tyd, was in - in die polisiebussie, die bestuurder, die ander lede weet ek nie, hulle het koeëlvaste baadjies opgehad - aangehad vir ingeval daar dan 'n hinderlaag, want ons kon nie die risiko loop sê nou maar net die operasie kom wel af en daar is 'n hinderlaag dan word daar vrouens en personeellede van die polisie dan gedood of beseer. So hulle was in die bussie gewees.

Toe het almal in die omgewing gery en ek het - op die radio, ek het miskien gesê en van die ander Offisiere of mansskappe het gesê kom ons ry maar net nog in die omgewing rond en ons het - ek was in 'n Datsun motor gewees, 'n Laurel, 'n gele, die bestuurder was 'n Sersant Grobler en die passasier voor links was Kaptein Charles Brazelle ek dink hy is vandag 'n Brigadier of 'n Direkteur hier by - in die SAP in Kaapstad.

Ons het toe van - sê van Guguletu moet nou omtrent hierso so lê mnr die Voorsitter het ons die kant toe gekom en hier het mense geloop, maar dit was halfagt - 7:30 in die oggend en dit was spitstyd het ons regs gedraai met die motor en toe ons hier rond kom omtrent, het ek een van die Askari's toe gesien en ek het uitgeklim en met hom gepraat. Ek was in siviele klere geklee, ek het 'n R1-geweer by my gehad met 'n - as ek die Engelse woord kan gebruik 'n **chest webbing** ek weet nie wat is die Afrikaans vir hom nie, het ek aangehad. En hy het [tussenbeide]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BRITS**:

Kan u net vir die Kommitee verduidelik hoekom was die Askari daar en waar pas hierdie Askari nou in.

**MNR BELLINGAN**:

As ons teruggaan na Donderdagaand se inligting toe, dan moet die Askari in die groep gewees het, maar hy kon nie kontak maak met ons nie. Al wat hy net vir my gesê het is Sersant pasop hulle is baie en hulle is in die omgewing. Ons het toe - ek dink as ek dit nie - ons sal by Moord-en-Roof dit moet hoor, daar was wapens in 'n kombers wat die Askari ook vir my gewys het wat hier rond agter 'n bos gelê het, wat hy vir my gesê het, Sersant ek het van die wapens hier gehou, want hier gaan 'n lelike skietery plaasvind as ek die wapens laat uit my hande uit gaan het.

En toe het ek vir hom gesê hy moet pad vat en hy moet my later **page** en hy moet net vir my - dat ons 'n tyd maak dat ons kan hoor wat is aan die gang, want ek meen ons is nou onder die indruk daar gebeur nou

niks nie. Toe klim ek in die motor en ons het gedraai en toe sien ons daar loop manspersone in die interseksie met redelike jasse en balaklavas wat oor die ore getrek is en toe stop ons met die Datsun voertuig, hy was omtrent - as dit die heining is, ek dink dit is nog 'n - hier was so 'n woonstel - nie woonstel nie, so 'n kantoorkompleks, is omtrent teen die sypaadjie.

Toe het ek net 'n ontploffing - ek het links agter gesit en Kaptein Brazelle was voor my gesit en Sersant Grobler het bestuur. Nou Kaptein Brazelle is ook 'n kort outjie gewees - of nog steeds - toe sê ek vir hom Charles kom ons klim uit, kom ons klim uit en toe ek hom so druk met die hand, toe hoor ek 'n ontploffing en 'n skietery [tussenbeide]

**MNR BRITS**:

Kan ek net vir u vra Kaptein, u sê u het vir hom gesê hy moet uitklim, maar u het nou net getuig want daar kan 'n misverstand wees, u het nou net getuig die Askari het vir u gesê nee hier gaan nou niks aan nie.

**MNR BELLINGAN**:

Ja hy het net gesê pasop hulle is in die omgewing, hy het nie gesê hier gaan niks aan nie, hy het net gesê pasop hulle is in die omgewing.

**MNR BRITS**:

Okay, u kan maar aangaan.

**MNR BELLINGAN**:

So toe het ons maar besluit dis die beste om op die - uit die voertuig uit te gaan, want jy is 'n - soos die Engelse woord sal sê **a sitting duck** as jy in jou voertuig bly. En daai oomblik toe is daar 'n ontploffing en 'n geskietery en ek het net gevoel - ek was in die posisie gewees dat ek uitklim en my R1 was - dankie Vader daarvoor was reg voor my gesig gewees, toe drie skote my tref, een op my magasyn, een op my bakaliet van die R1 daar waar jy vashou en al daai skrapnel, die derde een dink ek was op my **chest webbing** of in die dak vas, het in my linkeroog gespat.

Nou ek het geskrik en ek het gesien hy - alhoewel dit nou later agtergekom het dit was maar 'n ligte vleeswondjies was die - die vliese binne gesny, nou dit het baie gebloei en dit was - ek het geskrik - ek het gedog ek het my oog verloor. Ek het ook toe uitgeklim en ek het na iemand geskiet, ek weet - maar die R1 het nie afgegaan nie, want hy het gestoor - sy bakaliet sy - sy silinder was af geskiet gewees en ek het hom eenkant toe gegooi en ek het net gehoor iemand skree - daar is 'n [tussenbeide]

**MNR BRITS**:

Kan ek net gou vir u vra - verduidelik aan die hand van die kaart soos wat u kan onthou nou net dit wat u kan onthou, waar was u toe u nou uit die kar uitgeklim het en in watter rigting het u geskiet as u kan onthou en waar was die sogenaamde terroriste as u kan onthou toe u uitgeklim het, dit wat u kan onthou.

**MNR BELLINGAN**:

Ek het uit beweeg agter om die kar na die - sê na die bestuurder se kant toe en ek kan nie onthou na wie het ek geskiet nie, maar die geweer het nie wel afgegaan nie, want hy het gestoor en dit - en toe het ek hom eenkant toe gegooi en ek het gelukkig my dienspistool my Baretta ook by my gehad wat - ek het hom uitge - ek het gehoor iemand skree handgranaat en daar was 'n skietery by my, ek het later het ek gesien dat hier is 'n persoon dood geskiet wat 'n handgranaat probeer gooi het na ons.

Ek het toe na die interseksie toe gehardloop om - alles het so vinnig deur 'n mens gegaan dat jy - jy is bang vir gyselaarsdrama - dan word die publiek word doodgeskiet, want dit was net skietery aanmekaar - en ek het uit die hoek van my oog 'n persoon gesien wat iets na my gooi wat uit 'n bussie uitklim en ek het op hom geskiet - gevuur - afstand kan ek nie sê

of dit twee meter of drie meter of 'n meter was nie en ek het later verneem hy is dood.

En ek het op die radio probeer praat om die helikopter te ontbied om die paaie toe te maak en goed en 'n ambulans te kry, maar dit was totale chaos gewees so dit is my - as ek nou die kaart - die weergawe wat ek van die kaart kan onthou - die - ekskuus mnr die Voorsitter net die [onduidelik]

**MNR BRITS:**

Kaptein die - wat die posisionering van al die rigting waaruit geskiet is en die ander lede van die Veiligheidsmagte wat op daardie stadium daar was, kan u vir ons enigsins 'n aanduiding gee waar of hoe hulle was - dis soos tydens die gebeure nie na die toneel wat u kan onthou nie - tydens die gebeure kan u onthou wie het op wie geskiet en waarvandaan dit gekom het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN:**

Mnr die Voorsitter tydens daai gebeure kan ek feitlik niks onthou of bitter min onthou ek het later het ek nou maar gesien hier lê 'n persoon - daar het 'n ou gesê het hy geskiet, daar het dit en dit gebeur. Maar daai onmiddellike gedeelte is 'n [tussenbeide]

**MNR BRITS:**

Kan ons vir u vra wanneer het u die wit bussie wat daar is op die - wanneer het u hom die eerste keer gesien, en wat was u reaksie toe u hom gesien het.

**MNR BELLINGAN:**

Die eerste keer was toe ek gehoor het van hom was toe hulle vir my sê dat die skietery waarin ek gewond was, kom uit daardie sogenaamde wit bussie uit en toe ek nou omgaan, het ek 'n voertuig gesien staan daarso, maar ek het later gesien dis die een wat teen die sypaadjie vas gery het en dat ons - ons polisiebussie het ook daar gestaan.

Na heelwat skietery is die toneel afgeseël deur die Onluste-eenheid - daar was verskeie oorledenes en 'n Majoor Brits van die Moord-en-Roof-eenheid, Kaapstad het die toneel bygewoon. Ek het ook gesien daar is 'n bussie van - wat naby aan ons - ons bussie baie naby aan die bussie gestaan waarin die vermoedelike Vryheidsvegters was, waarin A/O Mosê en Konstabel Mbelo was.

Ek sien ek het hier gesê 44 skote, maar daar was 'n geweldige klomp skote deur daardie bussie ook gewees.

**MNR BRITS:**

Tref net vir die Kommitee 'n onderskeid, jy praat nou van twee bussies, wat se twee bussies is dit die, ons het H, weet ons die witte en wat is die ander bussie?

**MNR BELLINGAN:**

Ja H is die bussie waar vermoedelik die mense in was, wat op ons geskiet het en J was die bussie wat [intervention]

**ADV NTSEBEZA:**

Excuse me the witness must try and speak into the record as much as possible.

**MNR BELLINGAN:**

Ekskuus mnr die Voorsitter, H was die bussie waarin die persoon was, of persone was wat op ons geskiet het - dis nou die enetjie wat daar teen die [intervention]

**ADV NTSEBEZA:**

Excuse me can't we have that map coming closer to - ja - ja just bring it a little bit forward - ja there you are, then you can even lift there.

**MNR BELLINGAN:**

Dis hy mnr die Voorsitter en dit was die bussie waarin van ons polisielede was, van ons swart lede van Eenheid C-1 - A/O Mosè, Konstabel Mbelo-hulle en dit.

**MNR BRITS**:

En was daai - die polisiebussie J op die kaart was dit 'n geïdentifiseerde polisiebus of wat se bus was dit?

**MNR BELLINGAN**:

Nee dit was 'n ongeïdentifiseerde wit bussie met gewone Transvaal registrasie of Kaap registrasienommers, dit was nie 'n geel bussie met waar - dit was 'n Veiligheidstak bussie om dit so te noem.

**MNR BRITS**:

Maar waarvoor het die Askari's hom gebruik?

**MNR BELLINGAN**:

Hy was gebruik om patrollie te ry in Guguletu waarin die Askari's van ons onder leiding van A/O Mosè moes poog om ander opgeleide Militêre opgeleide terroriste sodoende te identifiseer **... einde van Band 1, kant 1 ...** Kan ek maar aangaan?

**MNR BRITS**:

Waar is jy nou?

**MNR BELLINGAN**:

Paragraaf 10 nou - ek is by paragraaf 10.

**MNR BRITS**:

Het jy hierdie - jy het al hierdie aangeleentheid [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**MNR BRITS**:

Okay.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Ek het destyds 'n verklaring aan die Geregtelike Doodsondersoek afgelê en ook in die saak getuig, ek kan nie baie onthou nadat wat ek raak geskiet is wat direk daar op die toneel gebeur het nie. Ek het probeer om my geheue te verfris, ek het geen van die dokumentasie meer van die voorval oor nie, aangesien ek met die rasionalisering van Eenheid C-1 al my sogenaamde dokumentasie wat ek persoonlike gehad het - ek praat nie van die wat ons op rekord gehad nie mnr die Voorsitter was vernietig gewees.

Ek het ook nog nie - ek het nou eers insae gehad daarso in my vorige verklaring. Ek kan ook verder vir u meld dat verskeie kere wat ek en Kaptein Liebenberg die beriggewers gesien het na die infiltrasie of voor die skietvoorval het ons met hulle gepraat en geensins het hulle ons 'n aanduiding gegee dat - dat die Vryheidsvegters deur hulle opgelei is of van wapens voorsien is of dit nie, hulle het gesê dis klaar opgeleide manne en hulle sukkel nogal redelik om hulle alibi by hulle uit te leef, want dis so asof - ek sal nou kom by Konstabel Mbelo, eenkeer het ek hom ook laat infiltreer saam met hulle om te kyk of die Askari's die waarheid praat, want die twee wat ons daar gebruik het, is ook manne wat hulle maar verskeie kere aan drankmisbruik skuldig gemaak het en soms ook dagga gerook het en dit en ons was nog in 'n rehabilitasie proses met hulle.

Konstabel Mbelo het een keer - ek dink hy het twee dae of drie dae het hy geïnfiltreer toe kom hy terug toe sê hy - hy kan nie sy legende daar uitlewer nie, die mense is baie suspisieus want hy kan nie die sogenaamde Vryheidsvegters se taal praat nie, hy weet wat hulle gedoen het, in die kampe, maar hy ken nie Angola en Lesotho en Botswana nie, hy wil hom eerder onttrek, want hy vrees vir sy lewe en ek het hom ook toe onttrek.

Die heeltyd het die twee Askari's ons onder die indruk gebring dat die persone klaar opgelei is en hulle het Oosblok wapentuig en Westerse wapentuig soos ek vroeër gesê het die M26 handgranate by hulle gehad



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

wat hulle by die Weermag of die Polisie gesteel het of gekry het. Daai stukkie van Konstabel Mbelo het ek genoem - as ek omblaai daar na paragraaf 11 se kant toe.

Na die Guguletu 7 het ons nog 'n rukkie aangebly te Kaapstad en ons het ook eendag gereageer op inligting wat ontvang is want die Onluste het voortdurend aangegaan, dat daai Guguletu 7 het definitief nie gestop wat daar gebeur het nie, dit het - daar was elke naweek was daar - of elke dag en aand was daar onluste gewees. Daar was begrafnisse gewees en die Onluste-eenheid het op mense geskiet en dit en so - dit het nie net opgehou ewe skielik nie.

**MNR BRITS**:

Kaptein kan ek net vir u vra die Guguletu 7 met ander woorde was een van twintig insidente wat julle in die tydperk wat jy in die Kaap was, ondersoek het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Nee ek sal nie sê ondersoek het nie, dit was - dit was [tussenbeide]

**MNR BRITS**:

Of betrokke by was.

**MNR BELLINGAN**:

Ja ons was by daai insident betrokke, maar ek meen verskeie Onluste-eenhede en Moord-en-Roof-mense was weer by verskeie ander skietvoorvalle wat ek nie ook maar net van gehoor het, betrokke, maar ek meen ons was net by die Guguletu 7 betrokke.

**MNR BR ITS**:

Ja maar ek dink u verstaan my verkeerd - wat ek bedoel is dat - nadat die Guguletu 7 afgehandel is, het u nie opgetrek en teruggegaan Pretoria toe nie, want dit was nie die geval van die taak is verrig nie, daar was nog verskeie ander goeters wat julle moes doen.

**MNR BELLINGAN:**

Dis korrek ons het nog aangebly, want nog steeds het ons nie - die mense gekry wat - wat verantwoordelik is vir die onluste nie. En so het ons een nag gereageer op inligting wat ons van die speurders gekry het van 'n gewapende man te Kruispad en ons het hom toe - met die hulp van die - ek dink dit was die Onluste-eenheid of Guguletu se Speurtak het ons hom gearresteer en hy was toe Militêre Bevelvoerder van die MK Vryheidsvegters in die Wes-Kaap.

En as ek korrek het is uit hom uit, is 27 ander gearresteer en daar was 'n saak hy het lewenslank gekry, ek weet hy is vandag sy naam was Sipho gewees hy is vandag 'n Kolonel in die Nasionale Weermag. So dit was 'n - dit het toe 'n halwe insinking veroorsaak in die - in die geweld en die onluste in die Wes-Kaap.

En toe het ons weer teruggegaan Pretoria toe en ons het weer gekom en toe was ons verantwoordelik vir die arrestasie van mnr Tony Yengeni en Me Jenny Schreiner en 'n groep wat daarmee saam, want daar was 'n geweldige klomp bomontploffings - dis net om u 'n bietjie agtergrond te gee toe, dat ons was hier om hulle te identifiseer, wat verantwoordelik was.

Hulle verhoor is toe gestaak na 2 Februarie en hulle het amnestie gekry op die - op die bomontploffings en die terreur dade wat hier gepleeg is. Ek dink as ek dit korrek kan onthou - ek het vandag nou nie 'n bewys nie, maar ek weet nie of die Video-eenheid in die Kaap dit moontlik vir u mag hê nie. Is daar is 'n 20 minute video gemaak op 'n stadium van ons sukses in die - en ek wil nou eerlik met u wees van die Veiligheidspolisie se sukses [tussenbeide]

**MNR BRITS:**

Ek moet vir u sê u moet altyd eerlik wees.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN:**

Ja ek bedoel nou - as ek nou my gedagtes kan reg onthou - 20 minute video gemaak van die suksesse hier onder gehad het om sodoende ons begroting deur Minister Le Grange by - destyds was hy 'n Minister of was hy Eerste Minister of President PW Botha deur te trek om te gaan beïndruk en te sê kyk hoe goeie werk doen die mense jy moet vir die polisie 'n begroting gee, die Generale staf het dit vir hom gaan toon daar onder, of hier onder in die Kaap.

So ernstig was die - ek gaan nou bietjie rondspring, maar in 'n stadium voor die 3 Maart voorval was ons op Robbeneiland gewees met 'n funksie en Minister Le Grange en Generaal Johan Coetzee het nog vir ons gevra jong, julle manne kom van Pretoria af, wanneer stop die moeilikeid nou hier. Toe sê Here Generaal ons is ook maar net mense, ons is mos - ons het 'n bepaalde taak, as ons hulle vang, vang ons hulle en hulle het gesê ons sal moet wikkel want die onluste kan nie so aangaan in die Wes-Kaap nie, dis **no go areas** en die land brand en al daai dinge.

En na die Guguletu voorval is daar aan die lede ook medaljes belowe vir dapperheid wat nooit gerealiseer het en Minister Le Grange het ook by 'n geleentheid vir die manne op 'n braaivleis dankie gesê vir die goeie werk, hy en Generaal Johan Coetzee.

So ek het nou bietjie afgewyk maar net om vir u ook darem daai agtergrond te skets en dit. Voor die optrede ook in 3 Maart het ek en Kaptein Liebenberg en by geleenthede was Sersant Coetzer by, het ons verskeie Askari's dit duidelik vir hulle gemaak dat hulle moet vir ons probeer sê waar is die presiese ligging waar die aanval gaan plaasvind en dat ons die mense kan arresteer. Maar die Askari's kon geensins terugrapporteer nie, aangesien hulle vir ons net daarna gesê het hulle word gedurig deur dopgehou deur die sogenaamde Vryheidsvegters.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het ook in 'n stadium ek en Kaptein Liebenberg en van die mense het beplan om 'n vragmotor te huur dat as hulle dan in 'n bussie is dat ons voor hulle in ry dat ons die area beperk waar daar gaan opgetree word, want as so 'n klomp mense bymekaar is en daar vind 'n skietery plaas, kan hulle die hele wêreld vol hardloop en daar kan onskuldige mense gedood of gyselaar geneem word.

Die volgende bladsy daar by paragraaf 15, het ek van dit al genoem, ek kan net deurgaan, ek kan ook meld dat op hierdie stadium te Guguletu, KTC Plakkerskamp en Kruispad was daar geweldig baie onluste, petrolbom aanvalle, aanvalle op polisievoertuie, wapens - vuurwapens, skietery in die nag, sodoende dat die Afdelingkommissaris 'n destydse Brigadier Swart die Uniform-lede of al die lede in sy afdeling verbied het om met enige sagte voertuig, dit wil sê 'n nie gepanserde voertuig in die swart woongebiede te beweeg nie.

My afleiding daai tyd was ook en ek wil nie op afleiding reageer nie, was dit - die uniform mense het net moed verloor en die Brigadier Swart het niks daaromtrent gedoen wat aangaan in die Wes-Kaap nie, dis - dit het ek ook maar afgelei, dis hoekom ons afgestuur is van Pretoria. Dit het sogenaamd veroorsaak dat daardie areas **a no go area** was, en dit onaanvaarbaar was dat die polisie glad nie daar kon in beweeg nie.

Hierdie twee Askari's het besonder baie inligting ingesamel dat al die probleme rondom die Kaapse swart woongebiede uit die Kruispad Plakkerskamp kom. Daar word alles deur die sogenaamde **comrades** beplan en dan tot uitvoering gebring omdat hulle ook in selle gewerk het.

Dan het ek daai stukkie genoem wat ons genoem het oor Robbeneiland waar ons op 'n funksie was waar Generaal Coetzee en Minister Le Grange vir ons gevra het wat gaan ons omtrent die situasie doen.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

As ek dan gaan na paragraaf 16 toe - na die Guguletu 7 se skietery het ons ook die twee Askari's ontmoet om hulle te - as ek die Engelse terme mag gebruik **debriefing** om te hoor wat weet hulle nou alles en die mense te identifiseer. Hulle is toe ook - ek dink die 4de Maart of 'n dag of wat daarna is hulle na Kaapstad na die lykshuis geneem om die persone afsonderlik te identifiseer en dan verslag oor te doen. Soos reeds vir jou gesê ek beskik oor geen dokumentasie as bewys nie, ek weet nie of Kaapstad Veiligheidstak nog van dit beskik - oor dit beskik nie.

My inligting verder van die voorval is baie beperk en soos ek reeds gesê het, het ek geen dokumentasie nie en ek het nou eers vandag insae in my verklaring gehad.

Dit is al so ver mnr die Voorsitter.

**ADV NTSEBEZA**:

Thank you Captain, are there any other issues that you [intervention]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR BRITS**:

Not at this stage - no Mr Chairman.

**ADV NTSEBEZA**:

Zenzile.

**MR KHOISAN**:

Good morning Captain Bellingan and thank you for joining us here at this inquiry into the events that occurred in Guguletu on the 3rd of March 1986. We of course want to thank you for coming here and co-operating to help us get to the bottom of this incident.

But in order for us to get to that incident we have to understand the context in which this incident occurred and the series of events which led up to that - so I hope you will be patient with us and we'll work together and in that way we will be able to find a way to refresh your memory - you know get some clarity with the issues and so forth.

So maybe let's start at the beginning - you opened up your statement today by talking about the fact that during January 1980 - January/February 1986 you were a Sergeant serving South African Police and stationed at Section C-1 at the Security Police Headquarters is that correct?

**MNR BELLINGAN**:

Dis korrek mnr die Voorsitter.

**MR KHOISAN**:

Okay, so Captain Bellingan just for the record, maybe if you could discuss with us a little bit about your own history and your background.

**MNR BELLINGAN**:

Ek - hoe lank terug moet ek hom vat [onduidelik]

**MR KHOISAN**:

No just short - you know just give me a short - something that goes beyond how you got into the Police Force and so forth and you know your background so we understand a little bit about who is Captain WR Bellingan.

**MNR BELLINGAN**:

Dis hy - nou mnr die Voorsitter ek is in - op die 3de Maart - dit was my verjaarsdag ook daardie dag - 1959 is ek gebore in die Oos-Kaap op Uitenhage, ek het daar op Kirkwood grootgeword, daar het ek my matriek geskryf - ek wou 'n onderwyser word, en - soos ek vandag hier sit wens ek eerder ek het 'n onderwyser geword.

En ek is toe polisie toe, want my pa was in die polisie gewees, en ek was in die Uniform-afdeling op Sunnyside in Pretoria gewees. Ek is daar gewerf om Veiligheidspolisie toe te gaan deur - van Pretoria se mense, ek is toe van Pretoria, daar na Veiligheidshoofkantoor toe in 1979. Ek was so vyf maande daar, toe is ek na Oshakati Veiligheidstak toe daar bo in Suidwes-Afrika. Ek is nie na Koevoet toe nie, ek was by Oshakati

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Veiligheids - in die Veiligheidstak gewees. Daar was ek seker so agt maande toe het ek geelsug opgetel waar die dokters aanbeveel het ek moet terugkom Suid-Afrika toe.

Ek het toe teruggekom ek is toe na Pretoria Veiligheidstak streek, Noord Transvaal toe, daar het op die Vakbond lessenaar gewerk, ek was seker so ongeveer ses - sewe maande ook wat ek daar gewerk het en toe is ek gewerf deur 'n ene Brigadier Jan du Preez. Omdat ons was nou jonk daai tyd gewees en gevra of ek belang stel in koverte bekamping van Terrorisme - hulle gaan 'n eenheid op die been bring met die naam van Vlakplaas, maar dis baie geheim ons gaan onder die bevel van Kaptein Dirk Coetzee werk. Daai tyd het ek nie Kaptein Dirk Coetzee geken nie.

Ek is toe - ek dink die 3de Augustus 1981 is ek na Vlakplaas toe oorgeplaas wat onder Hoofkantoor geresorteer het, ons is deur Dirk Coetzee ingelig dat ons gaan met gearresteerde lede van die ANC werk wat sogenaamde Vryheidsvegters was en dan deur die Veiligheidspolisie gedraai was om sodoende hulle kamerade op te spoor en aan die kaak te stel.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ons het so begin werk met die Askari's - Dirk Coetzee het toe hier by die einde van Desember '81 is hy weg en ons is toe vervang deur 'n Kolonel - of ook 'n Kaptein maar hy het toe later Kolonel geword, ek dink Jannie Coetzee, en toe is ons deur Kolonel Jack Cronje vervang - is hy weer vervang en toe in 1985 was ek - het ek grensdiens gaan doen op Oshakati weer vir drie maande of vier maande, toe ek terugkom was ek hier in Kaapstad met verlof toe destyds was hy 'n Kaptein gewees, toe Eugene de Kock my skakel en vir my vra of ek belangstel om terug te kom Vlakplaas toe, want ek was toe op die navorsings lessenaar gewees.

Ek het gesê ja wat ek het nie 'n probleem nie, ek is nog jonk en ongetroud en so het ek toe weer op Vlakplaas beland en betrokke geraak as groepleier van verskeie - nou as ek sê groepleier dan was ons so twee

permanente lede van die Polisie in bevel met 'n klomp Askari's en - onder ons wat dan nou deur die land soos daar versoeke is. Kyk ons het nie sommer net in 'n gebied ingegaan en gemaak en breek wat ons wil nie, ons het gewoonlik op versoek van 'n - van 'n Veiligheidstak soontoe gegaan en dit is my agtergrond. Ek weet nie of daar iets nog nadere - wat u wil weet nie meneer.

**MR KHOISAN:**

Ja Captain Bellingan just for the record, can you tell us exactly when the year or the month as best you can recall when you became a group leader and also who was under you - who constituted your group as such?

**MNR BELLINGAN:**

Kom ek sê vir u [tussenbeide]

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR BRITS:**

Mr Chairman can I just help here, I've got the amnesty application is nearly drawn up, we still busy with schedules, so I've got his whole background here already in a typed version.

**MNR BELLINGAN:**

Maar ek kan ook daar net by sê ek dink nie van daai goed - daai kleiner **nitty gritty** goed gaan daarin wees nie, so ek kan - ek kan u behulpsaam wees daar om te sê ja ek was eintlik van - van die eerste dag af as 'n Konstabel was 'n groepleier, want ek - en dit maar ons het dan het jy een maand, kyk ons het so gewerk, jy is drie maande in die land, dan kom jy weer terug administratiewe doeleindes, dit is nou Vlakplaas toe.

En partykeer was 'n A/O oor jou gewees, partykeer was daar 'n Luitenant oor jou, partykeer was jy as 'n Sersant was jy jou eie groepleier so hy het op en af gery, maar ek was eintlik kan jy sê van 1985 af -

Juniemaand as ek dit reg kan onthou, was ek voltyds 'n groepleier. Ek het al opgetree as 'n groepleier terwyl ek 'n Adjudant-offisier is, dan het ek Offisiere onder my gehad om dit so te noem, wat vreemd en nuut was, wat ek moes oplei om te sê hoe werk die administrasie. Ek was later gemoeid met die opleiding van die lede, want u moet weet hierdie mense kom nou uit die sogenaamde bos uit en ons moes hulle rehabiliteer ook. Ons moes vir hulle leer wat is polisiewerk, die administrasie en die Wette en daar is lesings aangebied, so ons was nie net 'n klomp wilde honde wat in 'n plek invaar en verskeur wat voorkom nie. Daar was reëls neergelê, want hulle het polisiemanne geraak later, en ons moes vir hulle reëls neerlê.

So Sersant Coetzer was eintlik my - daai tyd in die Kaap - ek dink hy was 'n rukkie saam met my hierso, was hy - maar hy was nie die dag met Guguletu 7 hier nie hy was ek dink in Pretoria met verlof of 'n naweek af of wat. Hy was my senior in magsnommer gewees alhoewel Kolonel De Kock gesê het ek moet pa staan, want ek het die langste ondervinding gehad van die tipe werk - as ek die vraag beantwoord het meneer.

**MR KHOISAN**:

Ja Captain Bellingan could you please tell us provide us with the names of the people who were in your group, you've talked about the command - I'd like to - I'd like to get that on the records so that we can proceed further please.

**MR BRITS**:

Mr Chairman is that the people that worked under him here in Cape Town during that period?

**MR KHOISAN**:

I am trying to establish - especially he says that he was a fully [indistinct] group leader in June 1985 and I need to understand for the record, who

was in that group, and who worked with him so that we can proceed please.

**MNR BELLINGAN**:

Mnr die Voorsitter ek het nie meer van daai dokumentasie nie, want ons het op 'n registerbasis gewerk wat jy elke maand gaan kyk jy die register, jy is groepleier wie werk saam met jou, hy het gewissel van wit en swart lede en Askari's ons het die - Kolonel De Kock was lief om die groepe te - te roteer om te voorkom dat ons te geheg aan mekaar raak en daar miskien verkeerde dinge plaasvind het hy hulle - so ek kan nie met presiese woorde sê nie.

Ek weet daar was 'n Sersant Willem - wat was sy van gewees, hy is nou op Mosselbaai Veiligheidstak of MID - Willemse - Sersant Willemse was op 'n stadium saam met my gewees hier in die Kaap. Daar was verskeie van die swart lede het al saam met my gewerk, maar ek kan nie hulle name spesifiek sê daai maand was die een en daai maand was daai ene, daai Askari was daai stadium by nie, ek kan dit nie nou meer - ek het nie rekord daarvan nie meneer.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

Okay we will revisit that issue maybe later or - as you refresh your memory during this session. Just as a point for us understanding since this is about the Guguletu 7 event and it's connections with Vlakplaas.

You stated that your commanders were Dirk Coetzee, Jannie Coetzee, Jack Cronje.

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**MR KHOISAN**:

And then Eugene de Kock and now give us a sense of what you thought the selection criteria was for - for Vlakplaas. What were the five or six things that they - you think they were looking for which would make you

an eligible person or member of the Force who could work at Vlakplaas and do that type of job.

**MR BRITS**:

Mr Chairman is that in respect of Askari's that's the trained Freedom Fighters that was going to be turned over or the Security Policemen because he never recruited as far as my knowledge goes. So [intervention]

**ADV NTSEBEZA**:

You know the question is quite clear Mr Brits, I think just allow the person to - you know you are - I think the question is very clear. He is asking Mr Bellingan what criteria he thinks were being used in order to select and to be in C-10 - that was a specialised unit not just everybody walked into that unit.

**MR BRITS**:

Ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV NTSEBEZA**:

Answer that question Captain.

**MNR BELLINGAN**:

Mnr die Voorsitter ja, ek - ek dink nie daar was 'n neergelegde kriteria nie want dan sou daar nie verkeerde dinge nie, ek sê nie alles op Vlakplaas was nie verkeerd of reg gewees nie, plaasgevind het nie. Ek het geglo hulle glo die wit lede het nou vir - is gewerf as die ou in die bos was en op die grensoorlog was, dan is 'n ou gewoonlik teruggewerf vir 'n bekamping van - dis nou nie 'n kriteria wat neergelê was in enige register of boek nie, maar dit was - onderling was dit 'n bespreking gewees.

Jy sou nou nie 'n administratiewe man uit Hoofkantoor uit sommer gaan trek het om op Vlakplaas 'n groepleier te wees nie, want die arme man weet hoe om 'n logostieke situasie te hanteer. Hy weet nie hoe om in die veld te werk nie, so meeste van die ouens het grensdiens ondervinding

gehad. Daar was Engelssprekendes, daar was Afrikaanssprekend, die swart lede was - en verkieslik was dit Veiligheidstak ondervinding ook - dit was nie manne wat sommer - daar was latere jare manne getrek direk van die Uniformtak af wat geen ondervinding gehad het, het nie, maar in die begin was dit - jy moes Veiligheidstak ondervinding ook darem gehad het. Goeie dissipline en maniere en dit en ek - ek wil myself daar my beuel blaas, ek het geglo in goeie dissipline ten alle tye en dit ook. Ek was nie 'n sleg polisieman gewees nie.

Die swart lede was gewerf op Hammanskraal deur Hoofkantoor. Byvoorbeeld sal van die senior lede van die Veiligheidspolisie sal Hammanskraal to gaan en van die jong swart studente daar soos Mbelo was daar gewerf. Hy sal hom daar gaan werf en hy sal sien as 'n man met 'n goeie intelligensie, hy is opgevoede man, hy het goeie dissipline, hy het goeie maniere, hy kan verskeie tale praat, dan het hulle hom gewerf.

Die Askari's was gewerf op een voorwaarde uit die tronk uit, hy mag nie by 'n terreurdaad betrokke gewees het nie, ons praat nie van 'n - en dit was ook nie neergeleg nie, dit is dinge wat jy maar opgetel het in jou tydperk daar op die plaas. Hy mag byvoorbeeld sê nou hy het 'n treinspoor geblaas toe hy Vryheidsvegter was, sou dit darem nou nie die einde van die wêreld gewees het nie.

Maar indien hy by 'n moord of 'n kar bom betrokke was of goed, dan - dan was die beleid gewoonlik hy moet of - as hy 'n Staatsgetuie word, ja dan word hy - kom hy terug plaas toe. Soos Adjudant-offisier Mosè was byvoorbeeld 'n ou ANC-lid wat op die plaas was.

So dit is die min of meer die kriteria dit het in 'n stadium of grotendeels moes dit gaan oor die dissipline en dit, maar later stadium het - was dit 'n bandjies vir boeties gewees en dis hoekom daar verkeerde dinge plaasgevind het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek hoop ek het u vraag beantwoord mnr Khoisan.

**MR KHOISAN**:

Okay so - just to sum up, somebody with a counter insurgency type background.

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**MR KHOISAN**:

I am not talking about the Askari's - I am talking about [intervention]

**MNR BELLINGAN**:

**Ja counter insurgency,** baie goeie dissipline - dit moet 'n man wees wat hom kan handhaaf ten alle tye dat hy nie 'n **loafer** was nie.

**MR KHOISAN**:

Okay now you talked about three or four commanders that you had at Vlakplaas - can you explain the command structure of Vlakplaas in the period that this inquiry is essentially concerned with at the time when you were there - talk a little bit - give us some more information on the command structure.

It was Dirk Coetzee and then who - and then who.

**MNR BELLINGAN**:

Ja Dirk Coetzee was in 1981 was Dirk Coetzee bo gewees en hy het 'n Luitenant Vermeulen gehad wat sy tweede in bevel was, Koos Vermeulen - ek dink hy is later ook af as 'n vol Kolonel in die Polisie, ek weet nie waar hy hom nou bevind nie. Onder hom het hy Adjudant-Offisiere gehad en dan die Sersante en die Konstabels.

Dan in Jannie Coetzee se tyd was dit Kolonel Jannie Coetzee gewees, sy tweede in bevel dink ek was 'n rukkie nog - Koos Vermeulen ek dink hy is toe 'n Kaptein.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

In Jack Cronje se tyd was hy 'n Kolonel toe het hy ook - ek dink daar was 'n Kolonel Roelf Venter in 'n stadium op die plaas wat toe 'n Kaptein of Majoor was.

In Eugene de Kock se tyd het hy begin met strukture uitwerk. Eugene was 'n baie gedisiplineerde man toe hy op die plaas kom. Hy het geglo daar moet 'n organigram wees van hy is bo en wie is sy tweede in bevel en sy Offisiere met A/O en Sersant onder hom. Hy het geglo in 'n organigram, wie presies nog daar is mnr die Voorsitter as ek in name, as u my 'n tydjie gee om te dink sal ek kyk of ek nog almal kan onthou wat daar was en hoe die strukture gelyk het.

Later het ons gedeel in drie bene op Vlakplaas, Eugene de Kock het sy eie been gehad, Majoor Paul van Dyk het 'n been gehad, en Kolonel Baker het sy eie been gehad. So ek was toe in Kolonel Baker se been wat op die plaas agtergebly het, die ander mense het van ander persele af gewerk, so.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

Okay, so let us proceed, have you ever worked with - or been under the command of or had a relationship with of - in terms of command level with General JJ Viktor?

**MNR BELLINGAN**:

Toe ek op Pretoria tak was, toe ek op die Vakbond lessenaar was, was hy 'n Kolonel en hy was die Afdelingsbevelvoerder daardie stadium gewees, dis die enigste tyd wat ek onder hom gewerk het. Hy was die Bevelvoerder en ons was soos jy die Vakbond lessenaar, jou kerke, jou skool lessenaar, jou Terroriste lessenaar alles gehad. Ek was op Vakbonde, so hy was my Takbevelvoerder vir 'n periode, maar ek het op Vlakplaas nooit onder hom gewerk wat ek kan onthou nie.

**MR KHOISAN**:

But you never knew him specifically in relation to Vlakplaas, can you talk about that, what is his specific relationship to Vlakplaas?

**MNR BELLINGAN**:

Nee ek kan nie, ek weet hy was daar gewees, maar ek het nooit met hom gewerk terwyl hy daar was nie, so ek kan ongelukkig nie daaroor uitbrei nie.

**MR KHOISAN**:

Okay, so let's revisit, now let's go fast forward this thing, so you - when did you begin operations, you personally and your group of people that you work with, when did this - when did these operations begin in the Western Cape - Vlakplaas operations?

**MNR BELLINGAN**:

Ek dink Vlakplaas operasies het al in 84/85 hier begin maar onder wie, ek dink dit was Kolonel Venter moontlik, maar ek kan nie met presiesheid sê nie, maar ek het vir die eerste keer hier gekom in Februarie 1986, toe was ek onder die indruk ook gebring dat die mense - die Vlakplaas-lede en swart lede en blankes was alreeds hier onder gewees met werk.

So ek het nie - ek het nie in '85 en '84 - my eerste keer wat ek met Vlakplaas - wat ek met Askari's hier - wag 'n bietjie - wag - wag dat ek my geheue nou verfris. In 1981 toe Koeberg gesaboteer is, Desember 1981 en Januarie 1982, was ons wel hierso om die Koeberg saak te ondersoek. Ons het glad nie te doen gehad met die swart woongebiede nie, alhoewel ons lede somtyds bietjie soontoe gegaan het en ons het gekonsentreer net op Koeberg om te kyk of ons moontlik kan opspoor wie is verantwoordelik vir die sabotasie dade daar. Dit was ek gewees en 'n Adjudant-offisier Johan Strydom en ja van Vlakplaas met 'n klompie swart lede en Askari's - ja ekskuus ek moet net bietjie die [onduidelik] daar. En toe het ek weer in '86 die eerste keer hier gewerk.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN:**

Okay, just - just while we - we clarifying some points here, you - you say that Roelf Venter you know he was part of that command structure. How is he - how was he connected in these - in this period you talked about and the run up to the Guguletu 7 event, how was he connected to Vlakplaas operations in the Western Cape.

**MNR BELLINGAN:**

Mnr die Voorsitter ek kan nie 100% onthou of hy voor my hier was - maar hy - hy was in die Wes-Kaap maar wat sy doel was, weet ek nie, maar hy was toe onder Brigadier Cronje was toe nog op die plaas, Kolonel De Kock en toe Brigadier Cronje weg is, was Roelf nog 'n rukkie op die plaas gewees onder Eugene de Kock se bevel.

En in daai tydperk was daar mense Kaap toe, ek dink hy en 'n A/O Beeslaar en A/O Coetzer was hulle hier gewees, vir watter doel weet ek nie, maar ek glo dit was die **run up** gewees om infiltrasies te begin het so.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN:**

Okay and now - you know I just want to see if you could refresh your memory because this information is very helpful you said that you were down here in '81 and '82 and possibly you know because you were involved in a lot of different things all over the place and a very busy person at that time, I would assume.

**MNR BELLINGAN:**

Yes.

**MR KHOISAN:**

So maybe you could discuss with us some of the jobs that were going on and why - while we on that you know maybe discuss with us the people that you handled in 1985 and some of the operations that were happening here in the Western Cape in 1985.

**MNR BELLINGAN:**

Mnr die Voorsitter as ek my geheue reg onthou was ek nie in 1985 in die Wes-Kaap nie, ek het ook nie kennis gedra van operasies nie, dit het maar so gegaan op Vlakplaas dat jy hoor die ouens gaan Kaap toe en jy hoor daai groep gaan Wes-Transvaal toe en daai groep gaan Noord-Transvaal toe en daai groep gaan Natal toe, so ek het nie insae gehad wat in '85 hier spesifiek plaasgevind het.

Maar ek weet Roelf Venter en A/O Beeslaar en Sersant - ek dink Sersant Coetzer was - ek weet nie of hy by was nie, maar hier was 'n spannetjie wat hier gewerk het, maar hoe presies en wat hulle gedoen het, kan ek nie oor uitbrei nie mnr die Voorsitter.

Ek weet daar was 'n persoon, ek praat onder korreksie, maar ek dink Joe Mamasela het ook op 'n stadium saam met Roelf Venter hier gewerk. Ek praat uit blote - ek praat onder korreksie maar as ek my geheue kan onthou weet ek hulle het saam in 'n spannetjie gewerk so.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN:**

Okay just let's - let us just look at this incident a little bit and some of the stuff, in that period would one of the people would be in your group as such or one of the people that you would be handling, would that be the now and the then - now Sergeant Mbelo the then Constable Thapelo Johannes Mbelo. Would you say that you handled him in 1985 or were his group leader or [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN:**

In 1986 was hy [intervention]

**MR KHOISAN:**

In 1985.

**MNR BELLINGAN:**

Nee.

**MR KHOISAN**:

In 1985.

**MNR BELLINGAN**:

Hy mag in my groep gewees het ja, maar waar ons gewerk het kan ek nie nou sê nie, want ek het nie rekord daarvan nie, maar dit mag wees dat hy in my groep was.

**MR KHOISAN**:

Okay, now just as a point of clarification who specifically was your contact person, in the Western Cape, just for the record.

**MNR BELLINGAN**:

Kaptein Liebenberg, ek moes alles aan hom rapporteer ek mag niks gedoen het as ek hom nie geken het nie, so sodra ek hulle gesien het en ek het teruggeraporteer dan moes ek vir Kaptein Liebenberg gekontak het. Hy was van die plaaslike Veiligheidstak.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

Okay I am going to fast forward a little bit Captain Bellingan did you ever instruct Constable - the then Constable Thapelo Johannes Mbelo to obtain information from a detainee in Caledon Square?

**MNR BELLINGAN**:

Jo - ek wil nou nie - dit mag na die - na die - toe ons vir Sipho gevang het, het ons van hulle gevra om wel met verdagtes ag met gearresteerdes te sit en gesels in die kantore en ek dink amper as u my nou - as ek dit nou reg onthou het ons eenkeer in Kaapstad by Caledon Plein nou wat u dit noem, het ons vir Mbelo, ek dink dit is Mbelo ek praat onder korreksie, het ons hom in 'n sel saam met iemand gesit en ons het gevra hy moet probeer inligting bekom.

Ek skiet nou 'n skoot in 'n donker, ek kan nie onthou wie het ons gebruik nie, maar ek dink daar was so 'n voorval ook wat ons iemand in die selle gesit het en gesê het kry vir ons inligting wat in die Kaap aan die gang is. Ek dink dit was 'n gearresteerde, een van die manne wat onder - dit was nie Artikel 29 of wat nie, dit was een van die wat saam met die ander mag aangehou word. Ek praat onder korreksie, maar my geheue daar is baie - ek sal probeer onthou nog of dit [intervention]

**MR KHOISAN:**

Okay this is very important and I hope you can try to help us with regard to this. Did you under false pretences allow Mister or the then Constable Mbelo to be detained and placed in a cell at Caledon Square for the purposes of obtaining information from a person who was in custody.

**MNR BELLINGAN:**

As dit Konstabel - indien dit Konstabel Mbelo is ja dan kon dit gebeur het, want die inligting wat Kaapstad Veiligheidstak gehad het was maar baie vaag en ons moes alle moontlike middels gebruik om inligting in te win. So dit mag gebeur het dat Mbelo en dat dit nie 'n ander Askari was nie. Ek - soos ek sê ek praat onder korreksie maar dit mag - dit mag 'n moontlikheid wees.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN:**

Okay and did you at that time debrief the person who you have indicated might be Constable Mbelo about the throughout this process while he was in - in being detained under false pretences and obtaining information from this person in custody. Did you do the debriefing?

**MNR BELLINGAN:**

Dit mag wees dat ek en Kolonel Liebenberg saam hom gaan - nader het en met hom 'n **debrief** sessie ingegaan het, ek kan ou nie, maar ek meen as dit my personeel was, sou ek daarby by gewees het om te sê maar ja.

**MR KHOISAN**:

So could this have had - could this incident have taken place in 1985 according to the best of your recollection.

**MNR BELLINGAN**:

Nee nie in '85 nie, dis - ek kan nie onthou of ek '85 in die Kaap was - dit moet in '86 wees mnr die Voorsitter as daar so 'n voorval was.

**MR KHOISAN**:

Okay.

**MNR BELLINGAN**:

Ek was nie in '85 [onduidelik]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER**:

Just a minute Mr Chairman - was daar so 'n voorval?

**MNR BELLINGAN**:

Van waar ons iemand in 'n sel gesit het meneer.

**ADV POTGIETER**:

Ja.

**MNR BELLINGAN**:

Ja ons het al - ons het so 'n voorval, maar wie dit was, nou moet hy my geheue verfris mnr Potgieter, ja daar was om inligting in te win, om te kyk waar - wie en waar is wat betrokke.

**ADV POTGIETER**:

In verband met watter saak is dit - in verband met watter ondersoek is dit?

**MNR BELLINGAN**:

Dit was nee dit was net bloot suiwer Terrorisme, dit was nie dat dit 'n spesifieke saak - 'n dossier met 'n verwysingsnommer was nie meneer, maar daar was - as ek my nou my geheue kan - ek wil amper sê ons het

hom 'n bandopnemer ook gegee as ek dit nou net kan - my geheue verfris - ek is - soos ek sê nou - is nou - u het nou my geheue verfris en nou moet ek nou eers bietjie dink maar [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

het dit iets te doen gehad met hierdie Guguletu 7 voorval?

**MNR BELLINGAN**:

Nee nie wat ek - kom ek sê direk nie, maar dit het gegaan oor inligting van Terroriste - dit het nie gegaan oor die Guguletu 7 nie, so ver ek my kennis mnr Potgieter soos ek sê ek wil nou nie vir u 'n lang storie maak en dan praat ek 'n klomp nonsense nie, ek wil vir u die waarheid vertel, so ek kan nie u weet 100% sê ja of nee nie.

As u my bietjie kans gee dan sal ek bietjie - my geheue probeer verfris, want dit lui 'n klokkie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER**:

Goed, net een ander aspek - want u het nog nie daarna verwys nie - daar is daarna verwys maar daar is geen details nie. Doen u aansoek vir amnestie ten opsigte van die Guguletu 7 voorval?

**MNR BRITS**:

**Meneer** - well Mr Chairman at this stage we not - we not going to disclose on which incidents, where - it's under discussion while we trying to obtain some information. So we not at will to disclose now for which incidents we going to apply for amnesty and specifically the - the Guguletu is still under discussion with my client. So at this stage we - we don't want to disclose that whether we are going to apply for the Guguletu 7.

**ADV POTGIETER**:

But there is an amnesty application you said - in fact [intervention]

**MR BRITS**:

Ja amnesty we busy drawing up an amnesty application, we not finished with the schedules, that's all the specific incidents that we going to apply for.

**MNR BELLINGAN:**

Ek kan miskien - ek kan miskien vir mnr Potgieter ook net daar by sê om by Willem aan te sluit - ek het vir hom in 'n stadium gesê Willem ek weet regtig nie waar staan ek met die Guguletu 7 nie, volgens my nou wat - as 'n persoon wat daar betrokke is, voel ek dit was 'n operasie gewees wat 100% reg geloop het ek meen ek sal nie iets gereël het waar ek myself laat raak skiet nie.

Maar dit mag wees dat iemand vooraf die ding gekook het dit mag wees na die tyd dat - ek sit nou in die middel so ek het hom gesê gee my net kans dat ek na vandag kyk waar staan ek in die prentjie.

**MNR BRITS:**

Kan ek miskien net die volgende vir u sê - op hierdie stadium was dit nog nie - dis nog nie my instruksies en na aanleiding van konsultasie met my kliënt om aansoek te doen spesifiek vir die Guguletu 7 nie.

Dit was nie by ons oorspronklike aansoek wat nou is en dit kan ek nou maar dan - ek wil nie eers spesifiek sê ons gaan nie aansoek doen vir die Guguletu 7 nie, maar by ons oorpsronklike bespreking en my - die inligting wat ek van my kliënt gekry het, daar is ander insidente 'n klomp waarvoor hy aansoek doen, maar nie die Guguletu 7 nie en daarmee sê ek nie dat ons nooit gaan aansoek doen vir die Guguletu 7 nie, want baie van hierdie goeters is onderhewig aan - aan die mense se geheue, u sal - u sal simpatie daarmee hê en die inligting wat hy vir my gegee het, is daar nie iets waarvoor ons aansoek moet doen vir amnestie by die Guguletu 7 nie.

**ADV POTGIETER:**

So [tussenbeide]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Maar aan die ander kant moet ons ook sê hier was 'n inbraak op menseregte so ons sal moet gaan opweeg wat is die **pro's en die con's** moet ons - ek meen ek het nie 'n probleem [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

Maar op hierdie stadium wat u sê of wat u prokureur sê is dat die werk wat u gedoen het ten opsigte van 'n amnestie aansoek, sluit op hierdie stadium nie Guguletu 7 in nie.

Dis hoe ver u as wat u dit kan vat.

**MNR BELLINGAN**:

Ja ek glo dit.

**MNR BRITS**:

Ek verstaan wat is die probleem maar ons kan ons nie bind om te sê ons gaan nie vir die Guguletu - die inligting wat ons nou huidiglik tot ons beskikking was na konsultasie met die kliënt gaan ons nie aansoek doen vir die Guguletu 7 nie en die hele ding is soos sy getuienis vandag ook was, was 'n normale polisieëringsfunksie wat hy opgetree het, nie buite die normale nie. En ek dink u sal - u sal besef die etiek wat ons probleme met die mense by die Weermag ook het wat hulle sê dis 'n normale Militêre operasie so jy het nie nodig om dit te doen nie, maar om u 'n voorbeeld te gee as ek nou dan moet in ons amnestie aansoek.

Brian Ngqulunga is een van die insidente waarvoor Kaptein Bellingan aansoek gaan doen vir amnestie byvoorbeeld.

**MNR BELLINGAN**:

Ek was eintlik in 'n stadium mnr Potgieter was ek baie veward oor die ding, toe het ek vir hom gevra Willem dan moet daar mos elke skietvoorval wat deur Moord-en-Roof en die Voertuigtak [onduidelik] moet amnestie,

ek weet nie - ek sit half in die middel ek moet nou - ek is nie doodseker het ek verkeerd opgetree - ek meen was ek nou dood vandag dan was 'n ander ou met 'n amnestie aansoek wat my geskiet het.

En het daai koeël 'n sentimeter hoër gegaan dan was ek nou weer weg, so ek - maar as ek moet sal ek [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

U dink nog daaroor.

**MNR BELLINGAN**:

Ja - nee as u my 'n kans gee asseblief.

**ADV POTGIETER**:

Dankie.

**MR KHOISAN**:

Okay so would I be correct to say that - that when you were in Cape Town and the events leading to the events and incidents known as the Guguletu 7 incident, there was a series of things which occurred - which involved a systematic infiltration of the area okay.

And also what you talked about working with the then Lieutenant Liebenberg who was head of the - what do you call the Terroriste Opsporings-eenheid, is that correct, right.

**MNR BELLINGAN**:

Dis korrek mnr die Voorsitter.

**MR KHOISAN**:

Okay, now let us proceed - have you ever heard the names - you mentioned the name Leon Meyer - just - just so that we can clear that side up, Leon Meyer, Vivian Matthee, Joseph Majole - you - Joseph Monwabise Majole - you are aware - you are [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

Nee ek ken net die naam Leon Meyer - ek is nie - ek mag die ander name gehoor het en ek is nie bekend aan hulle nie, ek het net die naam Leon

Meyer omdat dit was 'n - dis 'n naam wat ek maklik kan onthou dat ek hom onthou het.

**MR KHOISAN:**

And you have indicated that Leon Meyer died in a cross border operation in Lesotho in [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN:**

Ja soos wat ek verneem het dink ek was dit en ek dink dit het in die koerante ook die laaste tyd gestaan, ek dink Eugene de Kock gaan ook aansoek doen daar, ek dink net - ek glo hy gaan aansoek doen, dit was 'n operasie wat hulle oorgrens - gehanteer het, ek [intervention]

**MR KHOISAN:**

Okay now to proceed - now just to proceed off of that, so in 1985 it would be correct to assume that Vlakplaas and especially Colonel De Kock and locally Generals Griebenow and Lieutenant Liebenberg would be very interested in obtaining this person, Leon Meyer and his associates.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN:**

Ek glo so, ek is - soos ek sê.

**MR KHOISAN:**

H'm - okay just Mr Chairman I am not trying to go off the point, I am just trying to built up to this event.

Now when - when this situation of the infiltration of the groupings in the Western Cape was discussed - who discussed this with you and what were your specific instructions off of that discussion.

**MNR BELLINGAN:**

Kolonel De Kock het dit - as ek nou my geheue nou reg onthou, het dit met my bespreek in Pretoria en vir my gesê hierso is 'n Kombi voertuig, en hier is verskeie - wat noem mens die goed - wapens - Oosblok land wapens en ek dink dit was een of twee AK's as ek dit nou reg kan onthou wat hy

gesê het ons moet vir die mense gee om hulle legende of hulle alibi beter te bewys as hulle dan infiltreer.

En hy het my 'n Kombi voertuig gegee en as ek dit reg het, dink ek was dit wapens wat hy my ook gegee het wat hy gesê het ek moenie bekommerd wees nie, die goed is nie in so 'n staat dat dit kan - dis nie 100% in orde nie en so het ons afgekom, hy het my instruksies gegee en gesê die - gaan net voort met wat die manne besig is mee en toe het ek weer by Luitenant soos u nou-nou sê hy was 'n Luitenant daai tyd, by Luitenant Liebenberg gerapporteer, so en ons het hulle laat infiltreer, dat hulle met die goed in die voertuig gery dat dit lyk asof hulle - hulle moet darem iets hê om te sê maar ons is manne van Lesotho ek meen hier is die wapens jy kan mos nou sien en dit - as ek dit nou reg kan onthou en daar was een aand 'n - nou wat ek nou daarvan praat 'n skietery ook gewees waarop die Kombi beslag gelē is en een van die wapens weggeraak het ook.

So dit was nie die - die doel was nie om die wapens vir iemand te gee hier onder nie, die doel was om vir ons Askari's hulle - hulle - as ek dit nou - u geheue nou verfris, 100% hulle alibi uit te beweeg, uit te leef...

**einde van Band 1 , kant 2 ...**

**MR KHOISAN**:

Okay so just to understand you, when did this discussion take place with Eugene de Kock?

**MNR BELLINGAN**:

Dit moet in Januarie of Februarie 1986 wees, ek was op 'n kursus Januariemaand vir drie weke in Pretoria en omgewing, so dit moet hier einde Januarie, begin Februarie daar rond wees, presiese datum kan ek nie sê nie mnr die Voorsitter.

**MR KHOISAN**:

Okay so were you aware at that time that - that Colonel Eugene de Kock had sent Joe Mamasela down to Cape - to do the initial infiltration?

**MNR BELLINGAN:**

Nee ek was nie - ek was nie.

**MR KHOISAN:**

Okay, were you aware of a report that - that Joe Mamasela drew up about the situation in the Western Cape.

**MNR BELLINGAN:**

Nee ek het nie 'n verslag al wat ek net geweet het, wat Kolonel De Kock in 'n stadium vir my gesê het daar bo is hy weet nie of die ouens die waarheid praat nie ons moet gaan kyk want hy - hy voel hy kry nie wat hy - kry nie terug van die grond af goed nie. Dis hoekom hy my afgestuur het.

**MR KHOISAN:**

From the ground meaning - meaning Joe Mamasela [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN:**

Ja dit - ja Joe was nooit saam met my hier gewees nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN:**

No I am not talking about you, I am talking about the fact that the way I understand it okay, so maybe you can correct me. First it's Joe Mamasela, then you tried to hook up the thing with Thapelo Johannes Mbelo and then finally we get to the group that you guys - that you gave some AK's to and popped into - to infiltrate into KTC right.

**MNR BELLINGAN:**

H'm.

**MR KHOISAN:**

Right, so now did De Kock show you the report that Joe Mamasela wrote, because he wrote a report and I want to find out if De Kock showed you that report?

**MNR BELLINGAN:**

Nee nie wat ek kan onthou nie Edele - mnr die Voorsitter.

**MR KHOISAN:**

But he - but he told you that he was concerned that these chaps were telling, were not telling the whole truth.

**MNR BELLINGAN:**

Ja kom ek sê Kolonel De Kock was ook so 'n mens gewees, u moet hom ook ken om hom te verstaan, hy het altyd almal gewantrou, so dit was ook normaal van hom gewees om te sê Riaan ek weet nie of daai ouens die waarheid praat nie, gaan kyk jy en so het hy met ander ouens gemaak as ek iets doen, het hy ander ouens saam met my ook gestuur en gesê jong wie sê Balletjies praat die waarheid daar, hy het altyd almal gewantrou so - dit was 'n **opts normal** vir hom gewees as ek nou bietjie Militêre tegnologie kan gebruik om almal te wantrou so dit mag gewees het ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN:**

Sort of to survive you have to be totally suspicious right.

**MNR BELLINGAN:**

Ja **paranoid** geraak later.

**MR KHOISAN:**

Okay total paranoid - so paranoia was the [intervention]

**MR BELLINGAN:**

Don't trust yourself later on.

**MR KHOISAN:**

You don't trust yourself okay I - but while we are on this note Captain Bellingan now so there - there is Joe Mamasela passes by, and then you guys are in here, so in January of - in January of 1986 - did you infiltrate - did you supervise the process under which Constable Thapelo Johannes Mbelo was brought into a cell at Caledon Square to obtain information from a person in custody.

**MNR BELLINGAN**:

Mnr die Voorsitter ek sal weer eens sê ek weet van so 'n voorval af, of dit Mbelo was of iemand anderste, ja maar ek het hom nie ge - ek was wel die - sy senior hier, maar ek kan nie sê dit was nou uit en uit my instruksies nie, maar ek sal ook nie toegelaat het dat iemand, iemand van my personeel gebruik sonder dat ek weet nie.

So indirek ek het geweet daar was iewers - dit lui nou 'n klokkie by my maar 100% wat daar gebeur het, kan ek u nie sê nie.

**MR KHOISAN**:

Okay thank you now just to proceed off of that, when you - when you were loaded into a Kombi from Vlakplaas with a couple of AK47's and like that, who was with you and what were your specific instructions from De Kock at that point, because you were now headed to Cape Town to come sort out this problem once and for all, right.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

U weet wat Kolonel De Kock altyd gemaak het - gedoen het ook en ek dink dit was miskien het hy dit gekompartementeerd gehou vir lekkasies, hy het my eenkant gevat dan sal hy vir my sê Riaan gaan af Kaap toe, doen dit en dit, dan sal hy vir Mbelo en die Askari's individueel ook eenkant gesels. So jy weet nie wat sê hy vir hulle nie, hy sal net vir jou sê hierso is twee wapens, hier sê argumentsonthalwe daar is tien of vyftien rondtes ek kan nie die spesifieke hoeveelheid onthou nie, en ek dink daar was 'n pitstool ook by die pistool het een aand verlore geraak en dis later deur Moord-en-Roof weer gekry by 'n toneel.

Nou goed as ek nou bietjie klokkies lui daaroor en dit, so hy het nie spesifiek gesê doen dit, doen dit nie - hy het met elkeen gepraat - jy het nooit geweet wat hy sê vir die ander ouens nie. So hy het jou van balans af gehou daardeur.

**MR KHOISAN:**

Okay so basically when you got the AK47 and the pistol and you were in a Kombi coming to Cape Town, now who was in that Kombi with you.

**MNR BELLINGAN:**

Nee kom ek sê vir u hoe het die Kombi gery. Ek dink die Kombi was bestuur deur Mbelo, daar was nog 'n swart polisieman by gewees as ek - ek kan net nie sy naam Mbelo dink ek het hom bestuur en ek het gery met 'n - wat het ek daai tyd bestuur, ek weet nie of ek 'n Nissan Skyline 2.8 en ons het 'n bakkie gehad.

So ons het nie in die Kombi gery nie, die ander lede en toe ons hier in Kaapstad kom weet ek - onthou nog een keer, ek het nou wat ek nou daaroor praat het ek bietjie dagga onder die Kombi se **seat** gekry, toe sê ek vir hulle julle moet die nonsense laat staan. Want hulle was nog in die proses - 'n ou rehabiliteer hulle en hulle was nog maar stout gewees van die Askari's so - en ek het die goed weggegooi en vir hulle gesê julle moet die goed los, dit gaan moeilikheid veroorsaak. Maar hulle het met die Kombi gery en dan ry ons nou met die bakkie of die Skyline saam ek weet nie watter een nie, maar ek het 'n Skyline gery op 'n tyd.

So ek was nie in die Kombi as ek dit reg onthou nie. Of daar twee Kombi's was, ek dink die een was 'n polisie Kombi en die een was 'n wat noem mens dit, 'n geheime fonds Kombi, **a secret fund** Kombi, wat nou nie hy is nie op - hy is op polisierekord, maar niemand weet hy is 'n polisievoertuig nie, jy gooi nie met hom brandstof in by 'n polisie motorhawe nie.

**MR KHOISAN:**

And the secret fund Kombi, who was driving that Kombi?

**MNR BELLINGAN:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek praat onder korreksie, maar ek dink dit gaan Konstabel Mbelo of Sersant Mbelo wees, ek - ek is nie 100% seker nie.

**MR KHOISAN**:

Okay and now, when you - when you arrived in Cape Town, or just let's clear up a couple of things, Eric Maluleka was - was with - was he one of the people who was with you on that operation?

**MNR BELLINGAN**:

Ja hy was - ja hy was 'n ANC Askari.

**MR KHOISAN**:

Okay, uncle Mosè was he with you?

**MNR BELLINGAN**:

Ja hy - hy was die ou wat ek nou verwys in die verklaring Adjudant-Offisier Gladstone Mosè.

**MR KHOISAN**:

Xhola Frank Mbane - Jimmy Mbane - he was with you.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**MR KHOISAN**:

Okay and then you have Mbelo and then - who were the white officers?

**MNR BELLINGAN**:

Daar was nie Offisiere nie maar die wit persone was myself gewees en ek - ja ek dink in daai stadium het Sersant Coetzer ook - want hy moes my kom voorstel aan die mense hier in die Kaap en vir my sê waar bly ons. Hy was al voorheen hier gewees toe.

**MR KHOISAN**:

Okay now when you came to Cape Town, who did you report you - you went to Koeberg I assume right.

**MNR BELLINGAN**:

Ja en dan het Kaptein Liebenberg na ons toe gekom en goed, ons het probeer altyd die probeer nie die mense blootstel aan die Veiligheidstak lede of die Uniform-mense nie want ons wou nie gehad het daar moet lekkasies wees nie. So ons het daar by Koeberg by Eskom by Eskom ja het ons gebly.

**ADV POTGIETER**:

**Sorry ja** - laat ons net die prentjie voltooi asseblief Kaptein, wat moes u kom doen hierso.

**MNR BELLINGAN**:

Dit was die infiltrasie van - of kom ek sê opsporing van Terroriste - dit was tog ons primêre taak op Vlakplaas gewees jy ry met die Askari's en hulle moet van hulle maats uitwys wat voorheen saam met hulle in die kampe was en soos Kolonel De Kock vir my gesê het hier is bestaande strukture alreeds geïnfiltreer in Kruispad en KTC en ons moet voortgaan daarmee.

So dit was jou taak, doen en funksie, jy moet inligting insamel om te weet wie is die terroriste wat agter die aanvalle en die terreur sit en die onluste en dan moet daar gepoog word om die mense op te spoor.

**ADV POTGIETER**:

So hy het vir u gesê daar is bestaan strukture.

**MNR BELLINGAN**:

Kolonel De Kock het nie vir [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

Watter detail het hy vir u gegee?

**MNR BELLINGAN**:

Ekskuus mnr Potgieter?

**ADV POTGIETER**:

Wat se besonderhede het hy vir u gegee?

**MNR BELLINGAN**:

Ek kan darem nou nie verbatim alles onthou nie maar hy het net vir my gesê soos ek u nou gesê het dat ons moet gaan kyk daar is bestaande strukture geïnfiltreer, dit was natuurlik die kitsopgeleides en dan moet ons met Kaptein Liebenberg verder - of Luitenant Liebenberg daai tyd, hy sal ons verdere leiding gee, want hy - hy het bronne en hy het die **info** hy is die baas van die Terroriste lessenaar hierso.

**ADV POTGIETER**:

So - so basies wat De Kock vir u gesê het is dat u moet kom tot in die Kaap, u moet kontak maak met Liebenberg en hy sal vir u sê wat om verder te doen.

**MNR BELLINGAN**:

Ja en hy het dan vir my bietjie agtergrond ook gegee, gesê luister daar gaan al 'n klomp en Hoofkantoor, dit was later so gewees dat na die hele ding het De Kock en Brigadier Schoon-hulle eintlik gespog en gesê Here ons moet 'n Sersant afstuur om julle moeilikheid reg te maak.

So Hoofkantoor het gevoel dinge is buite beheer daarso, maar hulle het vertroue in Liebenberg weer gehad dat hulle met hom kon - kon gesels ek meen dit was nie die hele Veiligheidstak nie, so - dit was maar meer 'n opsporing van terroriste en infiltrasie indien moontlik.

En daar was klaarblyklik kontak tussen Liebenberg en De Kock?

**MNR BELLINGAN**:

Ja ek voel dat daar was kontak gewees, ek kan nie nou sê ja ek het hulle sien praat nie, maar hulle het mekaar geken daai stadium.

**ADV POTGIETER**:

Nou goed, maar ek meen anders - anders kon De Kock u nie verwys het na Liebenberg toe nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**ADV POTGIETER**:

En vir u te sê Liebenberg sal vir jou verder sê en vir jou verder lei.

**MNR BELLINGAN**:

Dis hy en ek was die Bevelvoerder - u het nou-nou 'n naam genoem van Jan Griebenow - was hy nie die Kolonel of die Brigadier, die vooraf lid daar, maar ek weet Griebenow en De Kock het ook kontak gehad. Maar daar was kontak, daar moes kontak gewees het, telefonies, of hulle mekaar persoonlik geken het weet ek nie, maar daar was kontak, daar moes gewees het, jy sal nie sommer net - daar moes 'n versoek ook amper gekom het, want ons het nie sommer net ingegaan behalwe as Hoofkantoor voel die ouens doen niks nie, maar daar kom meestal ook 'n versoek van die Wes-Kaap af of Natal of Vrystaat en sê luister **boys** ons weet nou nie meer wat hier aangaan nie, kom help julle. Daar was - so dit kan ek u die **nitty gritty** kan ek nie vir meneer 100% sê nie, maar dis die styl waarop ons gewerk het.

**ADV POTGIETER**:

Ja maar die - die feit is dat Vlakplaas word nou inge - kom op 'n manier in, in die Wes-Kaap om na die situasie te kom kyk wat klaarblyklik nou kommerwekkend is.

**MNR BELLINGAN**:

H'm, dis korrek meneer.

**ADV POTGIETER**:

Was u enige besonderhede gegee van sogenaamde Terroriste wat nou na bewering of na aanleiding van inligting in die Wes-Kaap skuil of werksaam is.

**MNR BELLINGAN**:

Daar was name gewees en goed, ek het nie meer rekord van die goed nie, ek glo Kolonel of wat is hy vandag 'n Kolonel Liebenberg sal 'n ou meer - ek - soos ek sê ek het al my goed, maar daar was name gegee, daar was gesê ja daar is name maar of hulle dit nou van die is, van die 7 kan ek ook nie uit my vuis uit nou met eerlikheid sê nie.

**ADV POTGIETER**:

Goed ek is seker mnr Khoisan sal handel met die besonderhede [onduidelik]

**MR KHOISAN**:

Okay, there is just one more question - okay now I am trying to establish now so uncle Mosè was involved, Eric Maluleka and Jimmy Mbane and then on the other side you had Constable Mbelo right.

ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Dis reg - dis korrek ja.

**MR KHOISAN**:

Now, now when Constable Mbelo was in the cell with the person and or shall I say when Constable Mbelo began his part of the infiltration and went to Guguletu to try to obtain information from the persons you talked about the fact that he felt maybe he was threatened or something like that, right.

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**MR KHOISAN**:

So what did he report to you exactly - did he report seeing guns, people with guns, people with arms, well trained people and etcetera - etcetera, can you tell us exactly what he reported to you at that particular stage, because that leads up into Eric [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN:**

Ja ek gaan my - probeer my geheue verfris en soos ek sê as u my 'n kans gee dat ek net dink daaroor, ek weet ek het hom gevra hy moet KTC toe gaan en hy het toe vir ons gesê dat die manne toe hy daar was hulle rook dagga en hulle drink en hulle het hom gevra hy het gesê hy het nou geïnfiltreer Botswana, hy is 'n Bloemfontein man.

**MR KHOISAN**:

Okay Captain Bellingan all I want to establish is whether they did provide these people with training, you've agreed to that.

**MNR BELLINGAN**:

Ja ek sal stem daarvoor.

**MR KHOISAN**:

Okay - okay so let me proceed now in terms of - in terms of the one incident that you described beyond the time when they wanted to shoot at the helicopter, but the one incident that you described that, that was an actual combat situation in which your people were - were together with these comrades right.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Ja hulle was saam in die Kombi gewees daar was drank ook in die Kombi, ons het nog gedink dit was Vodka of wat of Mainstay gewees wat daar gelê het, half gedrinkte bottels en dit. Ek het vir hulle ook altyd gesê as julle ooit dit moet gebeur dat julle en die polisie met konfrontasie kom skiet dan eerder in die lug op maar moenie op die Casspir skiet nie, want ek meen ons kan mos nie ons eie mense aan die einde van die dag om die lewe bring nie.

En - so daar was 'n heen en weer skietery maar daar was drank ook betrokke hoor.

**MR KHOISAN**:

Okay now just to proceed off of that, for the record now what happened to that Tokarev that you found did you put it back in your sort of Vlakplaas [tussenbeide]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Nee-nee daai Tokarev het daar verlore geraak ek dink hy het by een van hulle dis amper - ek dink dit was Eric se sak uitgeval of uit sy **belt** uit geval. En lank na die operasie, ek dink amper 'n jaar daarna, ek praat ook nou onder, maar dit was 'n geruime tyd daarna, het Moord-en-Roof eendag by 'n - of dit nou Philippi was of waar by 'n gewapende roof het hulle 'n Tokarev op 'n toneel gekry en die Tokarev se nommer het toe vergelyk met die wat ons gebring het en hy is toe ingehandig en hy is nooit nou - ek glo hy is teruggestuur via die Uniform Moord-en-Roof na logostiek die **quarter master** toe, hy het nooit teruggekom Vlakplaas nie. So - ek dink dis hoe sy pad geloop het, ek - ek praat nou op 'n gerug wat ek gehoor het, so ek het nie feite wat ek nou sê nie.

**MR KHOISAN**:

Okay and now just - let us proceed now, so - so the way you explained Eric Maluleka and Jimmy Mbane is that their way in actual fact they - they had taken leadership of the group?

**MNR BELLINGAN**:

Ja hulle moes die groep bymekaar hou met die idee om hulle so gou as moontlik te laat arresteer, dat hulle, hulle saam op 'n plek kan kry waar ons hulle kan vang.

**MR KHOISAN**:

So they were - so they were guiding this group, they were guiding this group - they were - they were leading this group and in actual fact they were engaging in planning as leadership they were planning with the group.

**MNR BELLINGAN**:

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ja en daar is ook vir hulle gesê moenie dat die groep nou soos daai dag op die helikopter skiet nie. Moenie dat hulle in aanvalle op die polisie betrokke raak nie, want ek meen dan begin die ding mos nou heel uit verband uit raak ek meen - as - as die ouens by julle is, hou hulle onder beheer moenie - maar hulle was nie altyd saam so loop die sewe of sewentien of tien bymekaar nie.

Ek meen vanaand gaan daai ou daar kuier en daar drink en die ou skiet weer daar en daai ou skiet daar, so hulle was nie 100% altyd bymekaar gewees nie.

**MR KHOISAN**:

And this whole thing, this whole thing with your sources, Eric Maluleka Uncle Mosè, and Jimmy Mbane while they were proceeding with that and providing you with information and also providing Liebenberg with information, Liebenberg also had an independent source who was monitoring the whole thing on a regular basis.

**MNR BELLINGAN**:

Ek verstaan - ja ek verstaan so maar ek het - as ek hom ontmoet het weet ek nie wie hy is nie, maar ek het hom nooit werklik ook persoonlik gesien nie.

**MR KHOISAN**:

Every three or four days or every - ja every - every three or four days the way I understand the position right.

**MNR BELLINGAN**:

Ja ek het - ek het nou hom nooit nie, want ek meen ek het nie in sy bronne ingemeng nie alhoewel hy nou maar toegang tot ons - want dis sy terrein die gewees ek meen.

**MR KHOISAN**:

But Liebenberg did tell you that he had source there.

**MNR BELLINGAN**:

Ja hy het my vertel.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

Right, one Joe.

**MNR BELLINGAN**:

Ek kan nie die naam onthou nie, [onduidelik]

**MR KHOISAN**:

Okay - okay right net us proceed off of that in terms of the planning that was happening here, they engaging in training - they also engaging in political training as you - as you put it to me and then beyond that they are also engaging in planning. Now when was the first time you heard that now the planning, when was the first time that Eric and Jimmy both of them or as I understand it, on some occasions only Jimmy would be reporting to you and on some occasions only Eric - or otherwise through Uncle Mosè.

But the - when was the first time that they told you look here now we planning to do a serious job, in other words an attack on a police vehicle.

**MNR BELLINGAN**:

Mnr die Voorsitter ek glo dit was die - 'n week voor die aanval gewees die 3de Maart dat hulle by geleentheid vir ons gesê het daarso gaan 'n moontlike aanval kom, ons het vir hulle gesê maar dit help nie julle sê vir ons hulle gaan Guguletu slaan, dan slaan hulle Philippi polisiestasie of hulle slaan 'n ander polisie - julle moet vir ons spesifiek sê dat ons kan - gaan julle in een bussie ry, hulle my gesê hulle kan almal saam iewers met 'n padblokkade of vyf polisievoertuie bo val en arresteer of wat ook al en dit.

En hulle het net nooit teruggekom na ons toe nie, ons het daai Maandagoggend maar beplan asof daar gaan iets gebeur, ons het nie weer kommunikasie gehad met hulle nie. Ons het maar geglo **prevention is better than cure** ons gaan maar uit en ons hoop en bid maar alles loop reg.

**ADV POTGIETER**:

Ek is jammer u sê u het nie bevestiging gehad van enige optrede nie.

**MNR BELLINGAN**:

Hulle het vir ons gesê daar gaan mnr Potgieter 'n optrede plaasvind, maar hulle het nie gesê - hulle het gesê dis of die polisiestasie of daar by NY1. Maar ons het nie daai - kyk nou soos in enige operasie voor jy nou die laaste dan sal jy darem sê so 'n uur of twee voor die tyd dan kry jy darem nou sê dit gaan nou plaasvind, ons het nie - ek dink daar was vyf dae tussenin wat ons maar in die lug gehang het en gehoop het dit kom nie af nie, of dit kom af of wat ook al.

Dis hoekom ons maar aangegaan het met die beplanning, want hulle was [tussenbeide]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER:**

So daar was twee moontlikhede - dis of die polisiestasie of die polisiebussie.

**MNR BELLINGAN:**

Of die bussie op daai hoek ja en ons het maar vir al twee ge-**cater**.

**ADV POTGIETER:**

Het u vir al twee ge-**cater** al twee die moontlikhede?

**MNR BELLINGAN:**

Ja ek het voorsiening gemaak - nee wag ek moet my korrigeer, nee - ons het - dit was net die hoek gewees, dit was eers die polisiestasie toe het hulle vir ons gesê daar is 'n - hulle gaan 'n bussie eerder aanval, hulle is bang vir die polisiestasie, wag ek wil nou nie - soos ek sê ek het nie meer dokumentasie nie mnr Potgieter ek praat nou uit my - uit my geheue uit en goed - nee ons het op daai hoek het ons gekonsentreer, ek glo nie [tussenbeide]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER:**

So - so op 'n stadium het die polisiestasie se aanval uit die prentjie uit verdwyn.

**MNR BELLINGAN:**

Ek glo so, en ek dink mnr Odendal of Majoor Odendal het seker darem vir sy personeel ek meen ek dra nie daarvan kennis nie - het darem seker gesê pasop as dit - as dit daai kant mag afkom. Maar ons het primêr gekonsentreer op daai hoek.

**ADV POTGIETER:**

En het u enige inligting gehad van wanneer die voorval sou gebeur?

**MNR BELLINGAN:**

Hulle het vir ons daai vorige week gesê dit sal die Maandagoggend by spitstyd wees, wanneer die bussie gewoonlik oor die brug kom, en die personeel na die polisiestasie vervoer.

**ADV POTGIETER:**

Het hulle gesê dit sal die Maandag wees.

**MNR BELLINGAN:**

Ja hulle het gesê dis daai Maandag.

**ADV POTGIETER:**

As 'n feit.

**MNR BELLINGAN:**

Ja.

**ADV POTGIETER:**

So u het geweet dit gaan die Maandag gebeur.

**MNR BELLINGAN:**

Ja en - as daar iets anderste voorval kan hulle 'n ander plek - toe - kyk in die normale praktyk dan sal ek vir hulle gesê het nou maar sê nou hulle mislei julle om na 'n ander plek toe te gaan, gesê dit kan ook gebeur.

**ADV POTGIETER:**

Ja.

**MNR BELLINGAN:**

Al is ons in beheer van - ons is nou die goeie - ons is nou die leiers van die groep, kan hulle enige tyd sê nee wag 'n bietjie ons sal sommer radiobeheer kar of 'n - ek skets nou 'n scenario en dit so - so hulle kon hom verander het, maar ons het maar daar gekonsentreer.

En toe die bussie verby is toe het ons nog vir mekaar gesê ry rond miskien word daar 'n ander plek aangeval en dis toe wat van die karre nou maar weer terugkeer na die toneel toe.

So u - u was nie - u was nie doodseker dat daar gaan 'n aanval op daai hoek van NY111 en NY1 plaasvind nie. Daar kon 'n situasie ontwikkel het waar die groep op die laaste oomblik besluit om 'n ander teiken aan te val.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN:**

Bevestigend mnr Potgieter.

**ADV POTGIETER:**

Nou waarom het u in soveel detail beplan vir hierdie hoek van NY111 en NY1.

**MNR BELLINGAN:**

Hulle het vir ons gesê kyk ek dink dis net normale praktyk ek meen as ek weet daar word 'n bank vandag in die Middestad van Kaapstad en doen niks nie, en hulle slaan 'n bank 'n blok verder, iemand gaan moet pa staan vir die - vir die dinge wat verkeerd geloop het.

So ons het geglo wat hulle sê, maar hulle het tog in hulle agterkoppe gesê dat dit mag wees dat hulle 'n ander plek, maar ons gesê kom ons hou nou maar hierby [tussenbeide]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER:**

Maar toe - maar u sien dit is wat - dis my probleem, toe plaas u nou al u eiers in een mandjie, daar is nou die moontlikheid van NY111 en NY1 en miskien 'n ander plek.

**MNR BELLINGAN:**

En die polisiestasie.

**ADV POTGIETER:**

En dit en dat, maar u gaan toe deur hierdie groot operasie u kry die Onluste-eenheid, u kry Moord-en-Roof u kry 'n helikopter, u kry 'n Casspir, u kry u mense, en u gaan almal vroeg die oggend hier deur na die interseksie toe. Ek verstaan nie dit nie, ek het 'n probleem daarmee.

**MNR BELLINGAN:**

Ja mnr Potgieter ek dink dit was - dit sou normale praktyk gewees het om dit net - om voort te gaan sê nou maar net dit kom af en ons was nie daar nie en daar is veertien dooie polisiemanne aan die einde van die dag of wat die - wat ook al in die bussie was. Almal het geweet Riaan Bellingan weet

van die inligting, Liebenberg weet, Dolf Odendal weet, ek dink ons sou redelike slae gekry het as ons nie voorkomend opgetree [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

Dan kom ons kyk na die ander moontlikheid is maar 'n bussie.

**MNR BELLINGAN**:

Ons het ook gesê ons moet hom probeer vasmaak - vaspen.

**ADV POTGIETER**:

Of - of - of ons kanselleer die bussie se reis daai betrokke oggend, ons is nie seker dat dit gaan plaasvind nie, maar okay, as dit wel nou plaasvind, dan kan ons miskien in die probleme kom, so kom ons sê nou [onduidelik] man kyk Maandagoggend julle ry nie deur daai - deur daai roete nie en ons kyk wat gebeur, waarom nie dit nie?

**MNR BELLINGAN**:

Ek sal nie daarop kan antwoord nie mnr Potgieter ek is jammer.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER**:

Was die idee nie om 'n lokval te stel vir hierdie sogenaamde opgeleide - kitsopgeleide terroriste nie en was dit nie deel van die hele plan om op daardie hoek hierdie optrede te loods wat wel geloods was nie, waar die mense soos 'n klomp skape doodgeskiet was nie. Is dit nie u idee gewees nie.

**MNR BELLINGAN**:

Nee mnr Potgieter ek meen dit sou - dit sou my - my persoonlike idee van daai hele ding was nog en ek het nog vir hulle gesê want ek het 'n voertuig wat ek by een van die AVIS groepe wou huur 'n lorrie, het ons nie - ons moet net daai bussie iewers kan vaspen dat ons hom - dan sê met luidsprekers en alles net kan bo val en sê dis 'n polisie optrede, maar ongelukkig het dit nie so [tussenbeide]

**ADV POTGIETER:**

Waarom sit u gewapende persone in die bussie en u laat die bussie presies op daai selfde tyd deur daai interseksie ry hoekom?

**MNR BELLINGAN:**

Mnr Dolf - mnr Dolf Odendal het daai beplanning gedoen.

**ADV POTGIETER:**

Nou maar hoekom is dit nie 'n lokval nie?

**MNR BELLINGAN:**

As mens tegnies gesproke sal dit neerkom op 'n lokval ja.

**ADV POTGIETER:**

Ja, want jy - jy stuur dit daar deur maar jy weet - jy weet dit gaan gebeur daarso en is dit nie eintlik maar waaroor die operasie gegaan het nie?

**MNR BELLINGAN:**

Nee as dit van my af gehang het nee mnr Potgieter want ek meen dit is nie, dis nie om so iets te reël in 'n - op 'n spitstyd en daai hoek en jy kan nie jouself die waarborg gee dat jy gaan nie van die publiek doodskiet en daai manne gaan uit daai bussie uitspring en dis chaos en daar is gyselaars nie, ek sal nie so 'n kans gewag het nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER:**

En u sien ,dit sluit aan by 'n ander punt wat vroeër met u hanteer was en dit is hierdie totaal en al afwesigheid van enige pogings om 'n arrestasie uit te voer, alhoewel die mense van u eenheid die groep geïnfiltreer het en gereeld aan u gerapporteer het, was daar geen pogings aangewend om die mense aan te [tussenbeide]

**MNR BRITS:**

Ja mnr die Voorsitter maar Kaptein Bellingan het getuig dat hy met sy voetpatrollies deure oop geskop het, hy het getuig oor wat was die probleme wat daar was met die arrestasies en hoekom hy dit nie kan - die

arrestasie deurgaan nie, so dis nie 'n kwessie dat hy - dat hy geen verduideliking gehad het hoekom daar nie arrestasies was nie.

**ADV POTGIETER**:

**Can I carry on okay** - goed kom ons praat daaroor.

**MNR BELLINGAN**:

Van my [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

Ja-nee wag en miskien kan ek vir u verduidelik soos mnr Khoisan vir u verduidelik het nie, dis nie die eerste dag vandag wat ons met hierdie saak werk nie dis nie die eerste getuienis wat ons aanhoor nie en ek dink hy het ook aan u die punt gemaak dat uiteindelik gaan dit hier oor die waarheid.

U weet ons is nie - ons vervolg nie mense nie, ons is nie die Prokureur-Generaal se kantoor nie, ons is hier onse mandaat is baie duidelik om die waarheid te kry en deur middel van die waarheid om versoening in die land te bewerkstellig.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Nee ek is bewus daarvan meneer.

**ADV POTGIETER**:

So as u bewus is daarvan sal dit miskien net vir u vra om weer daaraan te dink en u getuienis wat u hier by ons vandag aflê en teen daardie agtergrond sien, ons probeer nie om u uit te vang nie.

**MNR BELLINGAN**:

Nee - nee absoluut nee ek weet en ek probeer regtig my - my geheue verfris mnr Potgieter ek meen - anderste kon ek mos nou oor baie goed stry ek wil julle nie vir 'n - soos die Engelsman sê vir **ride** vat nie want julle gaan my uitloop ek meen. Ek wil probeer ander - ek het baie kontraversionele goed wat ek in 'n proses is met amnestie hoekom sal ek die ene nou

verdoesel ek meen as jy nou tien op die tafel sit, hoekom sal jy nou oor een stilbly ek meen.

As ek dan betrokke was dan sal ek my rol sê en ek sal sê ek wil graag amnestie hê daarvoor, maar as ek nie was nie, gaan ek ook nou nie soos ander lede van Vlakplaas 'n scenario skets en van ouens nonsense praat en van alle lede om my praat behalwe ek moet lyk na 'n godjie nie, ek meen ek wil ook nou nie so wees nie.

**ADV POTGIETER**:

Dis gaaf.

**MNR BELLINGAN**:

Ek probeer my bes ek sê u eerlik.

**ADV POTGIETER**:

Dis baie goed - dis baie goed - dis presies die gees waarin ons hierdie sake hanteer, maar u weet ek moet - ek moet u bewering nou toets, want soos ek sê is nie die eerste maal wat ons die saak aanhoor nie, so u kan self die afleidings maak hoekom ek dit nodig ag om spesifiek hierdie kwessie met u te debateer waar u beweer dat daar voetpatrollies was en daar pogings was om te arresteer, goed.

Miskien net voordat ek - voordat ek daar ingaan, u prokureur sou ook vir u verduidelik het dat daar is sekere implikasies daaraan verbonde as 'n mens getuienis onder eed voor die Kommissie aflê.

**MNR BELLINGAN**:

Ja dis korrek ja.

**ADV POTGIETER**:

Goed so ek aanvaar dat u weet presies wat die regsposisie is en wat die gevolge is van getuienislewering hier sommer. Kom ons praat nou van die pogings om te arresteer. Kan u vir ons nou meer besonderhede gee, wanneer - wanneer was daardie pogings gewees.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN:**

Meneer voor die 3de Maart was daar patrollies die datums kan ek nie onthou nie, maar soos ek sê ek het nie meer dokumentasie by my nie, ek het verskeie kere het ek saam met - het ek van die - van die Speurtak se afdeling en van die Onluste-eenheid gevat dat ons gaan kyk en goed.

Ons het op ons eie gestap ook en gaan kyk, maar ons het niks gekry nie. Dan sê ek vir die mense, daai plekke was nie gemerk gewees nie, hulle het vir ons probeer uitwys in watter area, en dit was - dit was amper 'n Gods onmoontlike taak gewees, maar ons het ten minste probeer.

**ADV POTGIETER:**

So het u arrestasies beplan na aanleiding van die inligting wat Eric en Jimmy na u toe teruggebring het.

**MNR BELLINGAN:**

Ja van die goed, van die goed wat hulle vir ons gesê het, het ons gaan kyk of ons dit kan bepaal, want ons moet ook weet praat hulle die waarheid is dit so, ek meen ek kan vanaand ook vir - as 'n beriggewer vir u sê meneer daar by daardie huis is iets en dan kom u daar dan is dit 'n heel onskuldige persoon wat daar bly ek meen ons moes iewers die goed verifieer en dit en kyk of dit waar is.

**ADV POTGIETER:**

Ja nee-nee dit is nou een ding, ek praat nie van die verifikasie nie, ek praat nou - verfiëring nie, ek praat van die arrestasies, sê u vir ons onder eed vandag dat daar was pogings aangewend na aanleiding van die inligting wat Eric en Jimmy aan u deurgevoer het om hierdie groep te arresteer.

**MNR BELLINGAN:**

Ek sal nie sê die groep nie, maar van die persone genoem in die groep meneer. Ek was nie bekend en later het ek nou gesien met die uitkennings dis Piet en dis Rasta en dis al die, maar ek kan nie met

sekerheid sê dat kom ek sê as ons vanaand na 'n huis toe gaan of na daai kerk toe. Ons het probeer op 'n tyd met nagsig observasie hou op daai kerkie in Kruispad, om te kyk of ons hulle nie sien nie met die trommels en goed twaalfuur in die aand nie.

So ek sal nie sê vir die groep nie, maar vir die name wat in verslae uitgekom het wat hulle vir ons deurgegee het, het ons wel probeer.

**ADV POTGIETER**:

So daar was geen pogings aangewend om hierdie groep te arresteer nie, is dit wat u sê.

**MNR BELLINGAN**:

Ja die oggend sou ons - wou ons wel probeer het.

**ADV POTGIETER**:

Maar voor dit was daar geen pogings.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Voor dit was - was daar nie op spesifiek - nie spesifiek op die groep nie.

**ADV POTGIETER**:

Om hierdie groep te arresteer nie.

**MNR BELLINGAN**:

Want dit is nie te sê dat drie dae of vyf dae terug sou die groep bestaan het uit die sewe lede nie. Dit kon net sowel sewe ander name gewees het.

**ADV POTGIETER**:

Nee-nee moet nou nie moenie dat ons onnodiglik in sirkels rondhardloop nie.

**MNR BELLINGAN**:

Nee - nee meneer.

**ADV POTGIETER**:

Tyd is kosbaar, kom ons wees spesifiek.

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**ADV POTGIETER**:

Die groep wat geïnfiltreer was deur Eric en Jimmy, sê u vir ons dat daar was geen pogings aangewend voor 3de Maart 1986 om daardie groep te arresteer nie.

**MNR BELLINGAN**:

Kan ek u net een vraag vra, die groep het nie net bestaan uit sewe nie, hy was baie groter, op 'n stadium as ek dit - dit kon 17/24 gewees het.

**ADV POTGIETER**:

Maak nie saak nie.

**MNR BELLINGAN**:

As daar [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

100 ook, dit maak nie saak nie.

**MNR BELLINGAN**:

Daar was wel pogings gewees om van die name van groepe wat hulle by betrokke was of geïnfiltreer het, het ons gaan kyk na addresse.

**ADV POTGIETER**:

Ja - nee-nee dis gaaf ek meen dis 'n ander saak, dis 'n ander kwessie daai ek wil nie daaroor praat nie. Stem u met my saam ek meen laat ons het hierdie ding duidelik kry, daar was geen pogings aangewend om hierdie geïnfiltreerde groep te gaan arresteer voor hierdie voorval nie, die skietvoorval van Guguletu 7 nie.

**MNR BELLINGAN**:

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Mnr Potgieter ek verstaan u nou - of ek druk my verkeerd uit.

**MNR BRITS**:

Mnr die Voorsitter kan ek - kan ek miskien help ook, ek kan sien hoe hy dit verstaan. Wat hy bedoel het hy het [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

U moet - u moet asseblief mnr Brits, u moet ook nie die - u kan nie namens die kliënt getuienis aflê nie, so [tussenbeide]

**MNR BRITS**:

Jammer dis nie my - **that's not my - all I am trying** [intervention]

**ADV NTSEBEZA**:

No Mr Brits.

**MNR BRITS**:

Can I - I maybe put the question to the client the way that - that Mr Potgieter [intervention]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV NTSEBEZA**:

Mr Brits I will - I disallow you to do that - the questions is being put to this witness, the witness has not a difficulty. I don't have a difficulty to the extend that I am presiding here and I think the question needs to be clarified - I'll put it different, I am listening. The witness is well able to answer the question.

**MR BRITS**:

But hasn't he answered it?

**ADV POTGIETER**:

Let him testify.

**ADV NTSEBEZA**:

Let him testify.

**MNR BRITS**:

Ja.

**ADV NTSEBEZA:**

Let - let him say I can't - I can't - I can't understand - I don't understand the question. As far as I understand and as far as I get the question, the question is clear and the witness is ready to answer it. And I must - I must say I don't take kindly to this interventions - you had your time when you asked your questions to the witness and nobody interjected.

**MNR BRITS:**

It's not that I am interjecting, I am just trying to protect my client's interest all.

**ADV NTSEBEZA:**

Don't interject - don't interject me with all due respect. You are interjecting me now and I must again note that I take it very unkindly to you interjecting me, I have - you have every right to address me as you are the officer of this proceedings being an officer of the Court. But there is a thin dividing line between what might be a disruption of the proceedings and what is in fact an assertion of your rights, even as a representative.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BRITS:**

I apologise if I did.

**ADV NTSEBEZA:**

You have - you have in fact and I [indistinct] an apology is well placed in this regard. We can't allow this thing to generate into a circus, we have to give each other opportunities to listen and talk. And if there is a question and I said from the very beginning when once I feel that the questions are improper, I will interject, I may have closed my eyes, but I am not sleeping, I am listening.

**ADV POTGIETER:**

Nou Kaptein Bellingan u verstaan die vraag.

**MNR BELLINGAN:**

Ek glo.

**ADV POTGIETER:**

Of moet ek dit maar weer herhaal vir u - goed.

**MNR BELLINGAN:**

Nee kom ek - ek sal my verduidelik mnr Potgieter, ek gaan ook miskien lank vat. Die betrokke sewe persone wat gedood is, voor die tyd kan ek nie spesifiek sê daar was - dis die name en dis wat ons gehad het nie, maar hulle was in 'n groep gewees wat nie net uit sewe bestaan het nie, miskien uit 17/24 bestaan dit was verskillende **comrades** gewees so daar was wel pogings om van daai lede te arresteer maar van daai lede wel die sewe is, kan ek nie nou uit my vuis uit sê nie. As ek nou my reg uitdruk.

**ADV POTGIETER:**

Ja.

**MNR BELLINGAN:**

So ja daar was miskien nie 'n - of daar was nie 'n poging direk om die sewe te arresteer nie.

**ADV POTGIETER:**

Nou was Kaptein Liebenberg bewus van hierdie pogings wat u van praat?

**MNR BELLINGAN:**

Ja hy moes geweet het ons gaan die aand uit, ek dink daar was van die Veiligheidstak mense as ek dit reg kan onthou was saam met ons gewees en goed, om te gaan kyk by addresse ons het by baie addresse aangegaan, selfs in Guguletu - kyk Kruispad soos u self weet is 'n plakkersgemeenskap gewees wat baie in 'n swak toestand was en dan is Guguletu se huis - so baie van die - ek sou nie goed gedoen het sonder dat die Veiligheidstak geweet het nie behalwe daai aand toe ons vir Sipho

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

gevang het, wou hulle nie glo dat die speurders bring inligting daar is 'n man met 'n wapen nie.

Toe het ek maar saam met die speurders gegaan en toe kom ons agter dis 'n - dis die MK-Bevelvoerder. So ek glo hy moes geweet hiervan ja. Ek het alles gedokumenteer maar soos ek sê ongelukkig het ek - ek het ondersoekdagboeke bygehou want ek - dit was maar my styl gewees, maar ongelukkig het ek vandag niks om vir u te sê ja of nee of wat nie.

**ADV POTGIETER**:

Ek is seker u weet daarvan dat Kaptein Liebenberg self het alreeds getuig oor hierdie aangeleentheid.

**MNR BELLINGAN**:

Ja - nee ek dra kennis.

**ADV POTGIETER**:

Goed miskien moet ek vir mnr Khoisan toelaat om die saak verder te neem.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV NTSEBEZA**:

Before Mr Khoisan ask, you see Mr Bellingan I also have got a concern as - as to whether enough or any attempt was made to arrest this people before the events of the State. As you recall either one was the one who raised it earlier on in the day, but as - advocate Potgieter has indicated there have been a number of people who have testified here, either in Section 29 Inquiries of this nature or in the hearings around this particular point.

And one of the things that have emerged one of the witnesses actually stated that Eugene de Kock in particular had been involved in Koevoet in South West Africa before he came to Vlakplaas. And this witness says he as a witness, was able to decent a pattern in the manner in which Vlakplaas began to operate in South Africa, especially after De Kock had come, and this pattern could in terms of that witness, be

characterised as one that we - and that is these are people who tracked down what they call terrorist and took no prisoners, that was his testimony.

Now you must understand that some of the questions certainly those that I will ask will be influenced in a large measure by a person who was at Vlakplaas, who was in Koevoet and when other witnesses were involved in this operation, and we have testified that, seem to support the view that from the very word go, there was never an attempt to take any prisoners, the [indistinct] that was intended to be followed was that which Vlakplaas use to follow, tract down terrorist, kill them.

So I just wanted to give you that bit of it, that there is evidence that we have from some of the inquiries where this particular witness referred to what was happening in Koevoet and how he saw the - you know the spirit in which things were done in Koevoet, being imported into the operations of Vlakplaas.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Mnr die Voorsitter dankie ek verstaan - as ek daarop kan antwoord, ek verstaan wat u sê - ek luister wat u sê - dit was 'n patroon in baie gevalle gewees op Vlakplaas. Ek het en ek is vandag ek sê dit nie om my uit die moeilikheid uit te bring nie mnr Potgieter - mnr die Voorsitter ek het in baie tye verskil. Ek het net gister vir 'n Kollega genoem hoe ons in Leboa die aand die Bevelvoerder van die [onduidelik] groep moes vang wat 'n man - wat 'n man vir my sê ons moet hom eerder skiet, toe sê ek nee 'n dooie terroris help vir jou niks nie, so ons het hom daai aand het ek hom eerder gevang saam met my mense.

Ek meen ja ek luister wat u sê dit was - daar was so 'n patroon ook en ek sal dit bevestig ook en ongeag wat daai - daar was so 'n patroon gewees en dit, maar ek het nie altyd net kyk Eugene de Kock was wel die Bevelvoerder maar ek meen hy was ook nie die Alfa en die Omega nie. Ek

meen ek het baie van sy opdragte nagekom, maar ek was ook maar 'n mens net op my eie as ek gevoel het - ek meen dis nie lekker om 'n mens dood te skiet nie, ek meen wat se satisfaksie kry jy daaruit soos ek netnou vir mnr Khoisan ook gesê het om soos 'n **useful idiot** gebruik te word om vandag met moeilikheid te sit. Ek meen dit was ook nie net lekker nie, jy moet ook slaap in die aand en goed, so ja ek luister wat u sê.

Maar ek het - ek dink nie dit was die opdrag hier gewees nie, want dan kon ons daai bussie ge-**ambush** het iewers op 'n plek dan met 'n kleefmyn aan te sit of 'n RPG7 uit te skiet, dit kon baie makliker gewees het as om hom so bloot te stel aan - ek meen daar is baie metodes wat ons kan dit gedoen het waar ons glad nie opgetel gewees het nie, as 'n ou nou wil kyk na vuil metodes in Guerrilla oorlogvoering. So [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

Kan ek net hierdie punt van my Kollega afrond asseblief. Ek wil u verwys na u - u getuienis in hoof en die geskrewe stuk wat u ingehandig het wat u bevestig het in u getuienis onder eed. Waar u gesê het dat ek gaan net die betrokke gedeeltes aanhaal, dat die onderskeie groepe verder moes geïnfiltreer word om sodoende hulle te laat elimineer - goed.

U het vir ons probeer verduidelik toe u op hierdie punt is dat daar nou verskillende moontlikhede in die verband was. Wil u dit net herhaal vir ons, wat - wat bedoel dit - wat beteken dit om hulle te laat elimineer.

**MNR BELLINGAN**:

As ek - elimineer beteken as ek die woordeboek reg verstaan uitskakel en dis soos ek dit ook verstaan.

**ADV POTGIETER**:

Ja nou hoe skakel mens die mense uit.

**MNR BELLINGAN**:

Jy kan iemand arresteer ook om hom uit te skakel jy kan hom inperk, jy kan hom doodskiet, jy kan hom vermoor op 'n slinkse manier dat



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

niemand so daar is verskeie metodes en dit was die woord wat aan my gesê was is om hierdie mense te elimineer so [tussenbeide]

**ADV POTGIETER:**

So elimineer beteken daar moet nou - hulle dood te skiet.

**MNR BELLINGAN:**

Nie noodwendig nie, uitskakeling van [tussenbeide]

**ADV POTGIETER:**

Ja u het dit nou net vir my so gesê.

**MNR BELLINGAN:**

Ja dit kan uitskakel dit kan arresteer, dit kan inperk wees in 'n area dit kan wegneem uit die - dit is 'n woord wat - wat Eugene de Kock lief was om te gebruik.

**ADV POTGIETER:**

Ja.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN:**

So dit was nie vir my gesê gaan nou en gaan skiet hom teen die kop en skiet hom net dood nie, dit [tussenbeide]

**ADV POTGIETER:**

Maar dit beteken dit ook.

**MNR BELLINGAN:**

Dit kan dit beteken meneer - natuurlik ja.

**ADV POTGIETER:**

Dit beteken - elimineer beteken om die mense dood te maak.

**MNR BELLINGAN:**

Ja dit kan - dit kan dit beteken ja.

**ADV POTGIETER:**

En dit is inderdaad wat gebeur het in van die voorvalle waarby Vlakplaas betrokke was nie waar nie.

**MNR BELLINGAN**:

Ja meneer.

**ADV POTGIETER**:

Goed dankie.

**MR KHOISAN**:

Firstly Mr Chairman I'd like to take the exception to something the witness said I did no anywhere on the record or to the witness refer to him or others who may have engaged in actions as he is alleged to have engaged as a useful idiot and I would - I would like that - I do not want to be associated with that.

**MNR BELLINGAN**:

O! okay.

**MR KHOISAN**:

Because this is a very serious proceeding.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Nee dit was my persoonlike mening dis vandag na al die dinge is 'n ou - ek sal enige tyd vir die volgende 100 jaar as ek kan bly lewe, sal ek sê mense moet nooit - nooit weer by sulke goed betrokke raak nie, want ek meen dit is nie die moeite werd nie, dit lei nie tot vrede in 'n land nie.

**MR KHOISAN**:

Okay - very well. All right now to proceed at which stage did Jimmy Mbane tell you that - now Liebenberg was sending a series on informers in there to watch your guys - correct?

**MNR BELLINGAN**:

Ek weet nie of hulle my mense moes dophou nie, maar hy het ook beriggewers daar gehad.

**MR KHOISAN**:

Okay.

**MNR BELLINGAN:**

Ek het nie beheer oor hulle gehad nie.

**MR KHOISAN:**

Now at which stage did Jimmy tell you that he had to kill one of Liebenberg's informers - when did he tell you that?

**MNR BELLINGAN:**

Ek kan nie so iets onthou nie.

**MR KHOISAN:**

Okay did Liebenberg ever tell you that - that one of his informers a man by the name of Lizo het been killed by Jimmy Mbane - did you have an argument about that?

**MNR BELLINGAN:**

Nie wat ek kan onthou nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN:**

Okay, but you never - so you are saying for the record that you - you absolutely know nothing about the killing of the informer Lizo.

**MNR BELLINGAN:**

**Yes** nie wat ek nou kan onthou nie meneer - nie wat ek [intervention]

**MR KHOISAN:**

But you are saying in fatality - no.

**MNR BELLINGAN:**

Ja.

**MR KHOISAN:**

Okay, or maybe you will refresh your memory as we go along.

**MNR BELLINGAN:**

Ek sal probeer onthou, maar ek kan nie nou so iets onthou nie.

**MR KHOISAN**:

Okay now to proceed Captain Bellingan, you - you were informed that there was going to be an action and Eric Maluleka and Jimmy Mbane and Uncle Mosè etcetera were the people who were leading these people in their thinking, in their planning because they were the leaders of the group, they were the commanders and I am talking now about the group of seven who eventually ended up being killed because we are focusing for the purpose of this inquiry we don't want to deal with fictitious people who may have existed, who could have existed, who were alleged to have existed.

We are dealing with the seven persons who were killed as a result of a joined operation on the 3rd of March 1986 so for the purpose of this discussion, Eric Maluleka and Jimmy Mbane and Uncle Mosè were the guiding, the leading figures in this group yes.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Ja hulle was die persone wat moes leiding neem daar.

**MR KHOISAN**:

Ja so they were guiding the thinking of this group in terms of how to operate what to do, how to confront the State as such okay. So they were part and parcel of the planning of the joint operation of third - they were part and parcel of the planning of this attack which was suppose to be occurring on the 3rd of March, yes.

**MNR BELLINGAN**:

Ja ek weet nie - ek kan nie onthou of Adjudant-Offisier Mosè daar by was nie, ek moet eerlik wees ek kan nie onthou - u weet hy was - hy was buitekant die groep gewees as ek dit reg kan onthou. Hy mag by geleentheid mag hy met hulle kontak gemaak het, maar ek kan nou nie

meer onthou of dit - of hy - hy was nie in die groep in Kruispad nie, ek dink nie Kaptein Mosè was in die groep nie.

**MR KHOISAN:**

Okay - okay he was moving in and out of the group right.

**MNR BELLINGAN:**

H'm.

**MR KHOISAN:**

Okay, but you have Eric Maluleka and Jimmy Mbane they leading - they the commanders of the group, and that group was as you put it to us on a Military footing already so they would have adhere to those rules that existed in those fraternities at that time - yes.

**MNR BELLINGAN:**

Ja as Jimmy met hulle gepraat het, sou hulle geluister het na hom.

**MR KHOISAN:**

Okay, so they would have guided the thinking of this group in terms of planning the attack that was suppose to occur on the 3rd of March 1986 correct?

**MNR BELLINGAN:**

Ek dink nie hulle sou hulle gelei het nie, ek dink hulle sou hulle probeer as hulle, hulle gelei het, was dit omdat ons hulle moet arresteer nie om - dat dit op 'n skietery uitloop nie, want jy kan geen skietery beplan en dink dit gaan soos 'n Sondagskoolpiekniek lyk nie.

**MR KHOISAN:**

Okay - okay but I am - I am putting it to you that they were the leaders of this group and they were intricately involved in the planning which they then reported to you, look we at this stage of the plan now, we are at that stage of the plan right.

**MNR BELLINGAN**:

Ja hulle het net gesê dat daai vorige week het hulle vir ons gesê daar gaan 'n moontlike aanval op 'n polisiestasie wees of dit gaan by die bussie wees, so dit was die enigste **stage** wat ons in was, of fase wat ons in was. Daarna het ons nie weer met hulle gepraat nie.

**MR KHOISAN**:

Okay now to - to move forward in order to proceed with this plan, when they told you that this action was going to happen, what were your exact word to them and also what were your discussions with Liebenberg that you had concerning the information brought to you and what did you then transfer to them?

**MNR BELLINGAN**:

Ek kan nie my spesifieke woorde onthou nie soos ek sê ek het alles gedokumenteer ek het niks vandag nie. Maar ek het vir hulle gesê hulle moet vir ons weer kontak maak en wat ek wel sou gesê het is maak weer kontak en bevestig of die optrede gaan afkom en dit - en daar was nie weer 'n optrede nie en ons het voortgegaan en vir hulle gevra moet ons aangaan met beplanning soos - asof dit gaan plaasvind en hulle het gesê ja. En ek het met Liebenberg was by gewees en alles so.

**MR KHOISAN**:

Okay Mr Killian will proceed with a couple of questions **... end of Tape 2 , side 4 ...**

**MNR KILLIAN**:

Weet u wat 'n kripto berig is?

**MNR BELLINGAN**:

Ja 'n kripto berig is 'n berig wat kyk jy kry in die ou dae was dit 'n teleks dan gaan hy die oop lyn deur so alles wat jy in tik gaan deur en hy kan onderskep word. 'n Kripto berig is een wat kripties geskryf word en gestuur word sodat as hy onderskep word, kan niemand uitmaak wat



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

daarin staan nie, die persoon aan die anderkant wat hom ontvang moet hom dan weer vertaal, dis maar 'n kode berig eintlik.

**MNR KILLIAN**:

Okay het u hier vanaf Kaapstad enige kripto berigte gestuur na u Hoofkantoor in Pretoria?

**MNR BELLINGAN**:

Ja ons het baie berigte gestuur om die situasie te verduidelik en selfs na die skietery ook want daar was vrae in die Parlement gewees en daar is berigte opgestuur of dit kripto of teleks is, kan ek nie, maar ek dink dit sou kripto gewees het want al sulke tipe voorvalle was kripties altyd gewees.

**MNR KILLIAN**:

Okay u het nou net voor diè gesê aan mnr Khoisan as ek u korrek verstaan dat daarna voor die skietvoorval was daar nie weer kontak gemaak met [tussenbeide]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Met die beriggewers nie.

**MNR KILLIAN**:

Met die beriggewers nie - was daar enige ander groep sê byvoorbeeld se beriggewer wat die inligting kon bevestig het.

**MNR BELLINGAN**:

Kolonel Liebenberg of daai tyd Luitenant, hy het bo - weet ek beriggewers gehad van die Veiligheidstak ouens moes beriggewers gehad het. Die Onluste-eenheid ek meen Majoor Dolf Odendal-hulle, hulle het beriggewers gehad so ek kan nie sê wie dit spesifiek bevestig het nie.

**MNR KILLIAN**:

Reg u sê u het toe vir hulle ingelig aangaande die inligting - die beplanning het toe voortgegaan met watter strategie u-hulle sou gebruik om hierdie persone nou soos u sê te - sou arresteer.

Wat was u opdrag nadat u nou hierdie inligting ontvang het luister op Maandag die 3de Maart gaan ons nou beplan ons om die polisiebussie aan te val. Het u behalwe Liebenberg, het u nog ander manne ingetrek in hierdie bespreking of beplanning van - die strategie of die plan om hierdie aanval om ver te gooi?

**MNR BELLINGAN**:

Ek dink ons het - as ek dit kan reg onthou het ons dit wel met die Speurtak en die Moord-en-Roof het ons gekoördineer wat daar spesifiek gesê is kan ek nie 100% onthou nie, maar daar was koördinering want dit was hulle polisiewyke gewees.

**MNR KILLIAN**:

Waar en wanneer was dit die eerste ontmoetingsplek wat u en hulle nou gesamentlik met almal hierdie persone nou die - hierdie beplanningsvergadering gehou het of besprekings.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

**Yes** mnr die Voorsitter ek - ek kan nie 100% sê waar nie ek weet ons was in Wingfield op 'n stadium by die Honde-eenheid was ons definitief gewees.

**MNR KILLIAN**:

Wie was almal daar teenwoordig?

**MNR BELLINGAN**:

Ek moet nou die gesigte onthou Majoor Odendal was daar, Kaptein Lieb was daar, daar was 'n A/O Barnard hy was 'n legende hier by julle in die Kaap. John Sterrenberg - ek dink Paul Loock was daar gewees - Kolonel Kleyn van Moord-en-Roof hy was toe 'n Kaptein gewees, ek dink hy was nog hier met 'n skrapnel in die lies getref gewees, hy was daar gewees. Ek glo hulle was almal daar gewees, ek is - soos ek sê ek het nie 'n dienslys

dat ek nou kan sê nie, maar as ek nou die gesigte onthou kan daar [tussenbeide]

**MNR KILLIAN**:

Dit was - het - was - ek praat nie van die - ek praat van die heel eerste ontmoeting ek praat nie van die oggend van die voorval nie.

**MNR BELLINGAN**:

O! - ekskuus, wie was by u by die heel eerste so daar was mos twee vergaderings nè. Ek kan nie nou sê - ek kan nie my herroep nie, daar mag gewees het, maar ek kan nie vir u nou sê ek sit my kop nou neer daar was een in daai kantoor en daar nie, ek onthou net die - die Wingfield ene.

Ons het baie keer by mense se kantore gekom dan was daar vier - vyf mense in 'n kantoor of so iets.

**MNR KILLIAN**:

So geeneen van hulle ander het die Askari's geken nie, behalwe u, Liebenberg, Mbelo en dan nou Mosè.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**MNR KILLIAN**:

Het u hierdie groep ingelig dat daar is Askari's - daar gaan Askari's wees tussen die aanvallers en hoe die Askari's lyk.

**MNR BELLINGAN**:

Ja ek sou hulle ingelig het, want ek dink die Askari's - ja ek sou vir hulle gesê het en ek dink Jimmy as ek dit nie mis het nie, het die bussie bestuur as ek dit nie mis het nie, ek sou hulle ingelig het ja.

**MNR KILLIAN**:

U sien, want ek gaan u net terugvat na die beplanning toe. Advokaat Potgieter het vir u gevra om die woord te verduidelik aan ons, elimineer.

Soos mnr Potgieter voorheen gesê het wat ek verstaan in die Afrikaanse terme kyk daar is verskil tussen arresteer en 'n verskil tussen elimineer. Want gewoonlik as jy die terme gebruik infiltreer en te arresteer dan sou ek dit verstaan.

Maar die Afrikaanse woord om te **eliminate** in Engels as jy hom vertaal beteken dit om hom - om hom uit te wis heeltemal. Sal u saamstem want 'n vorige getuie in hierdie saak het gesē die opdrag was, **we take no prisoners**.

**MNR BELLINGAN**:

Ek sal nie sê dit was in diè een nie, die opdrag gewees nie maar daar - daar was operasies van Vlakplaas wat gesê het **you take no prisoners**. En daar was persone wat so geglo het ook. Maar ek - soos ek sê ek was 'n indiwidu op my eie wat gesê het ek sal ook op die grond my maar laat lei.

**MNR KILLIAN**:

Maar sal u dan nie nou saamstem nie, hier is - dit is 'n Vlakplaas operasie, Vlakplaas manne word ingekry vanaf Pretoria, Kaapstad, - na Kaapstad dit is - word gekoördineer uit Pretoria uit deur De Kock. Hy stuur sy manne af want Kaapstad se polisie soos sy woorde is, is te slap of te sleg om hierdie groepe te infiltreer.

**MNR BELLINGAN**:

100%.

**MNR KILLIAN**:

En te - om werklik - want hier moes nou iets gemaak word aan die - aan sodat die mense nou in die Kaap kan sien maar luister die polisie doen darem nou iets werklik om hierdie terreur aanvalle nou tot 'n staking te bring.

Nou sal u saamstem as ek die stelling maak dat hierdie operasie soos ons nou weet, was soortgelyk met alle operasies wat plaasgevind het waar Vlakplaas betrokke was.

**MNR BELLINGAN**:

Mnr die Voorsitter ek sal - ek wil nie sê ja of nee nie maar ek sal verskil want ek sou nie iets gereël as - kyk as jy so iets reël dan sorg jy dat jy is die absolute wenner aan die een kant. Dis 'n suiwer hinderlaag en daai mense dink nog hulle luister na 'n radio, dan skiet jy hulle, ek meen dit - dis soos ek dit vertolk.

Hierso was eerste op ons geskiet, dit was handgranate, ek sou nie iets gereël het my persoonlike opinie op dit , dat ek myself my lewe kon verloor het nie. Dan sou ek dit anderste uitgewerk het, dan sou ek gesê het ons moet - ek meen en dan sou ons ook nie vir Sipho-hulle gevang het plus die wat daarna kom nie, ek meen dit was nie my persoonlike - is nie my persoonlike standpunt oor eliminasie en dit nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR KILLIAN**:

Reg okay dit het agterna plaasgevind die arrestasies van Sipho-hulle.

**MNR BELLINGAN**:

En ek moet ook sê die Kaap was nie stil na die 7de nie, hier was baie ander skietery wat die Onluste-eenheid in betrokke was, wat vyf en vier en ses [onduidelik] gewees het en dit was glad nie, as enige iemand wou dink dat die Kaap gaan nou stil raak oor diè sewe dan was dit - dan het hulle wonderwerke gehou, want die Kaap het nog steeds voortgegaan met onluste en dit was begrafnis probleme en goed, so [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

Miskien kan ek net byvoeg en ingooi in die pot wat mnr Killian aanroer daarso is natuurlik ook meer geloofwaardig nè as jou teikens wat geëlimineer word, darem bietjie terug skiet. Ons weet daar was gevalle gewees wat die mense slaapmiddels ingegee was, en deur die kop geskiet

was. Ek meen dis mos nou nie - dit is nie baie oortuigend as jy nie 'n situasie het waar daar 'n tipe van 'n **shoot out** was.

So ek meen dit verleen meer geloofwaardigheid daaraan dat ons het nou 'n groot slag geslaan in die Wes-Kaap ons het 'n groot ANC-nes het ons ontdek en ons het die mense uitgewis en kyk wat het hulle alles op hulle, AK47's daar was handgranate, en goeters gewees, erge - dis erge Terroriste diè en hulle is baie gevaarlik.

In plaas van waar hulle nou lekker in die pad afry en skielik verskyn die polisie en skiet hulle almal uitmekaar uit, is - dit lyk te veel na 'n lokval nie waar nie.

**MNR BELLINGAN:**

Nee - nee ek stem met meneer 100% saam ek moet ook darem vir u sê wat ek nou maar gehoor het van soortgelyke hinderlae in Vlakplaas was as jy nou vat die Piet Retief voorval waar Eugene-hulle betrokke was, was daar darem na die tyd uit die kar uit geskiet om dit te lyk na 'n terugskietery, maar **yes** meneer dit was 'n **dicey** een diè gewees, ek - dan moet ek ook nou nie, dan moet ek in die geskiedenis boeke ook as die domste [onduidelik] agent bekend staan, want ek was daai dag amper weg gewees het.

Ek sou dit nie so gereël het as ek moes nie, regtig - my persoonlike mening - miskien was dit 'n Hoofkantoor gevoel miskien, ek weet nie.

**ADV POTGIETER:**

En ek meen die ding - die ding was op 'n baie hoë vlak ek meen, Louis le Grange sê u.

**MNR BELLINGAN:**

Ja.

**ADV POTGIETER:**

Het met PW Botha gaan praat en gesê jong jy moet onse begroting moet jy nou bietjie opskroef want kyk hier, kyk waarteen is ons - wat staar ons in die oë en so aan.

**MNR BELLINGAN**:

Dis hy.

**ADV POTGIETER**:

Kyk hierdie gevaarlike mense en onse arme paar handjie vol polisiemanne word blootgestel, die een het skrapnel in sy lies en die ander een se oog is gekrap en so aan. Ek meen dis - dis op daai vlak.

**MNR BELLINGAN**:

Ja-nee ek verstaan - ja. En dis soos ek sê Brigadier Schoon het ons ook afgestuur dit was - dit was 'n hoë vlak ding daar was probleme in die Kaap, maar niemand het gesê julle gaan 'n 7 kry en dit gaan 3 Maart wees nie, dit was - dit kon net sowel 17 gewees het, dit kon minder ook gewees het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek luister wat meneer sê maar ek sê weer een ek sal nie myself, ek is regtig dan is ek - ek wil nie 'n lelike woord dan - dan is 'n groot aap as ek so iets, ek so dit op 'n baie professionele manier anderste gedoen het, laat ek darem moet **snipers** gewere en goed sou ek dit anderste beplan het, maar dis 'n moontlikheid.

**ADV POTGIETER**:

Dankie.

**MR KHOISAN**:

Okay on the issue of the - the top secret communication, you informed us that you know you did sent what you call the **kripto berig** okay and we are in possession of - we are in possession of encrypted messages that you sent.

**MNR BELLINGAN**:

Ek sal dit vir u lees.

**MR KHOISAN**:

Now in one of these encrypted messages you talk about a meeting that you - that you had where you received information on the 27th of February 1986 regarding this up coming thing and to put it to you that you - you had full information that a bus will be stopped. There was nothing about either one place or another place, it was very specifically information with regard to Guguletu and that it - the information was specific, even to the time that the attack would take place at exactly 7:15 in Guguletu.

**MNR BELLINGAN**:

H'm.

**MR KHOISAN**:

So you had that information, so there was no - let us just - because we going to go around in circles over here and this is a message that you sent to De Kock.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Ja - nee.

**MR KHOISAN**:

So let us not go around it, let us be very clear about it, you had information on the 27th of February that the attack was going to take place at the specific time at a specific place, you had that right. Then to put it to you that on the 2nd and then on the 27th it goes further that you moved forward and had immediate contact with the Manenberg Reaction Unit, the Murder and Robbery Squad and the Guguletu - the white members you - is very specific here - the white members of the Guguletu - detective branch right.

And then to put it further, you speak here about a meeting that took place at around 6pm on the 2nd of March 1986 at 6pm where the

information that was brought to you on the 7th was confirmed by a source of Murder and Robbery.

So you've already put it to us that the then Captain Kleyn was in that meeting. So [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

Ek kan nie 100% ek sien nou gesigte voor my en ek glo hy was daar, ek kan hom nie 100% ek het nie dokumentasie om te staaf nie, ek verskil ook nie, daai faks is reg u het my geheue nou verfris ook en dit ek stem met u 100% saam.

**MR KHOISAN**:

Okay with all due respect Captain Bellingan you know we are in possession of the information and the information is on the table.

**MNR BELLINGAN**:

Maar verfris my geheue dan net asseblief.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

Okay and the information is to the effect that a - that a source of Murder and Robbery confirmed this, so you had exact information so before we go to Guguletu and Manenberg and a number of other places like Commissioner Potgieter has put on the table, let us just agree that on the 27th of March - of February you were in possession of an exact time, an exact place of where this thing would happen.

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**MR KHOISAN**:

So I put it to you at that time you could have mounted a successful operation because you - these sources were at that point not coming in and out of various groups they were coming out of now, they were getting ready to prepare a very specific group for a very specific mission.

**MNR BELLINGAN**:

100% - 100%.

**MR KHOISAN**:

And a source of - a source of Liebenberg was monitoring that, up to the very day before that action, so they knew exactly where these people were located at that time, so I put it to you, why did you not engage in any attempt to arrest the people even though you knew exactly where they were and you - you already make mention in this particular message that you were in total contact with the Manenberg Reaction Unit which was a very big Unit at that time. The Murder and Robbery Squad and now you also put on the table that Dolf Odendal's people from the Riot Squad.

So why at that point on the 27th did you not immediately move to arrest these people?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

U het my geheue nou verfris en wat daar staan is die waarheid dan, want ek meen u het nou vir my die vars inligting gegee anderste gaan ek soos 'n mot al om 'n kers praat want ek meen ek moet nou gaan op wat in my geheue is en dit.

**MR BRITS**:

Mr Chairman may I request just one thing from you as Chairperson - if there are more documentation available that - personal documentation of Captain Bellingan he would have obviously if that was available to us before we started with the - with the evidence, it would have been much easier, so if there is still - if there is more information or documentation to help him with his memory, we'd prefer if we can get copies of that, go through it and then we don't have to go around on - on the specific point let him refresh his memory on that. That is a fair request - it's my submission.

**MNR BELLINGAN**:

Soos ek sê mnr Potgieter en mnr die Voorsitter ek wil 100% my samewerking gee, maar ek moet soos 'n mot om 'n kers draai, want ek - ek moet nou probeer terugdink aan elf jaar terug en ek sal dit waardeer ek meen, wat daar staan is die waarheid hy het my nou 100% verfris, daar was dan 'n vergadering voor die tyd die 27ste en toe daai 2de dink ek - ja dit lui nou 'n klokkie by my.

**ADV NTSEBEZA**:

Ja thank you Mr Brits ja as I said I have noted that request, I don't know whether you go so far as to say evidence of proceedings that have gone on before to the extend that the - they referred to this particular case, should as far as possible be made available to your client.

That is something that would have to be considered, may there would have to be an argument about whether you should access that evidence. I would have difficulty almost immediately in making available proceedings of a Section 29 Inquiry. Maybe evidence of the hearings into Guguletu 7 to the extend that they may be available, there may be an argument as to whether we should make that available.

I don't think - I think the problem is being that and I can't speak for - for the Investigators, I think there wasn't an expectation that Captain would not be possessed of documents but he has indicated that those documents were destroyed subsequent to the closing down of Vlakplaas or rationalisation of Vlakplaas as he indicated.

But that is a matter that you know perhaps I want to hear Mr Khoisan on.

**MR KHOISAN**:

With all due respect Mr Chairman I do not believe first of all the argument made is that Mr Bellingan - Captain Bellingan is - that these are his personal documents. These are not his personal documents they are documents obtained in the process of an investigation that relate to - an institution of State of which he was a member. He is not the personal owner of these documents - he is in possession of the statement that he made at the time - that was used in two inquest and a court and a trial.

And he - we have acceded to hand him that information, we have worked very hard with Captain Bellingan throughout this proceedings to try not to as he said make him to be like a moth attracted to the fire - the flame. But it would have been easier if Captain Bellingan who had been informed a long time ago, had taken the time to refresh his memory sufficiently enough that we didn't have to come and put all these other things on the table and we are only in a small part of the inquiry, we are not even at the incident.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

All we want to do here is to establish certain things and as advocate Potgieter went with him throughout the thing of why they didn't try to arrest the people and then he put on the table that there - it might have been Manenberg - it might have been this, it might have been that.

And we put it on the table to prevent this going around and around in circles that on the 27th they knew it was Guguletu at 7:15am.

**ADV NTSEBEZA:**

No - no I think what I am asking is whether you have got anything to say about whether or not any documents that might assist mister - Captain Bellingan are documents that you have in your possession and which you would make available to - to him for purposes that have been indicated by his attorney.

**MR KHOISAN:**

Okay we can provide Captain Bellingan according to - to our team here we can provide Captain Bellingan with - with one - the one document that we are referring to here, but we hope that you know it will help to open up. I don't know what that does for - for this proceeding we hope that we can just proceed, instead of having to go through this back and forth.

**MNR BELLINGAN**:

Mnr die Voorsitter ek wil ook net van my kant af sê ek het toe ek die opdrag ontvang het om hier te kom, het ek vir mnr Brits ook gesê ek het nie meer dokumente nie, ek het nie meer kontakte in die Kaap nie. Die Kaapse ouens sê vir my hulle het nie - niks nie, so ek het gekom met leë hande en ek het probeer saamstel, so ek probeer dit net van my kant af sê ek het nie iets probeer wegsteek of nou verbrand nie, ek het so 'n pak goed gehad op Vlakplaas ek het dit alles verbrand so [tussenbeide]

**MNR BRITS**:

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Mnr die Voorsitter die versoek is meer dat hy word nou gekonfronteer met 'n dokument waarvan hy die outeur was my versoek was meer oor waar hy die outeur was, dis - 'n ding - een ding om getuienis te stel wat iemand anderste gelewer het, maar om 'n dokument te stel aan hom waarvan hy die outeur was, moet ons seer sekerlik darem insae daarin hê om te kan verifieer dat dit wat aan hulle gestel was, korrek is.

En dis die enigste versoek, dis nie om gepriviligeerde dokumentasie in terme van Artikel 29 ingewin te kry nie. Dis net maar goeters oor hom - aan hom gestel word wat ons graag die insae in daai spesifieke dokumentasie wil hê.

**ADV NTSEBEZA**:

Ja I agree - maybe Mr Khoisan whenever you want to refer to a specific document or contents thereof, what you want to do for facilitating this points that you want to make, give him a copy so that he can - as you put questions to him, refer to those. I take your point.

Are you ready to proceed?

**MR KHOISAN**:

Can we proceed Mr Chairman - a copy will be made an provided to you in the process here, but now just to - to recap on the meeting of the 2nd that's the day before the operation. Let's go through the names of the people who in the - who were in that meeting and also the division of responsibilities including who would be in overall command according to you just [intervention]

**ADV NTSEBEZA**:

Is this Koeberg?

**MR KHOISAN**:

No - we want - we want Captain Bellingan to tell us where that meeting took place - the meetings the day before - who was in that meeting, and the content of the discussion and the division of responsibilities including the command.

**MNR BELLINGAN**:

Ek gaan ek kan ook nie presies sê of dit ook by Wingfield was nie, ek het nie - kan nie dit onthou nie maar ek glo Majoor Odendal sal daar gewees het, Kaptein Liebenberg, A/O Barnard van Moord-en-Roof se mense, ek kan nie my - ek kan nie nou uit my vuis uit sommer sê nie maar die manne wat op die toneel was die 3de sou moontlik dan ook die vorige aand by die ontmoeting gewees het so. Ek glo A/O Mosê sou daar gewees het al daai mense.

**MR KHOISAN**:

Okay and Odendal would be in that meeting yes.

**MNR BELLINGAN**:

Ja hy - ek dink hy was die senior - ek dink nie, ek weet hy was die senior op die toneel ek meen op die - in die groep.

**MR KHOISAN**:

Okay and what was the content of the discussion according to your refreshed memory of that meeting?

**MNR BELLINGAN**:

Ek glo dit sou gedraai het om die beplanning en die aksies wat daar rondom gegaan het, die en wie doen wat en wie gaan waar sit en wie gaan waar in - nie in 'n voertuig wees nie en wie gaan in 'n voertuig wees en dit sou rondom daai beplanning gegaan het maar om nou puntsgewys sal ek nou moet skote in die donker skiet mnr die Voorsitter.

**MR KHOISAN**:

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

And in terms of the operation now, you getting ready to plan an operation the night before, according to you how many units were used, what was the - you know what was the strength of the group out of the Security Forces that was pulled out to be able to make this - this operation possible.

**MNR BELLINGAN**:

Dit was meer as 15 gewees - meer - miskien baie meer ek - ek sit nou en tel.

As ek nou die persone kan sien, ek kan nie nou sê dit was 28 of 20 of 15 nie, maar dit was - dit was 'n klomp polisiemanne gewees.

**MR KHOISAN**:

Okay let's begin at the Vlakplaas people - you and your team how many were you?

**MNR BELLINGAN**:

Ek dink A/O Mosê sou daar gewees het ek dink Mbelo sou daar gewees het, ek weet nie of daar nog 'n swart Vlakplaas lid by was nie. Maar dis omtrent al wat daar was mnr die Voorsitter.

**MR KHOISAN**:

Okay what about Coetzer?

**MNR BELLINGAN**:

Coetzer was toe in Pretoria gewees.

**MR KHOISAN**:

Okay so it was you, Mosê, Mbelo and then on the other side would have been Jimmy [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

Maar hulle was nie daai aand daar nie, maar hulle sou binnekant gewees het ja.

**MR KHOISAN**:

Okay, okay now I am talking about you getting ready to plan so we fast forward the plan now we going to the next day - the next day at five o'clock there is a meeting or shall I say at 3am there is a meeting at Wingfield am I correct.

**MNR BELLINGAN**:

Dit mag moontlik wees ja mnr die Voorsitter.

**MR KHOISAN**:

Okay - okay now that was the bigger meeting okay and it involved the same forces, Murder and Robbery yes.

**MNR BELLINGAN**:

Ja en dit was die Onluste-eenheid Manenberg soos hulle gesê het Onluste-eenheid, Veiligheidstak, Guguletu Speurtak en ek moet sê hoekom hulle daar gesê het netnou wit lede as ek dink daar was op 'n tyd - dankie mevrou - seker 13 of 15 ouens of 10 was onder skorsing in Guguletu, daar

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

was verskriklike korrupsie onder die lede daar gewees. So daar was 'n handjie vol van die Guguletu Speurtak.

**MR KHOISAN**:

Okay so now and of course who was the senior person in Murder and Robbery that you were dealing with?

**MNR BELLINGAN**:

Ek dink dit was Kolonel Kleyn gewees, maar ek dink hy was 'n Kaptein daai tyd.

**MR KHOISAN**:

Okay, now to proceed off of that, when your meeting at - at Wingfield you were one of the people who spoke up in that meeting, providing information to the people, helping with the instruction.

**MNR BELLINGAN**:

Ja ek glo ek sou ook op die - ek dink nie daai tyd was witbord nie, ek dink ek sou ook op die bord geteken het of wat ook al, ek sou ook voor gestaan het in die klas, stel dit so.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

Okay and at that time did you tell any of the people in that meeting that two of your people namely Eric Maluleka and Jimmy Mbane were to be part of the - the supposed or the alleged attack on this group of policeman who would be travelling in a bus.

**MNR BELLINGAN**:

Ja ek sou hulle vertel het meneer ek weet nie of ek hulle die name sou gegee het nie. Maar ek sou ook vir hulle gesê het asseblief moet net nie - as daar ooit 'n skietery kom moet ons ook net asseblief nou nie dat ons nou polisiemanne raak skiet en dit nie, so - ja ek sou hulle vertel het, ek glo ek sou hulle vertel het.

**MR KHOISAN**:

So you described Jimmy and Eric you said that one was tall or what - what kind of description did you give them.

**MNR BELLINGAN:**

Nee ek sou vir hulle gesê het lank en hy was baie lig van gelaat gewees, Jimmy skraal - hy is stewig gebou en Eric was weer 'n kort fris mannetjie. Ek sou - ek glo ek sou vir hulle gesê het.

**MR KHOISAN:**

Okay and to proceed off of that now, you would have informed them about this action and then how did it proceed from there, what was the division of responsibilities and duties, how - what was your operational plan for that time - for this mission.

**MNR BELLINGAN:**

Kom ek sê as ek dit nou reg ook onthou moes hulle die - as hulle almal in die bussie was sou ons daai bussie moes bo geval het met so min as moontlik ontwrigting te laat plaasvind dat mens hulle - dat mens hulle almal vasvat met al die moontlike voertuie en manne wat op die grond is. Die idee was om die bussie, die manne moet bymekaar gehou word en ons moes hulle onder beheer kry.

**MR KHOISAN:**

Okay now, I am going to ask you one question and with the Chairman's permission I am going to remind you Captain Bellingan that you are under oath. But to proceed you are planning an operation based on attack - an attack that is suppose to occur on a bus, what did you do with the people, the senior officers who were going to be on that bus?

**MNR BELLINGAN:**

Okay ek self het dit nie besluit nie, ek glo Majoor Odendal het dit besluit, daai bussie is vervang met - met van die speurders met koeëlvaste baadjies en vuurwapens meneer, so die bussie het nog steeds geloop soos u netnou gesê het hoekom is hulle nie gestop nie. Hy het nog steeds

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

geloop, maar daar was toe twee of drie of vier ek kan nie die getal onthou nie, gewapende polisiemanne met koeëlvaste baadjies in, wat dieselfde tyd verbygekom het.

**MR KHOISAN**:

So that would also form part of the armed contingent of police at the scene.

**MNR BELLINGAN**:

Ja dit sou deel gevorm het ja.

**MR KHOISAN**:

So let me put it you in other words you - you had so many police on the scene that correctly and correct me if I am wrong, but you had so many police on the scene that based on the plan of operation, these people would have been outnumbered and surrounded and outgunned because you - I am sure you had a lot - a lot of weapons on that scene.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Ja hulle was - hulle was uitge - hoe kan ek sê - wat is **outnumber** in Afrikaans, hulle was - ons was meer as hulle glo ek gewees. Maar **outgunned** kan 'n ou nooit sê nie, dit hang af, jy weet nooit presies wat is jou vyand nie, maar ons was goed gewapen gewees. Ek dink hulle was gewapen met hulle R1-gewere en ek weet nie of daai tyd al Uzi's was en pistole nie, maar ons was ook goed gewapen so.

**MR KHOISAN**:

H'm.

**MNR BELLINGAN**:

En ons was ook genoeg polisiemanne ek glo [intervention]

**MR KHOISAN**:

Okay you were very well armed, there was a Casspir also that was used all right.

**MNR BELLINGAN**:

Ekskuus?

**MR KHOISAN**:

There was a Casspir vehicle.

**MNR BELLINGAN**:

Ja daar was 'n Casspir of twee, want hulle moes die - as daar iets plaasvind moes hulle die plek toemaak, seël dat mens [sin onvoltooid]

**MR KHOISAN**:

Okay and now beyond that, you had - you had these people coming, you had lots of police on the scene, Murder and Robbery, Riot Squad, you had all kinds of vehicles and stuff like that.

Did you ever in that meeting and once again I want to just, we want to try to - we don't want to - it's not to persecute you but we want to refresh your memory exactly did you or anyone in that meeting talk about the need to arrest people or was there a talk about removing these people to - to as you put it, how did you put it in your words, **om te elimineer**.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Kom ek sê vir meneer ek dink die praatjie was daar dit gaan oor arresteer, maar u weet hoe is polisiemanne as hulle daar is, hulle is opgewonde en sê ja ons skiet hulle sommer dood en daai goete, dit mag gebeur het dat daai ouens sulke uitlatings gemaak het, ek gaan dit glad nie ontken nie. Dit mag gebeur het dat ouens gesê het ons skiet hulle sommer as ons hulle sien en daai tipe goed. Dit mag gebeur, maar dit was nie 'n opdrag gewees nie.

**MR KHOISAN**:

Okay Ms Barends would like to ask a few questions.

**MS BARENDS**:

If I want to understand how a structure such as the SAP operate, could it be that instructions are given in a meeting and amongst the group that are

being given instructions they can formulate their own instructions. Isn't it the procedure that people under command follow the instructions very carefully in an operational situation.

**MNR BELLINGAN**:

U is 100% reg Me Barends, dit is veronderstel om so te werk, maar omdat hier verskillende divisies betrokke was, was dit 'n klomp - dis ook 'n klomp aan die ander kant nou weer 'n klomp wilde voële bymekaar gewees. So daar mag ouens wees wat gesê het ons - ons gaan net - ons stap ons pad ek meen ek ken ook mos nou 'n polisieman ek meen dis - elke ou is op sy eie **mission** al is daar 'n [onduidelik] dit mag wees gewees het, maar dit was nie die instruksie nie, ek meen 'n instruksie is jy hou by die reëls en jy doen soos die groepleier sê. Is net so goed jy stap in die bospatrollie en 'n ou doen op sy eie iets, dis heel uit pas uit.

Maar daar mag ouens gewees het wat dit [sin onvoltooid]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

Okay is it correct to assume that or shall I say just and just confirm this that the nature of the discussion was one that - that these are dangerous people and that this mission we are on a mission here to deal with them seriously.

**MNR BELLINGAN**:

Ja dit was - dit was gevaarlike mense gewees en ongelukkig as die ander ouens gewapen is, dan is dit die ou wat eerste skiet, skiet raak ek meen soos wat daai ou wat my geskiet het, hy het amper die boks geslaan om my raak - dood te skiet, so die ou wat eerste skiet, skiet om dood te skiet ek meen.

**MR KHOISAN**:

Okay.

**MNR BELLINGAN**:

Ek kan nie sê wat by al die groepe gebeur het nie ek praat nou rondom my eie [intervention]

**MR KHOISAN**:

No I am talking about the meeting, let's not drift into the incident.

**MNR BELLINGAN**:

Okay ja.

**MR KHOISAN**:

The meeting itself, did you or - so you - yourself the then Lieutenant Liebenberg, Major Odendal, Major Brazelle, from the side of the leadership, from the side of the command who were planning the operation and discussing the operation the word was definitely the men who were around you they were getting a very strong instruction that these people had to be dealt with, that was the view, right?

**MNR BELLINGAN**:

Ja dit was - dit was - dit was 'n baie kom ek sê - soos ek die ouens ken ook dit was Kolonel Liebenberg is nie so 'n mens nie, hy is 'n baie stil mense hy is nie 'n ou wat sal sê gaan doen nou dit, gaan skop daai ou se deur af nie. Kolonel Liebenberg is 'n baie, maar Majoor Odendal ken ek nie so goed nie maar hy was 'n baie sterk persoonlikheid gewees so, dit mag wees.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

So you and Odendal and others were putting the line down, let me put it to you, you - did you ever tell people that they - now let's just kill these people.

**MNR BELLINGAN**:

Nee ek sal dit nie gesê het nie.

**MR KHOISAN**:

Okay did you ever say, did anybody ever say in that meeting and you know you are not the only witness that is coming on this incident.

**MNR BELLINGAN**:

Ja nee ek verstaan.

**MR KHOISAN**:

But did you - did anybody talk in that meeting about arresting these people.

**MNR BELLINGAN**:

Ja ek glo hulle sou daar gepraat het ek meen watter ou sal hom ook voor 15 - 20 ouens **commit** en sê kom ons skiet hulle dood dis - en daai tipe goed, ek meen as ek my geheue verfris sal ek - sal ek sê as daar gepraat van - maar daar is ouens wat so gesê het ag man kom ons skiet hulle dood, daai tipe goed, dit mag ook gebeur het.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**MS BARENDS:**

If I am to understand you Captain Bellingan you are saying that the instruction which passed down from the command was to arrest the people on the scene is that correct?

**MNR BELLINGAN**:

Ja dit kom daarop neer.

**MS BARENDS:**

Okay and in terms of the information which you had - you and others had received from sources it would appear that this group was heavily armed. Is that correct?

**MNR BELLINGAN**:

Dis korrek ja.

**MS BARENDS**:

Okay, was there any discussion as to what would happen should this group use their arms, you saying the - they were suppose to arrest them,

was there any sort of secondary plan put in motion should these people possibly shoot on that day and what then had to happen. Was there ever talk of not arresting?

**MNR BELLINGAN:**

Ek sal moet jok as ek sê maar as ek weet hoe 'n polisieman ook opereer of hoe almal op daai terrein opereer is as een ou skiet, dan is dit - ek wil nie die woord gebruik **free for all** nie, dan gaan mens mal, want dit is my grootste bekomernis daai dag dat ek - ek is nou weer bietjie voor die ding, maar dat dit sal 'n **free for all** wees en dan wat de hel gaan dan gebeur, wat van die publiek en goed.

Nee dit mag in groepies **discussed** gewees het, maar dit was nie 'n opdrag van bo gewees nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MS BARENDS:**

Okay, I just want to state that I find that a strange proposition, considering the information that you already have in your possession with regard to the nature, or the alleged nature of the group you are dealing with that there was no possibilities that the situation that occurred, would occur in terms of the planning that was undergone on the 2nd and then again on the 3rd at 3am at Wingfield.

**MNR BELLINGAN:**

As ek u reg verstaan het sou ek gesê het of sou ek gedink het dat ons gaan hulle almal by 'n bussie kan bymekaar kry en bo val en arresteer en dit het toe nou nie gerealiseer nie ek meen die inligting was ook hulle sal in 'n bussie wees. As ek u vraag reg verstaan.

**MS BARENDS:**

Nee wat ek eintlik sê is dat u weet die groep het wapens nou soos jy dit weet. [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN:**

Ja - ja.

**MS BARENDS:**

Reg, maar die instruksie is arresteer hierdie mense, was daar gepraat - hierdie mense het wapens, hulle sal miskien skiet op julle wat dan sal die groep dan doen as hulle skiet, dit vind ek snaaks was nie genoem deur die mense wat eintlik die beplanning doen nie.

**MNR BELLINGAN:**

Ja dis hy - dit is ook genoem want ek meen dit - is net logies dat jy dit gaan noem ek meen dis - hierdie ou verwag ook seker nie as jy hierso om hulle staan dat hulle gaan net sê nee ons sit die wapens neer en ons gee oor nie. Dit is ook bespreek ek glo dit sou bespreek gewees het daar, want dit is net op normaal dat so iets bespreek word om te sê dan moet ons, ons laat lei deur omstandighede op die grond.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MS BARENDS:**

En ek wil eintlik nou vra nou wat was gesê deur die mense wat daardie groep gelei het, deur uself, Luitenant Liebenberg ensovoorts, as hulle skiet, wat het julle gesê moet die groepie van mense van die **Riot Squad, Murder and Robbery** wat moet hulle doen?

**MNR BELLINGAN:**

Ek persoonlik sou gesê het en ek kan nie sê ek het dit gesê nie, want ek kan my nie so goed onthou wat dit, maar ek sou gesê het ons moet ons laat lei deur omstandighede. Maar ek wil nie 'n dooie polisieman sien nie, ek wil nie polisiemanne sien wat gaan seerkry nie, dit was maar altyd eerste ding wat deur jou kop gaan. Niemand aan ons kant moet seerkry nie.

**MR KHOISAN:**

Okay let met put it to you Captain Bellingan, in your view in retrospect now, you have time 11 - 12 whatever years have you elapsed, was this an ambush? Just straight was it an ambush?

**MNR BELLINGAN**:

Ek gaan sê ja maar dan aan hulle kant, hulle het eerste geskiet in 'n **ambush** skiet jy eerste - jy het die verrassings **gun** aan jou kant, as ek vanaand iemand **ambush** op pad na die toilet toe dan het ek die verrassing aan my kant. Hulle het die verrassing aan hulle kant gehad, so hulle het die **ambush** geaktiveer.

**MR KHOISAN**:

Okay you - you of course using the benefit that you are speaking these are your words okay, but - but you see that map over there, at 5am your people were deployed just show us where the people according to your understanding of that situation, where was everybody deployed. Including where the Casspirs were deployed, can you please bring the mike with you and explain exactly and read them with points please because they are marked in terms of the alphabet so please tell us where people were deployed and note them according to points.

**MNR BELLINGAN**:

Wat ek nou gaan sê kan ek nie sê dis 100% soos wat dit was nie, ek kan nie daai beplanning onthou nie, maar die kaart bring ook darem 'n mens se geheue terug.

As ek dit reg het was hier lede geplaas gewees, hier was lede maar hulle moenie op daai lede - as daar probleme was skiet nie. Ek dink die Casspirs sou daar moes toemaak en hierso, die bussie sou hier voor hy die ouens aflaai, sou hy hier karre, waar die karre - motors orals was, kan ek nie nou spesifiek sê nie. Sou hierso, die idee was om hom daar te - bo te val die bussie.

Ons voertuig as ek dit nie reg het nie, was ver af in die straat wat nou - hy loop so as ek dit reg het met 'n draai. Daar af so dis min of meer wat ek kan onthou wat daar was. En na 7:15 en daar niks gebeur het nie, die voertuig het hievandaan gekom hier, was al die voertuie weg en hulle het weer in die omgewing gaan patrollie ry. So [sin onvoltooid]

**MR KHOISAN**:

Okay so let met put it to you that there were people deployed in the bushes at the point marked U on the map can you agree.

**MNR BELLINGAN**:

Ja ek glo dit was die plek min of meer waar hulle was.

**MR KHOISAN**:

Okay there were people in the points marked A - C - B.

**MNR BELLINGAN**:

A - C.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

A - A.

**MNR BELLINGAN**:

Ja - ja ek sien hom raak.

**MR KHOISAN**:

Okay - okay.

**MNR BELLINGAN**:

Maar dit was nie die oorspronklike beplanning nie, dit het gebeur met die skietery.

**MR KHOISAN**:

Okay just on your - just on your refresh memory I just want to get a lay of the land there, there were people in - in NY - there was a group in NY1 that is going towards the bridge there.

**MNR BELLINGAN:**

H'm- herhaal net weer meneer asseblief.

**MR KHOISAN:**

Okay NY1 there right in front of you.

**MNR BELLINGAN:**

Ja.

**MR KHOISAN:**

The area between the area marked bush **bosse** and the - the other side of the sketch plan, Point U - Point U.

**MNR BELLINGAN:**

Ja.

**MR KHOISAN:**

Right, that NY1 right next to there, there were people, there were members of the Security Forces deployed there, is that correct?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN:**

Ek glo dit was die plek min of meer.

**MR KHOISAN:**

Okay - okay there were - there was - you of course have agreed that you were deployed somewhere around point A or a little bit further down right?

**MNR BELLINGAN:**

Nee - ja ek was - meer af - weg gewees.

**MR KHOISAN:**

Okay - okay.

**MNR BELLINGAN:**

Ek dink so, ek praat ook onder korreksie, ek glo ek was daar af.

**MR KHOISAN:**

There were cars at the point marked M on the map, on NY111. There was Security Forces deployed there ja.

**MNR BELLINGAN:**

Ek kan nie met 100% sê nie, want dit was voertuie wat teruggekom het later wat hier in 'n skietery was, so dit mag moontlik wees.

**MR KHOISAN:**

Okay and then there in the far end there, the points marked P, okay marked T - S - Q and R - there is some bushes there.

**MNR BELLINGAN:**

Ja.

**MR KHOISAN:**

There were some Security Forces deployed there right.

**MNR BELLINGAN:**

Ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN:**

So and the Casspir where was the Casspir - where was the two Casspirs that you talked about because I am sure you know that.

**MNR BELLINGAN:**

Ja ek glo die een Casspir was in een van die systrate en die ene was daai kant van die Hoofweg as ek dit korrek nog het, dis soos [intervention]

**MR KHOISAN:**

Okay there was - there was no Casspir in the bush - let me just refresh your memory and you will - we are on the record and under oath.

**MNR BELLINGAN:**

Ja ek kan nie met 100% sê nie.

**MR KHOISAN:**

Okay so just the way you [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

Daar was later 'n Casspir wat daar ingery het nou wat u daarvan praat - na die skietery het daar 'n Casspir ingery, maar of hy daar gestaan het in die oorspronklike beplanning kan ek nie 100% sê nie.

**MR KHOISAN**:

Okay so just in terms of what you've shown me, you've shown me a situation in which the entire area all the entries and exists and all of the major places in the place where the attack is suppose to have occurred - there was Security Police stationed. There were I mean there were policemen, members of the Security Forces stationed.

**MNR BELLINGAN**:

Ja en mense op die punte om te kyk of hulle die bussie wat ons vermoed die mense gaan in wees, optel sodat as hy in beweeg dat hulle vir die voertuie kan sê om nader te kom en om die pad toe te maak en hom af te trek... **einde van Band 3, kant 5 ...**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

So at that point when you realised that you had covered all the areas, on site, was there any discussion about whether those people will be arrested or not?

**MNR BELLINGAN**:

Nie op die toneel wat ek nou - daar mag - dit mag gewees het dat dit bespreek is, ek kan nie - ek kan nie 100% sê nie want ek kan nie onthou wat alles spesifiek daar gesê is nie, ek glo so.

**MR KHOISAN**:

Okay now just for your own words Captain Bellingan - just describe for us from beginning to end, the incident as it occurred.

**MNR BELLINGAN**:

Kan ek vir u op die kaart ook wys meneer.

**MR KHOISAN:**

Okay just one second I think that - that there is going to be a break or somebody wants to call a break.

**ADV NTSEBEZA:**

We had indicated that we would take tea at 3:30 - I believe your flight is at half past six is it. Maybe we need to indicate that we should wrap up at the worst at five o' clock. We should take a 15 minute tea and we should be back at quarter to four - we shall adjourn for tea.

**MEETING ADJOURNS FOR TEA** **ON RESUMPTION**

**ADV NTSEBEZA:**

This is a resumption a further resumption of the Section 29 process Mr Khoisan.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN:**

Okay Captain Bellingan we were now at the stage where we talking about the incident, in your own words, and from the best of your refreshed memory and your recollection of this event which occurred some time ago. Can you tell us what happened and what your role in this was.

**MNR BELLINGAN:**

Ja laat ek eers sit, mnr die Voorsitter ja ons het die oggend uit beweeg ons was in die omgewing as ek nou kyk hier waar A staan 'n bietjie meer verder af glo ek dit was die omgewing waar ons kar - motor geparkeer was. Die idee was om die Kombi daar in die interseksie sou almal as hy deurkom sou ons hom bo geval het en gepoog het om hulle te arresteer.

Die bussie van die polisie het deurgery gekom. Die bepaalde tyd en daar het niks gebeur nie, van die mense het toe onttrek en toe het hulle

gesê maar kom ons gaan kyk op die radio nou. Kom ons gaan kyk net weer op die toneel of daar nie wel iets is nie, en soos ek sê ek was - ek het dit vroeër ook gesê in die Datsun, ek het links agter gesit. Kaptein Brazelle voor my, Sersant Grobler het bestuur, dis 'n geel Laurel.

Ons het hier opgery en toe hier - ons het hier regs in gedraai en ons het in daai oostelike rigting gery. Toe sien ek vir Eric Maluleka ver vorentoe staan en ek vra vir hom nou - ek stop toe by hom, want nou het ek nou my [onduidelik] en my R1 by my. Shakes wat gaan aan, wat het - hoe julle is dan nou veronderstel om in die bussie te wees, wat het gebeur. Toe sê hy net pasop die mense is op die grond. Hulle gaan - hulle is swaar gewapen.

Ek het hom net gelos, hy het vir my gesê hy het nog komberse daar gelos ook, waarin wapens was. Want hy sê hy het van die wapens teruggehou want hy sê hy was bang die mense gaan groter moeilikheid kan - moeilikheid veroorsaak.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Daai Datsun het 'n U-draai gemaak en teruggekyk in 'n westelike rigting. Hy het omtrent teen die kant gestaan toe ek agter sit en Kaptein Brazelle het voor my gesit as ek dit reg kan onthou. En ek het vir hom gesê hy moet uitklim. En toe hy uitklim, en ek vat my R1 en ek tel hom op. Toe hoor ek 'n ontploffing en ek hoor skote. En as ek nog - nou kan reg onthou Sersant Grobler het nog gedink ek het 'n gat deur die dak geskiet, hy dink ek het miskien 'n - 'n ongeluk met my wapen gehad.

En die volgende oomblik het ek net gevoel my gesig brand en dit was nou wel nie wonde soos ons [onduidelik] maar die oog binnekant was gesny en dit het nogal baie gebloei en dit - alhoewel ek dit afgevee het later, maar dit het baie gebrand en dit het - my eerste bekomernis was my oog.

Ek het uitgeklim, ek het nog nie besef my geweer is raak geskiet nie, ek het ook nie eintlik besef wat het my in die gesig getref nie.

Ek het agter om die voertuig gegaan en ek het gebuk en ek het na iemand geskiet, moenie my vra wie nie. Ek het en daar het niks gebeur met die geweer nie, ek het hom - hy het gestoor en ek ons het hom weggegooi. Ek het my pistool uitge - en heeltyd het ek net skote gehoor. Ek het toe gehardloop na die interseksie toe, en hier het 'n man uitgeklim uit die bussie uit en dit het gelyk of hy 'n - daai Chinese stok granate na my toe gooi of 'n voorwerp na my toe gooi en ek het hom geskiet. Ek kan nie eers onthou watter afstand nie en verder het ek - dit was net chaos en jy het net mense hoor skree.

My grootste vrees wat deur my kop gegaan het, hier gaan publiek seerkry en hier gaan 'n gyselaars drama wees en dis spitstyd. Ek het 'n radio in die hande gekry, ek weet ek het op 'n tyd het ek na alles begin - nou nie na maar sekondes loop vinnig. 'n Kontak is 'n vinnige situasie alhoewel dit voel vir jou of dit 'n uur lank is.

En ek het 'n helikopter probeer in die hande kry en die helikopter was nie in verbinding nie, ek moes een laat kom van Yster - wat was die - hier is 'n plek naby Simonstad - nee dis nie Ysterplaat nie, dis naby Simonstad. En die helikopter het ingekom ek het - ek weet nie wie het ek gevra om in die helikopter te gaan en te kyk nie, want toe skree hulle ja die mense hardloop die bosse in. En daar is baie en hulle is weg en dit, en ek het probeer orde skep, maar dit was chaos en intussen tyd hoor ek hier skiet ook nog van die kant af en ek beweeg terug en hier iewers was 'n ou wat geskree het daar 'n handgranaat toe ek om die kar kom, en daar was 'n skietery gewees. So dit was 'n baie deurmekaar spul gewees sover my geheue betref.

Dis min of meer wat gebeur het toe daar. Toe het daar - later het moord en roof op die toneel gekom, ek dink dis 'n Majoor Brits of 'n Kolonel Brits, hy het die GDO gehou en daar is name afgeneem en ons het

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

lank na die tyd toe is daar eers verklarings afgeneem en goed so. En dis min of meer wat gebeur het wat ek nou onmiddellik kan onthou.

**ADV POTGIETER**:

Kan ek net vir u vra Kaptein - het u gesê dat u het gewag vir 'n voertuig met die aanvallers in.

**MNR BELLINGAN**:

Ja die inligting was hulle sou in die bussie ry en hulle wil 'n **ambush** reël vir die mense met die bussie. So hulle sou in 'n voertuig kom, nou ons het nie geweet waar lê hulle dan die hinderlaag vir die bussie nie, sal hulle daar lê, gaan hulle hier lê waar nie. So ons wou probeer om daai aanvallers in daai bussie wat die - wat hulle sou ry ook te probeer - dit was een van die opsies wat daar was, ook te probeer vasvat.

**ADV POTGIETER**:

Ja maar die punt is die, u het verwag dat die mense is in 'n voertuig.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Ja ek het - my persoonlike opinie was hulle gaan in 'n voertuig wees, hulle gaan nie in die bussie wees nie.

**ADV POTGIETER**:

En hoe het u daardie opinie gevorm?

**MNR BELLINGAN**:

As ek dit nou nie mis het nie, het een van die Askari's nog vir my gesê hulle gaan met 'n bussie ry en dan gaan hulle afklim en ons wil voor hulle afklim wil ons dan as ek nou my geheue kan - kan verfris en goed, dan moet ons probeer voor hulle afklim en hulle **ambush** lê met ons probeer wees, maar daar was nie so 'n bussie in die omgewing wat ek kan onthou nie.

**ADV POTGIETER**:

Maar wat se - wat se inligting het u gekry ek meen waarvoor het u gekyk in terme van die voertuig?

**MNR BELLINGAN**:

Dit was as ek dit reg het, wat in my verklaring staan was 'n - was 'n roomkleurige bussie.

**ADV POTGIETER**:

Ja nee-nee ek praat nou nie van na die tyd nie. Kyk u het nou verwag dat daar gaan hierdie aanval gebeur.

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**ADV POTGIETER**:

En u het die opinie gevorm dat die aanvallers gaan in 'n voertuig beweeg.

**MNR BELLINGAN**:

Na die toneel toe.

**ADV POTGIETER**:

Ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**ADV POTGIETER**:

Nou waarvoor het u uitgekyk - wat se voertuig?

**MNR BELLINGAN**:

Vir 'n bussie, 'n - die paneel bussies en of op die voete alhoewel hulle nie uniform het dan nie, ons het dan nou - ons het maar vir alles het jy maar uitgekyk ek meen vir die beste wat jy kan- kan opmerk.

**ADV POTGIETER**:

So het u hoegenaamd geen beskrywing gehad van die voertuig nie.

**MNR BELLINGAN**:

Daar was 'n beskrywing as ek dit nie mis het nie - ek dink dit was 'n - daar was 'n voertuig gesteel ook in - 'n rukkie tevore wat die beskrywing aan voldoen het en Jimmy het ook, as ek dit reg het, het hy vir ons 'n beskrywing ook gegee watter moontlike voertuig hulle gaan gebruik.

**ADV POTGIETER:**

So [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN:**

Ek moet jok as ek daar sê hoe presies het die voertuig gelyk.

**ADV POTGIETER:**

Ja - ja. Maar soos u geheue nou terugkom nou lyk dit nou amper asof u nou onthou dat u het definitief 'n beskrywing gehad.

**MNR BELLINGAN:**

Ja dit - dit was - wat is dit nou 'n geel - 'n roomkleurige tipe bussie - paneel bussie of met vensters of paneel bussie.

**ADV POTGIETER:**

So u het geweet waarvoor u moet uitkyk?

**MNR BELLINGAN:**

Ja min of meer, ek het nie 'n registrasienommer gehad nie, maar ons het darem min of meer geweet dit is 'n bussie en hy - en dit.

**ADV POTGIETER:**

Het die Askari's vir u enige ander besonderhede gegee? Gesê dis 'n voertuig, het hulle gesê watter roete hulle gaan volg?

**MNR BELLINGAN:**

Meneer - ek - ek het nou nog nie daai kripto gelees nie, maar ek moet ook jok as ek sê - as ek sê hulle het van NY - van bo af noord gekom of van suid af of van watter kant af, ek moet jok as ek dit sê. Ons het net - ek kan net onthou van 'n bussie maar dis in daai omgewing, so dit mag wees dat hulle gesê het nou - ek - soos ek sê ek wil nou nie my - nou probeer hier lieg en dan sê ja-nee hulle kom van daai hoek af en dan is dit nie so nie. Ek is eerlik as ek hier sit, ek kan nie onthou watter rigting het hulle gesê kom hulle nie.

**ADV POTGIETER:**

Dankie.

**MR KHOISAN**:

Okay just before we proceed I - I just want to be clear, you just informed us Captain Bellingan that you - just about a week before the incident was - was that the last before you spoke to these Askari's?

**MNR BELLINGAN**:

Daai 27ste toe ek daai kripto gestuur het, was dit die - ja dit was die laaste behalwe Eric wat ek daar op die toneel gesien het, wat ek kan onthou wat ek met hulle gepraat het.

**MR KHOISAN**:

So that's when - that's the last time that you - you actually spoke to them right?

**MNR BELLINGAN**:

Ek glo so dit was - ek dink daar was nog 'n tyd tussenin nie, want dan sal ons - so hulle was getaak om meer inligting te bring of te bel of wat ook al maar dit het niks uitgekom nie, as ek dit reg kan onthou.

**MR KHOISAN**:

Okay so when was the bus - okay, they sent you no additional information - okay then this bus that they were going to be travelling in, was it an legitimate vehicle or was it a vehicle that was obtained, stolen as such.

**MNR BELLINGAN**:

As ek dit nie mis het nie, was die voertuig, was hy gesteel gewees as ek dit nie [intervention]

**MR KHOISAN**:

And when was this vehicle stolen?

**MNR BELLINGAN**:

Ek weet nie, ek kan nie 'n tyd en 'n datum sê nie.

**MR KHOISAN:**



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Okay do you know if it was stolen two days - five days - two weeks, three weeks before the operation?

**MNR BELLINGAN**:

Nee ek kan nie nou uit die [intervention]

**MR KHOISAN**:

But it was stolen according to you by the time that you spoke with these people because they - they should have given you a description of the bus as such.

**MNR BELLINGAN**:

Ja of hulle het gesê hulle - of hulle het gesê die ouens gaan nog 'n bussie steel of dit - ek is nie - ek moet jok as ek dit sê, ek het - soos ek sê ek is nou spyt vandag ek het nie nog my leërs nie, want ek die goed per woord aangeteken, per minuut [onduidelik] maar ongelukkig het ek dit nie.

**MR KHOISAN**:

Unfortunately you destroyed them but your mind is still in tact.

**MNR BELLINGAN**:

Ja maar ek kan nie - ek meen ek kan nou sê twee dae voor die tyd ek meen dan gaan ek nou begin lieg en ek meen dis nie korrek nie.

**MR KHOISAN**:

Okay so - so or instance we do know that you spoke to them a while before the operation, like the 27th that's established.

**MNR BELLINGAN**:

Ja dit kan ek onthou dat ek dit [intervention]

**MR KHOISAN**:

So - so they told you either they told you that we have already stolen a vehicle was going to be stolen and they could give you the exact description of the vehicle that they were going to steal, I mean I am just trying to establish whether you know if you knew that there was going to

be another crime committed like a theft of a motor vehicle you know - why would you not stop another crime if a crime was going to be committed.

**MNR BELLINGAN:**

As ek geweet het waar hulle hom sou steel so ek dit - sou ek dit verhoed het, maar dit is net so goed jy - ek sê nou vir jou vanaand gaan daar 'n voertuig gesteel word en dan waar in Kaapstad steel jy hom ek meen - ek sou dit verhoed het.

**MR KHOISAN:**

Okay, but Captain Bellingan just - I mean I am trying to understand - we are trying to understand here how you can have a description of a vehicle that has not even been stolen yet or [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN:**

Dis hoekom ek sê ek weet nie of hy voor of na die tyd gesteel is nie mnr die Voorsitter.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN:**

Okay.

**MNR BELLINGAN:**

Ek kan nie onthou nie maar daar was 'n beskrywing van 'n voertuig gewees.

**MR KHOISAN:**

All right so maybe - okay he had a description of a vehicle, so that's the vehicle you were looking at right - let's just get that out of the way. Ms Barends would like to ask.

**MS BARENDS:**

It has been established Captain Bellingan that on 27th of the 2nd you spoke to your sources, correct. According to your memory you don't remember meeting with them again is that correct.

**MNR BELLINGAN:**

Ja ek kan nie onthou nie, dit mag wees, maar ek kan nie onthou nie, ek twyfel.

**MS BARENDS**:

But you received some kind of description of the vehicle on that day that you spoke to them, because you must have known when the operation happened, what kind of vehicle you were going to be dealing with.

**MNR BELLINGAN**:

As ek nou kan onthou en ek gaan dit ook nie 100% nie - iemand het daar gesê dat daar is 'n voertuig gesteel twee aande terug en hulle het 'n afleiding gemaak dit moet die voertuig wees - ek - ek probeer nou my in plek sit om te sê ons het geweet hoe lyk die voertuig.

Iemand het gesê daar is 'n voertuig in Guguletu gesteel of ek [intervention]

**MS BARENDS**:

One of the people that you were - like Captain Liebenberg did he say that two [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

Ja een van die groep - een van die groep se mense, nie die twee Askari's nie, een van die groep se mense het iets gepraat van 'n voertuig of hulle het gaan kyk in hulle registers waar is 'n voertuig gesteel of ek is - ek moet bespiegel as ek dit sê.

**MS BARENDS**:

But according to you now the information came to you that it was stolen two days before the actual incident, is that what you heard?

**MNR BELLINGAN**:

Ja - nee ek sal - ek kan nie my verbind aan iets nie ek gaan - ek gaan moet - dan bespiegel ek, ek kan nie sê twee dae of vier dae of vyf dae of voor - wanneer ek hulle laaste ontmoet het nie.

**MS BARENDS**:

Okay.

**MR KHOISAN**:

Okay Mr Killian would like to ask a question.

**MR KILLIAN**:

**Die storie van die voertuig** - the story of the vehicle, isn't this just a fictitious story that you knew right from the beginning through your Askari's that you used - that there was a vehicle already stolen and now you trying to bring - or to bring us under the impression that all the time you never knew.

Because I find it strange that you will wait for a vehicle that you have got - as you said no description from, any vehicle could have been used for this operation, including not only the minibus - even a car could have been used for this operation. But you knew exactly that they were going to use a minibus.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

So all the time you had to be informed about this, that this minibus was - as you said a stolen minibus or stolen vehicle was going to be used in this operation. So I put it to you Captain Bellingan that you knew beforehand and the instruction that you gave to the Askari's was to steal a vehicle, because their vehicle was out of operation now - is that correct. Their vehicle was out of operation - the Askari vehicle.

**MNR BELLINGAN**:

Ek glo hulle - dit was die - ja hulle voertuig was soos ek netnou gesê het dit het mos vasgeval en toe was hy uit - uit sirkulasie uit gewees, daar moes 'n beskywing gewees het want ons het vir 'n spesifieke voertuig, so dit mag wees dat hulle op die 27ste vir my wel gesê het ja daar is 'n bussie en so lyk die beskrywing, maar dat daar nie nommerplate miskien genoem is van nie en dat die speurders toe vasgestel het maar daar is 'n bussie gesteel en dit - so dit mag wees. Ek meen [tussenbeide]

**MNR KILLIAN:**

U sien, want geen mens onder die son gaan 'n operasie beplan [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN:**

Nee ek weet dis hoekom ek sê dit mag wees, dit moet wees eintlik dan.

**MNR KILLIAN:**

So u het dan geweet maar hierdie mense gaan kom in 'n voertuig, ons gaan wat vir die voertuig.

**MNR BELLINGAN:**

Dit was - dit was - dis 'n bussie vir my gesê so ons moes 'n beskrywing gehad het ek meen - ek probeer nou net - ek wil nie nou vir u sê dit was 'n bussie met vensters of 'n paneel maar dit kom duidelik terug, dit was 'n paneelwa tipe gewees.

SAHA

**MNR KILLIAN:**

So u sal dan saamstem dat u het vooraf geweet van die bussie wat gesteel was - of vermoedelik gesteel was.

**MNR BELLINGAN:**

Ja ek - ja ek moed dan myself korrigeer en sê dit was ook dan by die 27ste se ontmoeting het hulle vir my gesê want dan - anderste hoe sou ek anderste geweet het, so dit moes dan daar gewees het, of dit nou 'n week voor dit gesteel is, of twee dae - dit kan ek nie sê nie - maar ek meen anderste gaan ek ook nou in die rondte draai.

**MR KHOISAN:**

Or maybe it was stolen on the very day - never the less I am sure the record, whatever at the end of the - when this Commission makes a finding will attest us to when the bus was stolen.

Just as a personal point - you are an police officer an officer sworn to uphold law and order in the country, how would you associate yourself with a crime. How would you become an [indistinct] after or before the

fact to a serious crime like a theft of motor vehicle. Or was that part of like the **modus operandi** of Vlakplaas.

**MNR BELLINGAN**:

Nee.

**MR KHOISAN**:

Did you have Vlakplaas people been involved in stealing vehicles before this incident - and you know you are under oath here.

**MNR BELLINGAN**:

Ja - nee daar was sulke voorvalle gewees, maar die spesifieke een wil ek ook tereg sê en ek sou dit erken het vandag as ek gesê het hulle moet 'n bussie steel. Ek meen ek is mos nie nou skaam om te sê man ek het gesê hulle moet die bussie steel nie, maar ek kan nie sê - ek wil my verstout om te sê dat Jimmy het vir my gesê dat die **comrades** het 'n bussie en hulle weet om hom te steel, dat ek miskien daarmee saamgestem het ja, maar ek het nie vir hulle opdrag gegee nie.

Want as ek dit gegee het sou ek gesê het, ja gaan steel 'n bussie, ek meen hoekom wil ek nou 'n bussie se steel wegsteek, terwyl ek van moorde in an my ander amnestie aansoeke gaan praat.

**ADV POTGIETER**:

Is u 'n Kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisiediens?

**MNR BELLINGAN**:

Nee ek was een meneer.

**ADV POTGIETER**:

Wat is u nou?

**MNR BELLINGAN**:

Ek werk nou maar vir myself, ek het maar ook medies uitgegaan meneer.

**ADV POTGIETER**:

Medies?

**MNR BELLINGAN:**

Ja, ek het 'n rugbesering van 'n landmyn en 'n heup wat 'n gewas in het en skouers wat af was met Teen Terroriste Optredes en goed, so ek het maar gesien die skrif is aan die muur en ek het maar buitekant vir myself gaan 'n nessie skop en ek wil ook darem net vir u daarby sê - en ek sal graag eendag na die Kommissie weer met u daaroor wil praat, is dat ek is - ek probeer ook misdaad bekamp van buite af.

Ek is nie daarop uit om nou te sê te hel met die land en daar gaan alles nie, so ek probeer ook nog my bes van buitekant af om ondersoeke te doen en goed, alhoewel die ding 'n [onduidelik] meulsteen om 'n ou se nek is.

**ADV POTGIETER:**

Bedoel u, u eie besigheid?

**MNR BELLINGAN:**

Ja ons probeer, ons is 'n paar ouens wat probeer ondersoeke doen en firmas help omdat ons sien die polisie is nie meer die polisie nie. Nie dat ons daai polisie goed was nie, maar ek meen ons probeer ons bes buite nou probeer nou 'n etiese kode vestig dat jy nooit weer deur 'n Vlakplaas situasie gaan nie.

Daar word nie, 'n lid wat by ons verkeerd loop of wat ons optel en ons moet hom op 'n poligraaf sit of wat ook al is onmiddellik, ons neem stappe teen hom. Ons werk baie nou saam met die polisie, so ons probeer ons beste ook, want ek meen ek is 'n burger van die land. Ek kan nie op 'n klip nou gaan sit en sê die ANC ek is - ek is apolities, alhoewel ek sê ek is - ek het niks teen die huidige Regering ook nie en politici is maar - u het gesien hoe die ou - ou Regering ons ouens nou misbruik en goed, soek probeer - ek - my - en ek praat baie, ek het meneer - my prokureur het vandag in die vliegtuig ook daaroor gepraat.

Ons wil graag as ons burgelike plig ek sal - ek sal nog die teendeel bewys en te sê ek sal misdaad bekamp op 'n wettige - okay ons doen dit nou teen 'n rand en sent miskien maar ook nie uit verband uit nie. Ek probeer ook nie 'n **rip off** uit mense maak nie, maar ek probeer nog 'n bestaan buite maak om te kyk waar kan ek my land veilig hou, al begin ek van maatskappy tot maatskappy - net kyk waar kan ek - maar ek wil 'n bydrae lewer - is 38 en ek voel ek wou 55 geloop het, ek gaan nie nou op 'n klip sit en huil en ek is nie kwaad vir die polisie of die Regering, of die Intelligensie Dienste nie, ek wil 'n bydrae lewer.

**ADV POTGIETER**:

Is u in die sekuriteitsbesigheid.

**MNR BELLINGAN**:

Ja kom ek sê ons probeer - jy kry sekuriteitswagte en jy kry ondersoekers of die sogenaamde PI's in Suid-Afrika. Ons probeer van hulle af wegkom, want hulle is net op die geld maak uit, ons wil probeer iets vestig in die mark dat ons 'n etiese kode kan neerlê waarop ons - soos die Sekuriteitsraad dat daar 'n Raad is vir Ondersoekers ook, dat mens kan sê al wat teen my gaan tel is my verlede nou ongelukkig.

Dit is nogal 'n redelike meulsteen moet ek sê by firmas want as hulle hoor jy was op Vlakplaas dan kry jy net nie besigheid nie. Maar 'n ou probeer maar hier by die klein firmas inkom en dit. So ja dit is sekuriteitswerk - adviseurwerk - baie mense wil vir ons - hê ons moet hulle perseel kom sê 'n analise doen hoe moet 'n mens dit beveilig. Hoe moet hulle ondersoeke - ons sê ook vir die kliënte ons wil nie uit hulle geld maak nie, ons wil saam met hulle geld maak vir 10 - 20 jaar dat ons die land veilig hou. Ons voel dis elke privaat firma se plig om skoon te hou in hom en dan kan die polisie dan net die strate doen as dit daarop neerkom.

Ek meen ons kom nie in botsing met die polisie nie, ons kom nie in botsing met die Justisie nie, ons het al ouens laat herarresteer op dossiere

en goed en dit - so ons - ek is eerlik en ek sal u graag wil uitnooi eendag na al die goed afgehandel is, want dan kan u objektief oordeel om te kom kyk wat ons doen. Maar dis nou ongelukkig - of dit is gelukkig wat ek doen, ek is nie - maar nie weer sal daar 'n ou uit sy spoor uit. Ons kry baie snaakse versoeke - dan neem ons stappe teen die lede en dan sê ons vir hulle nee-nee wag - as jy sulke goed wil doen van vingers breek en by plekke inbreek en meeluister goed plant nee dankie ons stel nie belang nie - ons het 'n plig teenoor die land.

**ADV POTGIETER**:

So maar ek meen - u sê u is 38 u kan - fisies kan u nog werk maar u het maar 'n uittrede gevat uit die Polisie uit op gesondheidsredes.

**MNR BELLINGAN**:

Ja ek moet eintlik gaan vir 'n operasie aan my heup.

**ADV POTGIETER**:

Nie omdat u nie verder kan werk nie, maar - het u maar gevoel - maar u wil liewer daar wegkom uit daai - uit die polisie opset uit.

**MNR BELLINGAN**:

Ja en nee, want ek - ek dink ons was, ons eie kollegas en dit was nooit die ANC nie. En dit is wat my vandag die hartseertse maak van my eie [onduidelik] nie die huidige Regering het teen ons gedraai nie, ons eie kollegas het.

Die speurders, die uniform mense het gesê ja julle Veiligheidsmanne is [onduidelik] ek kon nie vra vir 'n Stasiebevelvoerder daar in die wyk waar ek bly nie, want dan sê die ander kollegas ja hy kom van Vlakplaas af dan - ek hou van my sterk dissipline en ek is windgat daaroor vandag, verskoon die woord. Ek kon dit nie handhaaf nie, toe het ek gesê maar wat is dan my nut, hoekom moet ek by kwartier meester gaan sit en 'n kantoor offisier raak en bande uitdeel of gordyne uitdeel - so - dis

hoekom ek geloop het, ek meen ek is nie vir hulle kwaad nie, ek is teleurgesteld in my - in my blanke kollegas.

**ADV POTGIETER**:

Okay ek verstaan.

**MNR BELLINGAN**:

Die Afrikaner.

**ADV POTGIETER**:

Dankie Kaptein.

**MR KHOISAN**:

Okay Ms Brenda Holmes would like to ask a question.

**MS HOLMES**:

Kan u vir my sê die wapens wat Eric vir u gegee het, voor die skietery wat het u daarmee gemaak?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Daai wapens as ek dit ook reg kan onthou was 'n paar AK47's gewees en ek dink daar was 'n rewolwer by, ek praat onder korreksie en ek sou dit oorhandig het aan - aan die ondersoekbeampte Majoor Brits, want dit sou deel gevorm het van die GO. Dit was in so - as ek nog so - dis 'n bont kombers so [tussenbeide]

**ME HOLMES**:

Was dit in 'n kombers.

**MNR BELLINGAN**:

Ja dit het so in 'n kombers, ek dink dis 'n kombers - so bont kombersie, hierdie goedkoop komberse gelê.

**ME HOLMES**:

U het nie dit in die voertuig gesit nie.

**MNR BELLINGAN**:

Nee-nee.

**ME HOLMES**:

Glad nie.

**MNR BELLINGAN**:

Nee dit het daar by daai bos bly lê.

**ME HOLMES**.

Okay - was dieselfde vuurwapens ingehandig as Bewysstuk agterna - na de voorval - dieselfde vuurwapens wat Eric vir u gegee het, was dit ingehandig as Bewysstuk in die saak.

**MNR BELLINGAN**:

Ek glo dit moes ingehandig gewees het, ek [sin onvoltooid]

**MR KHOISAN**:

Mr Killian want to make a addition to this and possibly would like to show you a couple of photographs and with the Chairman's permission, ask if you recognise these photographs.

Go ahead Mr Killian.

**MNR KILLIAN**:

U sien nou daar - daar is vuurwapens daar in daai kombers, nou het u aan Majoor Brits gesê maar hierdie vuurwapens was die vuurwapens wat my Askari Eric aan my oorhandig het, u moet nou baie mooi dink.

**MNR BELLINGAN**:

Ja ek sal moet mooi dink, want ek kan nie my presiese woorde, maar ek sou dit ingehandig het want hier is foto's as Bewysstukke ingehandig so ek - ek sou dit oorhandig het aan Majoor Brits.

**MNR KILLIAN**:

Want [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek glo so - anderste het iemand anderste op die toneel miskien gekom en dit vir Majoor Brits maar ek - ek moet jok as ek sê ek het dit vir Brits in sy hande gegee. Maar daar mag een van die ander lede gesê het want ek meen - hier is dit, dit is die kombers ook en goed, dit lyk soos die kombers.

**MNR KILLIAN**:

Is dit ook die voertuig waarin u gery het.

**MNR BELLINGAN**:

Dis korrek mnr die Voorsitter.

**MNR KILLIAN**:

Nou u het u verklaring vanoggend aangevra van die geregtelike nadoodse ondersoek is dit korrek.

**MNR BELLINGAN**:

Ja mnr die Voorsitter.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR KILLIAN**:

U het toe later deur die verklaring gelees nè.

**MNR BELLINGAN**:

Dis korrek ja.

**MNR KILLIAN**:

Maar nêrens in u verklaring maak u ooit melding dat die Askari Eric, vir u hierdie vuurwapens oorhandig het nie en dat u dan daarna - hierdie vuurwapens oorhandig aan Majoor Brits nie.

Want ek gaan vir u sê hoekom ek die stelling maak. Want daar was - u weet daar was later 'n geregtelike nadoodse ondersoek gehou. Majoor Brits maak ook 'n beëdigde verklaring waarin hy sê hy het twee AK47's opgetel in die bos of in 'n sloot wat vermoedelik versteek was deur die sogenaamde terroriste.

Dan is u verklaring wat u gemaak het destyds aan die Hof nie dan 'n werklike weergawe van wat daar werklik waar gebeur daai oggend toe hierdie jong manne geskiet was nie.

**MNR BELLINGAN**:

My verklaring is wat daar gebeur het op die toneel maar hy is dan nie volledig nie.

**MNR KILLIAN**:

Ja dit is - dit is wat ek nou op neerkom.

**MNR BELLINGAN**:

Ja u sien, soos ek sê die - daai wapens was oorgebring ek het dit nog spesifiek vir iemand of vir Majoor Brits gesê daar is wapens so - of hy dan die onus op homself geneem het as ondersoekbeampte om dit - om die verklaring in te sit, kan ek nie namens hom sê nie en of ek gesê het ek het dit aan hom oorhandig, dis 'n dispuut, maar ek het daai wapens aan iemand uitgewys, ek het gesê daar lê ook wapens agter daai bos en daai - en goed, so [tussenbeide]

**MNR KILLIAN**:

U sien die punt is net die, die vuurwapens is in u voertuig.

**MNR BELLINGAN**:

Nee - daai - dis nie my voertuig nie, dit was die Onluste-eenheid se voertuig [onduidelik]

**MNR KILLIAN**:

Ja maar u het daai voertuig bestuur.

**MNR BELLINGAN**:

Nee ek het hom nie bestuur nie, Sersant Grobler het hom bestuur, ek het links agter gesit en [tussenbeide]

**MNR KILLIAN**:

En u was 'n passasier?

**MNR BELLINGAN:**

Ja en toe het ek - daarna is ek saam met die Veiligheidsmense weg.

**MNR KILLIAN:**

U sien maar ou as Brits die vuurwapens op beslag gelê het dan sou dit mos 'n - soos u sê dan sou dit mos in Brits se besit gewees het, maar hier is dit nou in die [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN:**

Sersant Grobler van die Onluste-eenheid.

**MNR KILLIAN:**

Sersant Grobler se voertuig.

**MNR BELLINGAN:**

Hy kon vir hulle gesê het vat julle - maar ek kan nie daai een verduidelik nie, ek is eerlik ek is [tussenbeide]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR KILLIAN:**

U sien nou - nou een van u of Brits - het dan die Hof probeer mislei, want dit is mos belangrik mos - dit is mos 'n belangrike - ag dit - ag u dit nie as 'n belangrike feit.

**MNR BELLINGAN:**

Dis baie belangrik ja.

**MNR KILLIAN:**

Om dit in te sit in u verklaring dat kyk my bron het vuurwapens aan my oorhandig nie. Want dit sal mos nou die Hof sal mos nou 'n ander weergawe gehad het van wat daar sou gebeur het op die toneel.

**MNR BELLINGAN:**

H'm.

**MNR KILLIAN:**

Stem u nie saam nie.

**MNR BELLINGAN**:

Ja kom ek gaan vir u nog iets sê, is ek het die verklaring het ek geskryf of getik en dit maar - iemand op daai toneel het nog - het daai oggend nog gesê en ek was nogal baie ontsteld daaroor het ek - het hulle gesê toemaar hier is net - net sewe mense moet verklarings neem, toe sê ek Here mense dis 'n - dis 'n politieke situasie as jy dit so vat.

Jy moet mos nou van almal die diensregister die ou wat in die **loggy** was wat die Casspir, almal se verklarings, jy moet mos vir jou 'n prentjie gaan vorm en nie - as ek dit reg kan onthou is hier net sewe verklarings geneem ook en goed, so of Moord-en-Roof ek kan nie namens hulle praat nie, maar die ding moes ondersoek gewees het van begin af en dit was een van my versoeke gewees dat daar van almal moet verklarings, volledig geneem word. So ek kan nie namens Majoor Brits praat nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER**:

Ja maar ek - ek verstaan nie waarom daai vuurwapens die AK47's in daardie betrokke voertuig beland het nie.

**MNR BELLINGAN**:

Mnr Potgieter ek is eerlik ek sal ook nie vir u kan verduidelik nie, regtig ek [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

Daai - daai voertuig die [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

Dis 'n Onluste-eenheid voertuig.

**ADV POTGIETER**:

Die AK47's dit is eintlik afkomstig van Vlakplaas nie waar nie.

**MNR BELLINGAN**:

Ek kan nie nou met sekerheid sê of dit dieselfde wapens was nie, want daai wat ons destyds was in 'n swakker toestand as die maar wat ons afgebring het dit was nie [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

Ja maar die wapens wat die Askari's gehad het, dit is Vlakplaas se wapens.

**MNR BELLINGAN**:

Daar was meer wapens by daai - want daar was nog 'n rewolwer en 'n pistool ook as ek my geheue kan reg onthou.

**ADV POTGIETER**:

Ja maar dit is twee AK47's op daardie foto's.

**MNR BELLINGAN**:

Bevestigend meneer.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER**:

En Vlakplaas - Eugene de Kock het twee AK47's uitgereik en dit het saam met u gekom Kaap toe.

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**ADV POTGIETER**:

Nou dit is saam met die twee Askari's as deel van hul legende in die infiltrasie proses gebruik nie waar nie.

**MNR BELLINGAN**:

Dis hy.

**ADV POTGIETER**:

So daardie twee vuurwapens [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

Dit mag die Askari's sin wees.

**ADV POTGIETER:**

**In fact** die - daardie twee vuurwapens is dieselfde vuurwapens wat op die foto verskyn terwyl die wapens iewers in die veld lê nie waar nie.

**MNR BELLINGAN:**

Dis korrek ja.

**ADV POTGIETER:**

Daar is geen twyfel daaraan nie.

**MNR BELLINGAN:**

Ja.

**ADV POTGIETER:**

Is dieselfde kombers, dis dieselfde wapens.

**MNR BELLINGAN:**

H'm.

**ADV POTGIETER:**

Goed, so 'n mens moet aanvaar, ek meen dis die enigste redelike afleiding wat 'n mens kan maak en dit is die Vlakplaas AK47's waarvan Eric gepraat het toe u vir hom gesien het die oggend.

Nou land dit in die voertuig waarin u is, u is die enigste Vlakplaas persoon in daardie voertuig, daardie geel Cortina nie waar nie.

**MNR BELLINGAN:**

Daai geel [onduidelik] meneer ek is onder - ek is onder die indruk ek is van daai toneel af weg deur Kaptein Liebenberg wat hy my dokter to gevat het daarna met sy motor of 'n A/O van die Veiligheidstak, ek is nie seker of ek met daai voertuig weg is nie.

**ADV POTGIETER:**

Ja.

**MNR BELLINGAN:**

Maar ek het daai wapens verklaar dit het ek - dit kan ek met 'n feit sê.

**ADV POTGIETER:**

Nee - nee die punt is nie waarmee u weg is nie, dit is die voertuig waarin u beweeg het.

**MNR BELLINGAN:**

Dis hy.

**ADV POTGIETER:**

En daardie vuurwapens is op 'n stadium na die skietvoorval in daardie selfde voertuig waarin u was.

**MNR BELLINGAN:**

Dis hy.

**ADV POTGIETER:**

U was die eerste een van die polisie wat bewus was van daardie twee wapens want Eric het vir u gesê die wapens lê daar op u weergawe.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN:**

Nee dis 100% reg.

**ADV POTGIETER:**

Goed, nou vir watter denkbare rede dink u sou die - kom ons neem die bestuurder van die voertuig, sy naam ontglip my nou vir die oomblik u het sy naam gegee vroeër.

**MNR BELLINGAN:**

Sersant Grobler.

**ADV POTGIETER:**

Sersant Grobler - vir watter denkbare rede sal Sersant Grobler daardie voertuig, daardie vuurwapens in sy - in daai voertuig in sit.

**MNR BELLINGAN:**

Ja - ja. Nee ek meen hy het nie 'n rede daarvoor nie meneer.

**ADV POTGIETER:**

Wie was die ander persone in daai voertuig saam met u.

**MNR BELLINGAN**:

Net Kaptein Brazelle.

**ADV POTGIETER**:

Watter rede het hy om daardie [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

Geen - as u die afleiding maak sal dit dan ek of Majoor Brits wees wat gesê het toemaar ons vat dit sommer en ek - soos ek sê ek moet bespiegel ek is eerlik en dis 'n afleiding wat 'n ou sal moet maak dat ek vir hom uitgewys het dat hy vir my gesê het die ding moet kantoor toe of los dit uit die toneel uit of iets, ek kan nie - ek moet lieg as ek nou sê, maar ek het dit definitief daar - want dit was vir my 'n dodelike Bewysstuk gewees ek meen.

**ADV POTGIETER**:

Ja en ek meen van die drie insittendes van betrokke voertuig is u die enigste persoon [tussenbeide]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Persoon van Vlakplaas.

**ADV POTGIETER**:

Wat 'n rede gehad het om daai wapens in daai betrokke voertuig in te sit.

**MNR BELLINGAN**:

H'm dit mag 'n moontlikheid wees meneer ek het - soos ek sê ek kan nie dit ook onthou nie, dit is regtig.

**ADV POTGIETER**:

En as ek die normale polisie praktyk korrek verstaan as Majoor Brits die ondersoekbeampte is wat nou beheer oorneem van die toneel dan sou hy volgens normale reëls sou hy die persoon gewees het wat sou beslag gelê het op daardie wapens en daaroor sou beskik het [onduidelik] en in die SAP 13 en waar ook al ingehandig het ensovoorts, ensovoorts soos dit gewoonlik maar gebeur.

**MNR BELLINGAN:**

H'm.

**ADV POTGIETER:**

Maar u sê u kan nie dink aan 'n verduideliking waarom nie.

**MNR BELLINGAN:**

Nee meneer ek weet nie, ek - soos ek sê ek het die wapens daar geplaas op die toneel maar nou - ek kan nie dink het ek dit weg - dit is 'n moontlikheid dat ek dit kon en vir hom gesê het Majoor hier is nog wapen en ek gaan dit vir jou bring of wat ook al maar dit is tog gefotografeer ek meen dit maak nie vir my sin nie.

Hoekom sal ek dit in die kattebak sit nie of het hy vir my gesê ek moet dit los of [tussenbeide]

**ADV POTGIETER:**

Maar - behalwe natuurlik ek meen dis Vlakplaas se eiendom.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN:**

Ja maar tog.

**ADV POTGIETER:**

Dit het deur u optrede het dit daar gekom en u het dit geneem om dit weg te vat.

**MNR BELLINGAN:**

Dit kan ook wees maar - dis mos eintlik ook Bewysstukke dan aan die einde van die dag.

**ADV POTGIETER:**

Want ek meen dit is die - dit het te doen met die twee Askari's wat nou nie eintlik betrokke is by die sogenaamde misdadige optrede nie, deur die terroriste nie.

**MNR BELLINGAN:**

Dis 'n moontlikheid mnr Potgieter soos ek sê ek is - ek wil eerder nie stories sê en dan is dit nie so nie. Dit is 'n moontlikheid.

**ADV POTGIETER**:

Ja goed, nee maar - nee maar soos ons [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

En ook nie vir Majoor Brits nou die skuld gee nie maar my eerste indruk was dit kon Majoor Brits gewees het, hy kon vir my gesê het nee maar dit het niks verband met die - dit maak nie vir my sin nie, ek [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

Ja nee maar soos ek vir u gesê het hier is 'n - hierdie is 'n proses dis nie die laaste woord oor hierdie saak nie.

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER**:

So - ek is doodseker soos - soos die proses van die Kommissie ontvou op hierdie stadium sal ons antwoorde hê op al die vrae ek is amper 100% seker daarvan.

**MNR BELLINGAN**:

Ja soos ek sê as dit my byval okay dan - ek wil nie nou môre na u toe kom en sê nee dit is nou so en so, want ek het daaroor geslaap nie, ek meen ek moet tog nou myself herroep anderste kom ek met versindsels.

**MR BRITS**:

Sorry Mr Chairman it's not that I am interrupting, I - if I look at the - at the photographs advocate Potgieter I know he says that there are - the AK47's in die back of the boot, but that's not AK47's or maybe I must bring it to you if the Chairman will allow me, to explain why I say he is not

looking properly, before we go on further in respect of the foto's that it is not clear cut from this that it's a AK in the back, it's maybe the same blanket but it's not the AK47's.

Can I bring it to you Mr Chairman or maybe just show it to you.

**ADV NTSEBEZA**:

Well I - I notice - I note what you say.

**MR BRITS**:

You see that's not clear proof that, that is the AK47's there should be something protruding from the barrel of the AK47 there at the back and that there is not a AK47, that is not one of these weapons it's the - it's a R1 and it's a - I don't know what type of gun that is, but that is not a AK47.

**MR KILLIAN**:

Mr Chairman if I can just bring it under - to the attention of the - if you read Brits - it's a fold up issue and what we are trying to ascertain here is that for one minute this blanket is in the bush, the next minute this blanket is in the boot of a car. And what we trying to get from Captain Bellingan is how come [intervention]

**MR BRITS**:

You see that's not clear proof that, that is the AK47's there should be something protruding from the barrel of the AK47 there at the back and that there is not a AK47, that is not one of these weapons it's the - it's a R1 and it's a - I don't know what type of gun that is, but that is not a AK47.

**MR KILLIAN**:

Mr Chairman if I can just bring it under - to the attention of the - if you read Brits - it's a fold up issue and what we are trying to ascertain here is that for one minute this blanket is in the bush, the next minute this blanket is in the boot of a car. And what we trying to get from Captain

Bellingan is how come the one minute this blanket with this firearms is in the bush when Major Brits arrives but what we can ascertain from the one photo is that here is the same blanket but as you can see from the foto it's the - the blanket is wrapped and it's in the back of the boot, so we coming to the presumption either the guns were taken out of the boot then and put in the bush or from the bush to the boot.

**ADV NTSEBEZA:**

Yes but the point he is making is that the weapons that are shown in the photographs are not the same weapons.

**MR KILLIAN:**

I agree Mr Chairman but as you can see the one is a R1 the other one is a - the point proceeding there is a shotgun but if you - if you look at the blanket you can see there is definitely something inside this blanket because this blanket is folded in such a manner that there is something in this blanket and if you look at the other photograph it is exactly the same blanket.

**ADV NTSEBEZA:**

No I take both statement that have been made here.

**MR KHOISAN:**

Okay on that point Captain Bellingan - the then Constable Mbelo was part of this operation is that correct - okay - yes and then Jimmy Mbane and Eric Maluleka were coming with the rest of these people right. Did you at any point, did you at any point prevent members from the Security Force from shooting these people.

**MNR BELLINGAN:**

[onduidelik]

**ADV POTGIETER:**

Kaptein - Kaptein sit net u mikrofoon aan.

**MR KHOISAN**:

Okay did you at any point inform people don't shoot these two people especially the tall one, Jimmy.

**MNR BELLINGAN**:

Ja ek sou vir hulle gesê het as daar 'n skietery moet uitbreek en moet asseblief dan nou moet uitbreek en moet asseblief nou nie die Askari's skiet nie en ek meen [intervention]

**MR KHOISAN**:

I am talking about on the side, on the scene itself.

**MNR BELLINGAN**:

Nee.

**MR KHOISAN**:

Okay did they - did they - were they carrying AK47' with them you had the reports from them.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Nee ek [onduidelik]

**MR KHOISAN**:

Okay did they drop their weapons - are you denying that they dropped their weapons at the scene, the two AK47's are you saying under oath that they did not drop any weapons at the scene of the event.

**MNR BELLINGAN**:

Nee wag laat ek nou net mooi verstaan - so u sê dat Eric en Jimmy het hulle wapens op die toneel gelos.

**MR KHOISAN**:

I am putting it to you, did you - are you saying under oath that they didn't drop any weapons at the scene.

**MNR BELLINGAN**:

Nee dit mag gebeur het dat hulle, hulle wapens agter die bosse [intervention]

**MR KHOISAN**:

No you were their handler it's not about **dit mag gebeur het** did you - did you at any point recognise that they dropped their weapons and picked up those weapons.

**MNR BELLINGAN**:

Nie wat ek kan van onthou nie mnr die Voorsitter.

**MR KHOISAN**:

Now this blanket that you've seen is it the same blanket that you described earlier on when you first came to this Commission this morning. The blanket that you've seen there.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**MR KHOISAN**:

Okay and is - is it a similar type blanket to the one that you - that you are looking at the blanket with your R1 which has been shot, I assume that's your R1 because that's the only, that's the only weapon that day according to all the reports which was shot in that particular way right, that's your weapon right.

**MNR BELLINGAN**:

Dis my wapen ja.

**MR KHOISAN**:

That's your weapon and that's the same it's a similar blanket to the one that you claimed that the weapons were in right.

**MNR BELLINGAN**:

Ek glo so ja.

**MR KHOISAN**:

Okay - okay now to proceed - we will revisit the issue of these AK47's but now in terms of your recollection of the event, when you say - when exactly did this - did the shooting start. When exactly did the shooting start according to you and when exactly did you see Eric and Jimmy on the scene.

**MNR BELLINGAN**:

Ek het nie Jimmy op die toneel wat ek kan onthou gesien nie. Hy het volgens latere berigte het hy weggehardloop in 'n rigting maar ek het wel vir Eric gesien toe - voor die skietery begin het, het hy 'n entjie in - in daai systraat in gestaan en hy het toe vir my gesê pasop Sersant hulle is in die omgewing en wapens en hy het toe vir my gesê hier lê van die wapens ook. Dis toe wat ek in die motor geklim het.

**MR KHOISAN**:

Okay - okay he was on foot or not?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Ekskuus?

**MR KHOISAN**:

He was on foot, was he on foot.

**MNR BELLINGAN**:

Ja hy was.

**MR KHOISAN**:

Okay, and just to be clear because you had the reports from these people.

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**MR KHOISAN**:

You should know Jimmy of course was he driving that van.

**MNR BELLINGAN:**

Ja as ek dit nou reg kan onthou.

**MR KHOISAN:**

Okay he - so - so Jimmy was driving the van and Eric was on foot, was there anybody else on foot?

**MNR BELLINGAN:**

Al die mense wat saam met hulle was, was op foot, die skietery het op voet plaasgevind, daar was mense nog in die bussie en van ons mense was in bussies gewees, so daar was ouens op voet ja en nee.

**MR KHOISAN:**

So - so where was the Kombi at the time that you saw - that you saw Eric?

**MNR BELLINGAN:**

Toe het ek nie geweet van die Kombi nog nie.

**MR KHOISAN:**

You didn't see the [tussenbeide]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN:**

Nee.

**MR KHOISAN:**

So you saw Eric some ways away - he was alone or he was with other people.

**MNR BELLINGAN:**

As ek kan onthou was hy alleen gewees.

**MR KHOISAN:**

He was on his own.

**MNR BELLINGAN:**

Ja.

**MR KHOISAN:**

Was he armed with the AK47 - was he armed?

**MNR BELLINGAN:**

Nee hy het hom nie in sy hande gehad nie, ek dink hy het hom daar in die komberse gehad want hy was bang dat iemand sien hom met die goed dan sal hulle hom mos skiet.

**MR KHOISAN:**

He had in a blanket in this blanket that you showing me now?

**MNR BELLINGAN:**

Ek glo dit moet die kombers wees, dit was 'n soort van 'n - dit was 'n blokkies kombers.

**MR KHOISAN:**

H'm a similar type blanket okay - so we've established now Eric is a commander of this particular he would have been die commander of - would you consider it ridiculous that he would be going into an operation and not have a gun on him - especially in terms of the fact that the Security Forces are deployed**... end of Tape 3, side 6 ...**

**MNR BELLINGAN:**

En as hy loop daar in die oggend wie gaan - niemand gaan mos weet wie hy is nie, so [intervention]

**MR KHOISAN:**

But he had a gun with him - according to you in a blanket.

**MNR BELLINGAN:**

Ja wat daar by hom gelê het en hy het hom nie gehad dat hy staan met hom in sy hande nie.

**MR KHOISAN:**

Okay so he was just standing - he was just standing okay and Jimmy was driving the van - yes.

**MNR BELLINGAN**:

[onduidelik]

**MR KHOISAN**:

Jimmy was driving the van I want to be clear about this.

**MNR BELLINGAN**:

H'm.

**MR KHOISAN**:

Okay now Jimmy was driving now when you say Eric okay how long after you saw Eric did the shooting start.

**MNR BELLINGAN**:

**Yes** mnr die Voorsitter ek wil nou nie sê - dit was nie minute nie, ons het - ek het in die voertuig geklim en ons het 'n U-draai gemaak en toe ons draai, toe stop ons weer en in daai sekondes wat verbygaan, het daar 'n ontploffing en skietery begin so dit is nie baie lank daarna nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

Did you inform anybody that you saw Eric?

**MNR BELLINGAN**:

Ek - ja ek dink ek het op die radio gesê wees versigtig die mense is in die omgewing, maar hoe hulle lyk het ek nog in daai stadium nie 'n **clue** van gehad nie.

**MR KHOISAN**:

Was that - was that before or after the police bus had passed?

**MNR BELLINGAN**:

Nee dit was na die bussie verby is.

**MR KHOISAN**:

This was after?

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**MR KHOISAN**:

Okay so after the police - according to you after the police bus had passed you saw Eric.

**MR BELLINGAN**:

Ja.

**MR KHOISAN**:

Now was there any - at any point that you - when did you see the other people?

**MNR BELLINGAN**:

Die ander mense wat in die groep van Eric is - was.

**MR KHOISAN**:

Yes - you saw them at the same time or [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

Nee - ek het glad nie hulle gesien nie, ek het in die kar geklim en gesê nou moet julle uitkyk waar is hulle, dit kan hulle wees wat hier loop en toe het skietery begin. So toe was dit chaos.

**MR KHOISAN**:

H'm.

**MNR BELLINGAN**:

En ek het - ek het skote gehoor en mense hoor praat en ek het later maar gesien waar lê almal ek was - dit was 'n totale [intervention]

**MR KHOISAN**:

H'm now there was a police radio open now you - because right now we coming to end of this proceeding and we want to be clear there was a police radio that was open at the time.

**MNR BELLINGAN**:

H'm.

**MR KHOISAN**:

It was on all channels it could be heard.

**MNR BELLINGAN**:

H'm.

**MR KHOISAN**:

Because somebody had dropped it at that time, is that correct?

**MNR BELLINGAN**:

Ek kan nie daaroor getuig nie.

**MR KHOISAN**:

Okay you- you can't comment on that.

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

And beyond that, where was the - did you hear an explosion.

**MNR BELLINGAN**:

Ja ek het 'n ontploffing gehoor en onmiddellik was die skietery daar, ek kon nie sien wie skiet my nie, ek het die ontploffing gehoor en soos ek sê toe ek so uitkyk, toe skiet hulle en toe is dit chaos.

**MR KHOISAN**:

So when your car, according to you when did you shoot somebody and - which resulted in his death on the scene.

**MNR BELLINGAN**:

Dit was na ek geskiet is en ek het nou uitgeklim en Kaptein Brazelle het nog na my oog gekyk en dit het verskriklik gebrand en ek was deurmekaar gewees en ek het interseksie, want toe is ek - ek was werklik bang gewees

dat daar gaan iets verskriklik gebeur en daar in die interseksie het ek iemand geskiet.

**MR KHOISAN**:

Okay how many shots pierced your car?

**MNR BELLINGAN**:

**Yes** meneer - dit was of twee of drie.

**MR KHOISAN**:

Two or three from where.

**MNR BELLINGAN**:

Van reg voor af, ek dink dit was - ja dit was - een was naby die - ja een was presies reg voor my en dan een was hier by die drywer ek dink hy het nog van die **dashboard** as ek die Engelse woord kan gebruik op geslaan.

So as ek dit reg kan onthou ek weet nie of u van die foto's het van die kar van voor af nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

Now where exactly were you sitting in that vehicle - where exactly?

**MNR BELLINGAN**:

Links agter.

**MR KHOISAN**:

Okay, left at the back, that would be directly behind the driver right?

**MNR BELLINGAN**:

Ja so in die middel links agter, ek meen.

**MR KHOISAN**:

Okay now Captain Bellingan if we - if we look at that particular thing and we'd like you to refresh your memory very carefully because you know we have a photograph here of a vehicle that has been pierced by a shot, a couple of shots right - give it to them.

We have a photograph of a vehicle that has been pierced by a shot, you say that you were sitting left that would be behind the driver, now tell me from those [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

Nee - nee dit sal agter die passasierskant in die middel wees, ek was alleen agter so ek kan in die middel sit of links.

**MR KHOISAN**:

Left - okay your left and my right.

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**MR KHOISAN**:

Okay - right now look at the - look at the - is that the vehicle that we talking about there.

**MNR BELLINGAN**:

Dis korrek ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

I just want to be - we just want to put it in the record, we don't want to do and that's the vehicle and that's where three shots hit your [tussenbeide]

**MR BELLINGAN**:

Two or three ja.

**MR KHOISAN**:

Okay, but they - three shots hit your - how many shots hit you or your weapon.

**MR BELLINGAN**:

It was two or three because it was on my - there was scrapnel on my chest webbing, it was a magazine on my weapon and the one - **die een wat die bakaliet voor geslaan het, daai** [intervention]

**MR KHOISAN**:

Okay.

**MNR BELLINGAN**:

So [intervention]

**MR KHOISAN**:

So how do three shots hit - hit you or your weapon and there are only two entry points in the vehicle?

**MNR BELLINGAN**:

Soos ek gesê het twee of drie skote het my getref.

**MR KHOISAN**:

Okay so you want to say two.

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**MR KHOISAN**:

So any other statement that [intervention]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Ja dan was dit twee of drie ek meen dit was twee - want as daar twee gate anderste het die ou baie netjies geskiet so.

**MR KHOISAN**:

It must have been two.

**MNR BELLINGAN**:

Ek dink wat ek - die verwarring wat daar is, is daai skoot wat deur die magasyn is, mag anderkant uitgekom het en in die **chest webbing** gesit het, dit mag 'n moontlikheid wees dat ek gedink het dis drie skote.

**MR KHOISAN**:

Okay so at no time - at no time after that did you see Jimmy Mbane - I want to be very clear about this.

**MNR BELLINGAN**:

Ek kan nie onthou dat ek hom daar gesien het - ek het hom die middag laat gesien ja - die middag later.

**MR KHOISAN**:

But on the scene Jimmy was very easily recognisable he was a tall guy, light in complexion, very - very - he stood out right, so you could recognise him so you - you would refresh your memory - please refresh your memory - you didn't see him on the scene or you did.

**MNR BELLINGAN**:

Nee ek het hom nie daar gesien - ek kan nie onthou nie.

**MR KHOISAN**:

You don't remember seeing - okay you don't remember picking up any AK47's that had been dropped by the Askari's on the scene. Just for the record under oath please.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Nee ek kan nie onthou ek het dit opgetel nie, maar dit mag 'n moontlikheid wees. Ek kan nie spesifiek sê nie.

**MR KHOISAN**:

Okay and you telling me you put it to me that - that Eric had a weapon in a blanket, a blanket which is similar to the one that we've shown you.

**MNR BELLINGAN**:

Dis hy.

**MR KHOISAN**:

An AK47 right.

**MNR BELLINGAN**:

H'm.

**MR KHOISAN**:

Okay and did you ever make a statement because I am looking at your statement that was made on the 26th of March. And in the 26th of March I see nothing about you picking up any weapon from any member of your staff why - why did you not make any statement about, it was very serious.

**MNR BELLINGAN**:

[Geen antwoord]

**MR KHOISAN**:

Okay so you didn't do anything like that.

**MNR BELLINGAN**:

Nee.

**MR KHOISAN**:

Okay, okay why did you give the statement on the 26th - why not the same day, I mean it was when - when the events were fresh in your mind.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Ek dink dis wanneer Majoor Brits ons genader het en gesê het kom maak julle verklarings ek het nie - so ek kan nie 'n verduideliking daar gee.

**MR KHOISAN**:

Okay so now in terms of the shooting, who did you shoot, where did you shoot this person, did you ever shoot anybody inside a car, inside the vehicle?

**MNR BELLINGAN**:

Ek het niemand in 'n voertuig geskiet nie mnr die Voorsitter, ek het iemand geskiet hier so - min of meer hier in die kruising wat uit 'n Kombi uitgeklim het wat 'n voorwerp na my gegooi het en dis die tyd wat ek nou geglo het hy gooi 'n handgranaat na my - en na die tyd het ek bepaal dit was toe nie 'n handgranaat nie.

**MR KHOISAN**:

Okay I want to put it to you that the person that you shot, the person that you saw shot you, did you - was that person near a minibus?

**MNR BELLINGAN**:

Ja dit was naby 'n bussie gewees.

**MR KHOISAN**:

Is - would that be [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

Ek glo dit moet hy wees.

**MR KHOISAN**:

Okay, would that be the person in the picture there?

**MNR BELLINGAN**:

Dit moet hy wees ja meneer.

**MR KHOISAN**:

Okay, okay for the record that is- DR705 the photograph of one Mr Zabonke Khonile - that's 705/86. Okay so according to you, you did not shoot this person in the vehicle.

**MNR BELLINGAN**:

Ja nee ek het hom nie in die voertuig geskiet nie meneer definitief nie.

**MR KHOISAN**:

Okay, you didn't - did you shoot this person at close range?

**MNR BELLINGAN**:

Ek kan nie sê op watter afstand ek hom geskiet het nie, **close range** kan 2 duim wees, dit kan 'n meter wees, dit kan 5 duim wees, ek kan nie sê nie.

**MR KHOISAN**:

No right in front of the person, now when I am talking about close range, I am not talking from where you are and where I am. Did you shoot the person like right in front of you at a range of 1 metre, 2 metres, 3 metres?

**MNR BELLINGAN:**

Ek kan met eerlikheid nie onthou wat - hoe het ek daar geskiet nie, want ek was - ek was in daai stadium nog - ek is eerlik ek kan - en ek probeer dit nie wegsteek nie, as ek hom geskiet het sou ek dit gesê het hoe ek hom geskiet het en ek sal - ek wens tot vandag toe ek kon geweet het.

**MR KHOISAN:**

But you do remember that, that is the person that you shot?

**MNR BELLINGAN:**

Ja dit kan ek onthou.

**MR KHOISAN:**

You remember that you shot that person?

**MNR BELLINGAN:**

H'm.

**MR KHOISAN:**

Okay, I just want to defer to my colleague Mr Killian and then Mr Potgieter would like to ask some questions.

**MNR KILLIAN:**

Mnr Bellingan u weet as ons nou alles saamvat van daardie dag se gebeurtenis - vind ek dit net ironies en snaaks dat u Askari daardie betrokke oggend alleen eenkant sal wees, weg van hierdie betrokke groep om vir u te waarsku maar nogtans sê u, u het nie die ander persone gesien nie.

Ek gaan dit aan u stel dat hy vir u gesê het maar luister dit is die groep wat daar aankom, en dit is die rede hoekom u ook nie vir Jimmy gesien het nie, want dit was soos u-hulle vooraf beplan het luister julle gaan nie betrokke wees by die uit - met die skietvoorval nie.

Dan wil ek ook 'n nog 'n stelling aan u maak. Het u aan hierdie persoon wat u geskiet ht, die kans gegee om homself oor te gee aan u, het u op enige oomblik vir hom gesê luister ek is van die polisie, gee uself oor,

want tog soos u beskryf het vroeër in u getuienis was daar 'n horde polisiemanne en u sê hierdie persoon het by die bussie uitgeklim met 'n voorwerp wat vir u gelyk het soos 'n Chinese handgranaat.

Maar nêrens in u verklaring maak u melding dat u lewe op enige tydstip bedreig was nie, nêrens in u verklaring nie en ek vind dit net ironies en snaaks dat u sonder - dat hierdie persoon 'n kans gegun was om hom oor te - oor te gee om gearresteer te word dat u oorgegaan het na aksie toe. Want volgens u verklaring was u lewe nie in gevaar op daardie tydstip toe daardie persoon by die bussie uitklim nie.

**MNR BELLINGAN**:

Nee ek het vir my lewe daai oomblik gevrees en ek was - ek was bang gewees, want ek - dis die eerste keer wat ek raak geskiet was, maar tog het ek probeer kop hou en ek het nie die persoon gesê gee oor en dit nie, dit was 'n - alles in 'n skietery beloop binne sekondes en dit was. Ek kan my nie verduidelik hoe vinnig dit gebeur het nie en hoekom en vandag sal ek sê miskien is ek spyt ek het hom geskiet, maar daai oomblik het ek geglo my lewe is in gevaar dis noodweer en alles, maar dit was alles binne breukdele van sekonde - ek sal moet stories aan dig as ek moet sê.

**MNR KILLIAN**:

U sien, want wat ek nog snaakser vind u sê dat - is dit nou - is dit nou Direkteur Brazelle - dat hy het nog na u oog gekyk so u het 'n tyd of 'n oomblik gehad om dan u - uself onder beheer te bring in ander woorde dat u, uself tot weer u volle bewussyn want hierdie persoon het nog na - Brazelle soos u self gesê het in u getuienis, het na u oog gekyk en daarna het u gesien hierdie man klim uit die bus uit met hierdie voorwerp wat lyk soos 'n Chinese handgranaat.

So u stelling wat u maak dat u was deurmekaar is mos dan nie reg nie, want u het dan nog 'n oomblik gehad dat hierdie persoon na u oog kyk om te kyk wat fout is.

**MNR BELLINGAN:**

Nee daar het 'n tydjie verloop maar dit was - dit was traumaties en jy hoor skietery en jy hoor orals - alles het nie geskiet doef en dan is alles verby en dit nie. Ek was 'n **blank** en ek was bekommerd gewees en ek was bang gewees en ek weet Brazelle het na my oog gekyk, maar dit was alles in 'n verloop van omstandighede - ek meen as ek die ou geskiet het dan en ek - hoekom sal ek nou bang wees om te sê okay ek het hom doelbewus gaan doodskiet, ek meen dan sou ek dit gesê het nou.

**MR KHOISAN:**

Okay just on - on a point did you ever on the same day tell somebody - tell a group of people who were in a small schoolbus did you say **God wat de donder maak jy hier met die kinders**.

**MNR BELLINGAN:**

Nee nie wat ek kan onthou nie meneer.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN:**

H'm.

**MNR BELLINGAN:**

Nie wat ek kan onthou nie.

**MR KHOISAN:**

Did you see a school bus a small bus carrying some children.

**MNR BELLINGAN:**

Ek weet daar later in die getuienis het so 'n ding uitgekom maar ek kan hom nie onthou op die toneel nie, want daar het nog van die publiek, dis net 'n Gods wonder daar is nie van die siviele mense doodgeskiet nie, want daar het nog publiek tussenin ook gery.

**MR KHOISAN:**

Okay let met put it to you Captain Bellingan that it has emerged in two inquest proceedings - at least in the inquest proceeding and in the trial of Anthony Weaver the State versus Anthony Weaver that there were - there

were two adults and several children in a bus of the Astra School and they were directly in the line of sight of the point where that particular - that particular person, who you have recognised as the person you shot - was killed.

And they claim that the person, I am putting it to you something that is a matter of public record okay. And these witnesses have testified in a public hearing and their statement will be made available to you if you need to.

But they have testified in a public hearing that the person who shot that person is the same person who came to them and told them **wat die donder maak jy hier moet die kinders.**

**MNR BELLINGAN**:

Nee dan het ek dit ook gedoen in daai toestand wat ek in skok was, maar ek kan dit nie onthou nie, en ek meen ek sou dit nou gesê het as dit daar was - ek meen ek sal dit nie [intervention]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

So did you - are you admitting that, that is - you admit that, that is the person you shot?

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**MR KHOISAN**:

Did you shoot that person - did you shoot that person at close range, I am trying to get to - right from within a - how far would you say from - from where you are - how far.

**MNR BELLINGAN**:

**Yes** dis moeilik om te sê ek kan nie dit nie meer onthou nie, ek [onduidelik]

**MR KHOISAN**:

No use this, to where I am.

**MNR BELLINGAN:**

Nee ek kan - nee dis te ver dit kan daar by die muur wees, dit kan die televisie wees, dit kan nog nader wees, ek kan nie - ek kan my nie vasmaak en sê dit is nou so 2 meter of 'n halwe meter nie, ek kan dit nie sê nie.

**MR KHOISAN:**

Me Holmes would like to ask a question.

**ME HOLMES:**

Het u vir enige een geskiet terwyl die persoon op die grond gelê het.

**MNR BELLINGAN:**

Nee ek het niemand geskiet op die grond nie.

**ME HOLMES:**

Het enige persoon hom probeer oorgee terwyl u daar op die toneel was.

**MNR BELLINGAN:**

Nie wat ek waargeneem het nie.

**ME HOLMES:**

Het enige een van u lede vuurwapens op mense geplant terwyl hulle klaar geskiet was.

**MNR BELLINGAN:**

Nie wat ek van weet nie, ek sou dit ook nie toegelaat het nie, so [sin onvoltooid]

**MNR KILLIAN:**

Kaptein nou dit is nou al 'n lang dag, u weet ek hou nie daarvan om kat en muis te speel met mekaar nie, want ons is hier besig met ernstige dinge, u sien ons - soos die Voorsitter voorheen gesê het hier was alreeds

mense voorheen wat kom getuig het in publieke - in die publiek asook in Section 29.

Het u Konstabel Mbelo se verklaring op enige ander stadium verander of het u die verklaring vir hom uitgeskryf?

**MNR BELLINGAN**:

Dit was normale praktyk dat ons, ons mense se verklarings vir hulle skrywe en hy skryf hom eers en jy maak hom nou taal korrek - dan maak jy die taalfoute reg en goed, dit mag gebeur, ek kan dit nie met - ek kan dit - ek het baie verklarings in my lewe geneem en ek- ek kan nie sê ja - nee ek het Mbelo se - dit mag - dit mag gebeur het.

Dit mag gebeur het dat ek hom Moord-en-Roof toe gevat het dat hy hom daar afgelê het, dat hy homself uitgeskryf het, ek [tussenbeide]

**MNR KILLIAN**:

U sien want u weergawe en Mbelo se weergawe kom nie ooreen nie en dis al twee die persone wat op dieselfde toneel was.

**MNR BELLINGAN**:

Ek wil iets vra meneer, iets wat ek onthou ek het netnou gepraat van 'n helikopter - ek praat ook onder korreksie, maar ek dink ek het in 'n stadium vir Mbelo en een van die blanke Onluste-eenheid outjies gevra om met die helikopter op te gaan, maar dit was lank na die toneel so - om te kyk, want daar was inligting dat die mense weg - van hulle weggehardloop het ook.

**MNR KILLIAN**:

U sien want ek - ek vind dit tot vandag toe net snaaks man dat hierdie persoon - dat u nie hierdie persoon 'n kans gegee het wetende dat hy was omsingel met polisie - totaal omsingel met polisie soos uself gesê het kyk albei kante van die bosse en daar was nog voertuie. Want dit is mos in die polisie se praktyk om 'n persoon eerste te waarsku voordat jy oorgaan na

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ons gebruik mos - soos die polisie sê in polisieterme, eerste minimale **force** en daarna gaan jy dan oor na ander tipe aksie indien jy nie die persoon kan arresteer nie.

Maar hier was reguit oorgegaan na - in Engels soos ons sê **maximum force** ek wil nog steeds by u weet hoekom het u nie vir hierdie persoon gesê luister u het 'n kans om vir uself oor te gee nie, want hierdie persoon het nie op u gevuur nie, die voorwerp was nog nie na u gegooi nie soos u sê hy het by die bussie uitgeklim met hierdie voorwerp in sy hand. En u het net soos u sê geskiet op hom.

**MNR BELLINGAN**:

Mnr die Voorsitter in daai stadium soos ek reeds gesê het, het ek gevrees vir my lewe, dit was - dit was 'n duistere oomblik maar daar was skietery nog op die toneel. Dit was nie - toe ek daar voor kom, toe is alles nou verby en dis hemel en aarde nie. Daar was nog skietery daar waar - ek dink daai een met die lang hare 'n Rastafarian gelê het, daar was 'n hewige skietery waar A/O Sterrenberg daai tyd ook besig was. So dit was volgens my nog deurmekaar en of ek nou gehalusineer het en klanke gehoor het. Maar daar was nog 'n skietery gewees aan die gang. So ek het gevrees vir my lewe.

**ADV POTGIETER**:

Ja maar Kaptein u sê u het gevrees vir u lewe, maar dit is nie die vraag nie, die vraag is waarom het u vir die betrokke persoon geskiet, waarom het u daai persoon wat onbewapen was doodgeskiet.

**MNR BELLINGAN**:

Mnr Potgieter ek het in daai stadium geglo omdat ek nou al klaar raak geskiet is, my lewe is nou in gevaar en hy gooi 'n handgranaat na my toe, ek het dit vas geglo en daar was geen ander rede gewees nie. Ek het - dan as ek dan 'n persoon geskiet het sonder wapen dan sal ek sê ek is jammer daaroor.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Maar ek het op daai oomblik het ek geglo en is raak geskiet en ek was - so ek sou ook darem nou nie in die middel van die straat sommer 'n ou net gaan doodskiet nie, ek weet daar is baie ooggetuies en ek meen ek was bang daai stadium - ek het gevrees vir my lewe. Maar tog het ek probeer kop hou 'n man wil ook jou trots hê en goed so [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

U - u aanvaar nou dat die persoon onbewapen was.

**MNR BELLINGAN**:

Ja nou - nou besef ek hy was ongewapen.

**ADV POTGIETER**:

Goed, en wat het u gedoen voordat u die persoon geskiet het - het u enige waarskuwing gegee - het u enige iets anders gedoen.

**MNR BELLINGAN**:

Nie wat ek kan onthou nie meneer, ek [tussenbeide]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER**:

U het net - u het bloot geskiet.

**MNR BELLINGAN**:

Ja toe hy gooi, toe skiet ek, want dit het vir my gelyk na 'n handgranaat so - soos ek sê 11 jaar later sou ek sê ja jammer ek het hom geskiet, dan was ek verkeerd gewees op daai oomblik. Maar daai oomblik het ek geglo ek tree reg op.

**ADV POTGIETER**:

U het gedink u tree reg op.

**MNR BELLINGAN**:

Ek het gedink ek tree reg op ja.

**ADV POTGIETER**:

Goed en nou is dit baie duidelik wat die feite was, die persoon was onbewapen, daar was geen dreigement vir u lewe vanaf daai betrokke persoon nie, want dis al waaroor dit gaan. En dis klaarblyklik duidelik

dat dit onnodig was om die persoon dood te skiet onder daardie omstandighede.

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**ADV POTGIETER**:

Ek meen daar is geen twyfel in my gemoed daaromtrent nie.

**MNR BELLINGAN**:

Ja - as 'n ou nou [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

Ek moet dit sommer aan u stel.

**MNR BELLINGAN**:

Nou 'n **post-mortem** hou 'n ruk na die tyd sal ek - sal ek saam met u saamstem, maar daai oomblik het ek geglo dit is nou 'n aanslag op my lewe en dit is al 'n geskietery. En ek is al raak geskiet, so ja 11 jaar later sou ek sê jammer dit is - dit was 'n - dit was 'n fout gewees.

**ADV POTGIETER**:

En dit was aan u gestel gewees dat daar inderdaad 'n heel ander kleur op hierdie voorval - hierdie gebeurtenis gewerp word deur die getuienis van die persone wat in die betrokke bus was. Want u is die enigste persoon wat iemand doodgeskiet het in daardie interseksie, so daar is geen twyfel daaraan dat - as - as daardie persone se getuienis korrek is, dan verwys hulle na u.

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**ADV POTGIETER**:

En hulle sê dat die persoon wat geskiet het in daai interseksie, het iemand anders 'n manspersoon wat op die grond gelê het, op kort afstand geskiet.

**MNR BELLINGAN:**

Dit sal ek mee verskil meneer, want okay ek was ook en ek kan nie alles onthou wat daar gebeur het nie, maar ek sou nie - ek meen soos ek weer eens vir u sê ek was nie 'n engeltjie gewees nie, maar as ek 'n ou moet, sal ek hom nie in die middel van 'n straat dit gaan doen waar besige verkeer is nie, ek meen dis domheid, maar as - nee ek het - daar gaan ek met hulle verskil.

**ADV POTGIETER:**

U moet - u moet baie mooi dink.

**MNR BELLINGAN:**

Ja.

**ADV POTGIETER:**

Ek meen soos ek sê ons is nie hier om u te vervolg nie, u moet baie mooi dink daar is gevolge vir elke antwoord wat u gee hierso.

**MNR BELLINGAN:**

Nee - nee ek besef dit 100%.

**ADV POTGIETER:**

Ek gaan u weer vra, het u op enige stadium die persoon wat u geskiet het, uit die Kombi uit gesleep in die pad in en toe die persoon in die pad lê op die grond, hom geskiet.

**MNR BELLINGAN:**

Nee meneer, nie wat ek kan onthou nie, soos ek sê ek het onthou ek het 'n - dit was 'n - dit was of ek half op geskiet het, dit was 'n - 'n staande persoon voor my wat iets na my gegooi het, so ek is eerlik met u, as ek - as daar sulke beweringe is, ek weet dit was in die GO ook getoets en goed so ek sou dit gesê het as ek dit gedoen het. Want ek meen ek is mos - hoekom sou ek nou wou doekies omdraai?

**ADV POTGIETER**:

Maar dis die vraag, dan net een ander ding - al die polisie was in radio kontak met mekaar die dag is dit korrek?

**MNR BELLINGAN**:

Nee ek glo die meeste van die groepe het radio's by hulle gehad behalwe een ou wat besluit het om nou-nou ook aan gedink, toe hy tee maak en toe trek hy die radio uit in die **opts** kamer toe maak hy eers vir hom tee. Maar dit is nou- hy was [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

Maar dis - maar andersins was die polisie op die toneel was in radio kontak met mekaar gewees.

**MNR BELLINGAN**:

Ek glo so ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER**:

Het u op enige stadium voor die skietvoorval 'n radioberig gehoor vanaf mnr Mbelo?

**MNR BELLINGAN**:

Nie wat ek nou kan my beroep op nie.

**ADV POTGIETER**:

Tot die - tot die effek dat die vermeende aanvallers in die omgewing van die interseksie is.

**MNR BELLINGAN**:

Nie wat ek nou kan - dit mag ook gewees het meneer, maar ek kan dit nie, ek sou ook moet - ek sal dink daaroor maar ek bedoel dit moet my tog nou opgeval het as daar so 'n berig was.

**ADV POTGIETER**:

En dan moet ek weer vir u vra onder die voorwaarde wat ek of die voorbehoud wat ek vir u gestel het, het u 'n eerste verklaring wat Sersant

Mbelo opgestel het, afgewys en toe self 'n verklaring opgestel wat hy toe moes agterna teken?

**MNR BELLINGAN:**

Nee wat ek wel sou gedoen het ek sou sy taalgebruik gekorrigeer het en goed en dit - ek kan nie onthou nie. Ek dink Majoor Brits het daai verklarings soos ek sê dit moet ek ook - ek - miskien het ek hom beëdig, ek kan nie eers onthou nie.

**ADV POTGIETER:**

Daar is sewe persone dood gewees, waarom het u elkeen van daai Askari's R7,000-00 betaal.

**MNR BELLINGAN:**

Dit was 'n normale praktyk by Hoofkantoor gewees.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER:**

So vir elkeen wat dood is, elkeen wat doodgemaak word, word daar R1,00-00 betaal.

**MNR BELLINGAN:**

Ek kan nie onthou of dit - was dit R7,000-00 elk en - of was dit R1,000-00 of R2,000-00 ek - dit was 'n normale praktyk waar Askari's betrokke was in die uitwys van Kollegas, dit was amper soos kopgeld en dit is 'n ding wat ook van Suidwes af gekom het of van die begin van Dirk Coetzee se dae af as hulle - as die Askari's iemand uitwys, dan kry hy X bedrag.

**ADV POTGIETER:**

**Right.**

**MNR BELLINGAN:**

En as daar iemand gedood word, dan kry hulle 'n groter bedrag, dit was [tussenbeide]

**ADV POTGIETER:**

So maar dit is kopgeld, dit het te doen met die aantal persone.

**MNR BELLINGAN:**

Ja.

**ADV POTGIETER:**

So hier is sewe mense doodgeskiet so jy kwalifiseer vir R7,000-00.

**MNR BELLINGAN:**

Ja nee dit is waar dit moet ek sê.

**ADV POTGIETER:**

Dankie.

**MNR BELLINGAN:**

Ek kan nie onthou of dit R7,000-00 maar ek weet daar was sulke gelde uitbetaal.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV NTSEBEZA:**

Ja.

**MR KHOISAN:**

Just before Me Holmes wants to ask a question, I just want to - to get to you - one more point.

**ADV NTSEBEZA:**

Can I just make a follow up on just one thing. I just want to emphasise what advocate Potgieter has said with regard to - to the [indistinct] with which you should reply to questions. As he has indicated there are depositions that we have from other witnesses. Which - which if true or if they raise level of probability sufficient to cause your evidence to be suspect, and I may emphasise if it is as it is clear from what your attorney has said, your intention to apply for amnesty, then there is something to be said about a full disclosure.

I may just say that we now look at events that took place 10 years ago. And we are now looking at them in the circumstances of the theatre

of the war that took place at the time. We are now able to look back with [indistinct] almost with a certain dispassion to - to things that happened there and there is a tendency for all human beings to be shocked also at what they themselves did when the circumstances are different when you have to look coldly at what you did or what somebody also is your colleague did.

And - and I would like that no to be of a nature, I am not implying anything on you, I am simply saying maybe you need to reflect. I would not like merely the fact that some of what is attributed to you is shocking even to yourself, in other words dragging a person from a Kombi and whilst they are lying down, shooting them in cold blood.

I am sure if I was told that this is the same - this is that I did, my first reaction would be, to want to say I cannot consider that I could have done this. And I mean it is 11 years since it happened. But we should remember that some of the people with whom you worked were your colleagues have stated what their thinking at that time was. I refer in particular to the testimony of Dirk Coetzee which possibly you saw or you did not see when he was pointedly asked why it seemed that it was easy for people to shoot each other.

And in typical Dirk Coetzee replied - he said the life of a black person didn't really count for much in those days. So it's not a question of **dommigheid** that is what I wanted to come to.

**MNR BELLINGAN**:

H'm.

**ADV NTSEBEZA**:

It's conceivable it that was the sic that drove the Vlakplaas operatives, that people could have been shot in that fashion. Not because people are stupid but because it was - it was something that they felt heroic about.

**MNR BELLINGAN**:

H'm.

**ADV NTSEBEZA**:

Some of the videos we have seen have got soundtracks that reflect some of the people there and I can imagine that it was the police persons already imagining headlines that would be following the killing. And the manner in which it is said, is reflective of glee and heroism.

And now the Law says we must examine those things and that is what we - I am saying these things because - of course your attorney would have told you this, that it is not for me to say I disbelieve you. I simply say when I've heard other evidence, which - which may be critical evidence, at some stage to the extend that I would have to influence decisions and findings. Then to that extend I would be able to take into account your evidence and the evidence of others and I still - I am simply saying there is an opportunity either today or at some other stage, for you to take a very serious look at those events. But not to be deterred from recalling even those things about which you are horrified when you look back on things to stop you from being [indistinct] with this process.

It is a process that we don't enjoy being a part of but it has to be done in the interest of the aims of the Act.

**MNR BELLINGAN**:

Mnr die Voorsitter baie dankie ek luister wat u sê en soos ek weer eens gesê het as ek verkeerd was, sou ek vandag gesê het jammer ek is verkeerd, ek is spyt ek was op die Eenheid gewees en ek het daai tipe dinge gedoen. Maar wat my gedagtes van daai dag is, is wat ek vir u sê.

As daar bewering is dan moet ek - ek die minste wees en om verskoning vra en sê dan die oorwig van waarskynlikheid is die mense sê dan ek jok. Maar ek kan dit nie so onthou nie, dis hoe ek dit onthou.

En dan nog 'n ding wat ek vir u duidelik wil sê en ek wil nie in die verlede ingaan nie maar ek het 'n swart mens nog altyd gerespekteer en ek doen dit nog altyd ek het met hulle grootgeword, ek wil nie geassossieer met Dirk Coetzee en sy uitlatings nie, ek is jammer om dit te sê, dis iets om van siek te word. Baie van die goed, hy wil so asof ons swartes gehad het - as daai Terroriste wit was, het ons hulle ook doodgeskiet, want ons het dit geglo in wat ons doen vir ons land.

Ek het op 'n stadium was daar , 'n regses wat moes gearresteer word terwyl ek by die Teen Spioenasie afdeling van die polisie was en ek het ook gesê daai aand, ek sê as die manne moet die wapen ontneem, moenie bang wees om hulle aan te vat nie, ons land het dit nie nodig nie. Daar is nie tyd vir sulke goed nie, soos hierdie drie regses wat nou in Worcester betrokke was en dit nie.

Ek was en ek het so grootgeword by my het dit nie gegaan of jy swart, wit of geel was nie, ek - ongelukkig was die ANC 99% was hulle swart en ander kleurige lede gewees en nie wit nie, maar my standpunt is net ek en 'n swartman kom en 'n Kleurling en 'n wit man kom baie goed oor die weg en ek probeer nie daardeur nou mooi woorde maak nie en dit nie [onduidelik] maar u kan maar in my verlede gaan kyk en dit.

As die Terroriste wit was sou ons met hulle miskien dieselfde gedoen het, sou maar net so asseblief moenie my in Dirk Coetzee se kategorie sit nie, ek wil 'n bydrae nog tot my land hê. Dirk Coetzee lewe net in - in die verlede hy moet ophou en hy moet iets doen om die land veilig te hou. Kom ons - ons vat eerder hande en ons probeer misdaad afdruk en daai tipe goed as om net die heeltyd klippe te gooi en nou is dit en al wat ek net kan sê ek dink niks van 'n politikus nie, dis 'n ding om van siek te word. So ek wil net nooit weer en ek sal niemand ooit aanraai om weer by sulke goed betrokke te raak nie en ek sal - as ek solank as wat ek lewe sal ek 'n stokkie daarvoor steek, want jy is 'n **useful idiot** vir 'n **politician** en vir

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

'n Generaal, want hulle het jou net gebruik soos 'n prostituut soos Eugene gesê het en dan los hulle jou op die strate.

So verstaan my mooi, ek wil graag rekonsiliasie in die land hê en ek wil die goed agter die rug kry, ek weet ons mors tyd en u het beter dinge om te doen. So as ek moet om verskoning vra sal ek gaan om verskoning vra vir die mense wat ek verkeerd mee was. Dankie mnr die Voorsitter.

**ADV NTSEBEZA**:

I see that you are already at five o' clock.

**MR KHOISAN**:

Ms Holmes with your permission Mr Chairman Ms Holmes has one further question and then we will wrap up.

**ME HOLMES**:

Het u enige van die vuurwapens wat Eric en Jimmy oorspronklik geneem het na die groep toe, het u dit teruggekry?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MNR BELLINGAN**:

Ja.

**ME HOLMES**:

Wat het u toe daarmee gemaak?

**MNR BELLINGAN**:

Dit sou teruggegaan het Hoofkantoor toe na waar dit moet gaan.

**ME HOLMES**:

Dan is daar ook nog 'n vraag - hoekom was die toneel agterna skoongemaak?

**MNR BELLINGAN**:

As u sê skoongemaak hoe bedoel u?

**ME HOLMES**:

Gewas - afgewas die bloed afgewas van die pad af - hoekom was dit gedoen.

**MNR BELLINGAN**:

Nee dit moet ons vir die ondersoekbeampte vra, maar as ek die ondersoekbeampte was sou ek dit ook gedoen het, dis normale praktyk as u gaan kyk by bankrowe en dit ook, dan was hulle dit af, want ek meen dit lok vlieë en al daai goeters, so [sin onvoltooid]

**MR KHOISAN**:

Okay and just I find - you've admitted that you - that the person that you shot Zabonke John Khonile is the person who's photograph you've seen. Now he emerged from the same vehicle that was being driven by Jimmy Mbane.

So I find it - I find it puzzling that at no point saw Jimmy Mbane who was according to your own recollection of him a very recognisable figure, how come you didn't see Jimmy Mbane.

**MNR BELLINGAN**:

U moet darem onthou ek word geskiet met die eerste ontploffing en die skote. Daar staan die bussie blykbaar al, Jimmy hardloop weg, ek gaan om die voertuig, dis sekondes wat verbygaan ek meen dit - dis mos moontlik. Ek het hom nie gesien nie so, en as ek hom gesien het sou ek dit gesē het ek meen hoekom moet ek dit verdoesel ek meen [sin onvoltooid]

**MR KHOISAN**:

Okay, and why didn't you mention Vlakplaas in any statement in the inquest in the trial - why does - why is there no mention of Vlakplaas or the involvement [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

Dit was 'n normale praktyk en opdrag van bo ons praat van C-1 die Teen Terroriste-eenheid, ons het nooit die woord Vlakplaas genoem nie en dit was in die begin was dit 'n geheime operasie met 'n koverte naam, **Operation Vlakplaas**.

**MR KHOISAN**:

But Murder and Robbery knew that the [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

Ja dit was onder mekaar maar ons het dit nie in die pers, dit was net praktyk [intervention]

**MR KHOISAN**:

But why [tussenbeide]

**MNR BELLINGAN**:

Ons mag dit nie gedoen het nie.

**MR KHOISAN**:

Why did Murder and Robbery not put that in their report - did you instruct them to do that.

**MNR BELLINGAN**:

Nee ek het nie [intervention]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR KHOISAN**:

Was it common practise for Murder and Robbery to cover Vlakplaas operations?

**MNR BELLINGAN**:

Nee dit kan ek nie sê nie.

**MR KHOISAN**:

Okay, right.

**MS BARENDS**:

On that same question, I know it's late Mr Chairman but just to complete this line of questioning. It has already been stated that Murder and Robbery was part of the planning of the event and from what I can remember it was - well I don't know his rank at the time but Kleyn was present at these gatherings on behalf of Murder and Robbery.

Murder and Robbery then investigated te case later, so one could assume that Murder and Robbery personnel were very aware of the

involvement of yourself as coming from C-section in Pretoria is that correct?

**MNR BELLINGAN**:

Pretoria - ja.

**MS BARENDS:**

So for me to return to the question, if they knew this information, why as the investigators in the case, did this information never come to public light, that's number one and number two it's not the first time that this situation in terms of Murder and Robbery investigations occurs with Vlakplaas operations.

So back to the question of Zenzile Khoisan, was it normal practise because not in any of those operations where Murder and Robbery investigated where Vlakplaas was involved did this information ever emerge at that time. It is only seeing the light of day now - so one has to ask in your view. It's not a memory questions.

**MNR BELLINGAN**:

Nee, dit was as ek dit reg ook kan onthou was dit 'n normale ek sal nie sê praktyk nie, maar Kolonel De Kock het altyd gesê laat die beste ouens dit ondersoek. Ek sal nie byvoorbeeld die ouens wat die **bicycle** diefstalle ondersoek sal dit ondersoek nie, laat die beste ouens dit ondersoek.

So dit was 'n normale - ek kan sê normale want dit het deur die land Durban, Johannesburg, Oos-Kaap, Moord en Roof het altyd die ondersoek gedoen, so dit was **ten to one** ook 'n storie van bo gewees. Maar ek het nie persoonlik kennis gedra daarvan nie, maar jy kan afleidings maak.

**MR KHOISAN**:

Okay we have no further questions Mr Chairman, we thank the witness and we of course we hope that you know you try to in the time that is

available to you now, try to refresh your memory and we hope that large blocks of your memory might just return and so that [intervention]

**ADV NTSEBEZA**:

Mr Khoisan you are wasting our time, thank you.

**MR BRITS**:

Mr Chairman I hope that's before the 10th of May.

**ADV NTSEBEZA**:

Well it remains for me to thank you Mr Brits for having accompanied you to - for having accompanied your client to these proceedings and I know that it - it is not easy to be taken away from your practise and coming and spent a day and feel you have not really worked because even the Chairperson stops you from making your points and exercising your rights.

**MNR BELLINGAN**:

He is making money.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV NTSEBEZA**:

But that is in the nature of things. Let me not waste further of your time, save only to say we believe that we have done what we had to do today and - but there is always a possibility that a witness might be recalled if certain new evidence emerges.

But for the moment I think you are excused and thank you very much further.

**MNR BRITS**:

**Mr Chairman** kan ek net vra het ek nie 'n kans op herondervraging nie nou ek het 'n hele paar notas wat ek net graag sou wou ophelder ek weet ons het nou uit tyd uit gehardloop. Kan ons dit nou maar dan laat oorslaan na 'n volgende geleentheid? As dit - as dit moontlik is, hier is -

soos met my notas het ek 'n hele paar vrae wat ek graag sal aan die getuie weer wil stel, ek weet ons is nou uit tyd uit, en soos u nou net tereg gesê het daar is 'n moontlikheid dat hy later terugkom, as ek net kan sê laat ons daai - ten minste daai reg kan voorbehou. Ek het my notas om by 'n later geleentheid net herondervraging al op 'n geskikte tyd wat u pas as ons terug kan kom as hy sy - ek wil nou nie laat hy hieroor of daaroor uitbrei nie maar as hy terugkom op 'n latere stadium en sy geheue is miskien byvoorbeeld beter, dan kan ek sy getuienis net op herondervraging weer lei, as dit moontlik is.

**ADV NTSEBEZA**:

I don't think there will be a problem with arranging a further recall or a further - ja a further recall of the witnesses, ja I think that will be arranged between yourself and - and Ms Barends. And we will get to know what the arrangement is as and when you have come to an agreement.

For the moment the matter is adjourned.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**MR BRITS**:

Thank you Mr Chairman.

**MR BELLINGAN**:

Thank you sir, thank you Mr Potgieter.